



HUMANITAS
RGN • HSRC

skoolvoorligting in belgië

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068 HSRC
0 51

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 HSRC 0 51	49405/4

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. A.L. Kotzee

Vise-presidente: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

Sekretaris: Mej. K.M. Henshall

Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing
 Inligting en Spesiale Dienste
 Kommunikasienavorsing
 Mannekragnavorsing
 Navorsingsontwikkeling
 Opvoedkundige Navorsing
 Psigometriese Navorsing
 Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
 Statistiese Navorsing
 Taal, Lettere en Kuns
 Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

04940514

0000391550



001.3072068 HSRC 0 51



* 0 3 6 1 5 5 *

2844363866



*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING*

SKOOLVOORLIGTING IN BELGIë

S.G. LOMBAARD, B.A., B.Ed., M.Ed.

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

PRETORIA

1976

Verlag nr. **0-51**

Slegs in Afrikaans verkrygbaar
Kopiereg voorbehou
Prys: R1,95

001-3072068
HSRC OSI

G

049405 4

ISBN 0 86965 350 4

DANKBETUIGING

'n Woord van dank en waardering word uitgespreek teenoor mnr. G.A. Loubser en die personeel van die Suid-Afrikaanse Ambassade in België, asook 'n besondere woord van dank en waardering aan die Belgiese Ministeries van Buitelandse Sake en Nasionale Opvoeding vir die reëlings wat vir die Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die RGN getref is, om deskundiges op die gebied van skoolvoorligting te besoek en samesprekings te voer.

Aan die volgende persone word 'n besondere woord van dank gerig vir hulle bereidwilligheid om samesprekings te voer, publiskasies beskikbaar te stel en vraelyste in te vul:

MNR. R. SMET, Inspekteur-generaal van Tegniese Onderwys, BRUSSELS.

MNR. L. POLENTIER, Inspekteur-generaal van Laer- en Kleuteronderwys, BRUSSELS.

MNR. H. CORIJN, Inspekteur-generaal van Sekondêre Onderwys, BRUSSELS.

Die hulp wat hierdie persone verleen het om 'n beeld van België se onderwys- en skoolvoorligtingstelsel te verkry, het dit moontlik gemaak om hierdie verslag saam te stel.



J.B. HAASBROEK

Direkteur: Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

P R E T O R I A

V O O R W O O R D

In die verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêreskool-vlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die RSA en vir SWA, is sekere basiese riglyne neergelê vir 'n opvoedkundig verantwoordbare stelsel van skoolvoorligting. Die aanbevelings wat in die betrokke gedeelte van die verslag opgeneem is, is die gevolg van uitgebreide navorsing oor die destyds gangbare praktyke van skoolvoorligting in die RSA, SWA en enkele oorsese lande. Die voorgestelde skoolvoorligtingstelsel was bedoel om as geïntegreerde hulpdiens van die onderwysstelsel daadwerklik by te dra tot die doeltreffende implementering van die voorgestelde stelsel van gedifferensieerde onderwys vir die RSA en vir SWA. Die inisiatief is aan die verskillende onderwysdepartemente oorgelaat om op grond van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967, en binne hierdie voorgestelde breë raamwerk 'n eie voorligtingstelsel uit te werk en te implementeer.

Dit is egter belangrik dat daar voortdurend navorsing gedoen word om kennis te neem van nuwe ontwikkelinge wat op die gebied van skoolvoorligting in ander lande ingetree het. Sodoende word voortdurend nuwe insigte na vore gebring wat daartoe kan bydra dat 'n meer verantwoordbare en terselfdertyd 'n meer doeltreffende skoolvoorligtingspraktyk in die RSA tot stand gebring kan word. Die inisiatief tot sodanige navorsing het uitgegaan van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing omrede hierdie Instituut van meet af aan gemoeid was met die formulering van die nasionale skoolvoorligtingstelsel waarna reeds verwys is.

Wat die onderhawige verslag betref, dien dit vermeld te word dat die voorligtingsdienste in België op enkele uitsonderings na die werkerterrein van nie-onderwysinstansies is. Daar is nietemin gepoog om aan te dui in welke mate die verskillende voorligtingsdienste met die onderwys skakel en derhalwe is in hierdie verslag ook kortliks 'n bespreking van die Belgiese onderwysstelsel gegee.

Wat die voorligtingsdienste self betref, is aangedui in welke mate elk van die verskillende bestaande dienste in België voorsiening maak vir onderwys-, persoonstruktuur- en beroepsvoorligting. In sommige gevalle het die beskikbare literatuur en ander inligtingsbronne egter nie genoeg inligting bevat om 'n volledige beeld te kon gee nie.

Die verslag oor skoolvoorligting in België maak egter slegs deel uit van 'n omvattende projek van skoolvoorligting in verskillende oorsese lande en in die RSA. Die doel is om eventueel die verskillende stelsels wat beskryf is met mekaar te vergelyk. Met die oog hierop is die voorligtingsdienste in België, soos ook die voorligtingsdienste in die ander lande wat by die ondersoek betrek is, beskryf aan die hand van die doel met skoolvoorligting, die beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsdienste, die opleiding van personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdienste, en die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

Ek vertrou dat hierdie verslag vir onderwysdepartemente, doserende personeel aan tersiêre onderwysinrigtings, skoolvoorligters aan skole, personeel van skoolvoorligtingsdienste en studente van waarde sal wees, en wel in dié sin dat hierdie verslag die belangrikheid van skoolvoorligting sal beklemtoon.



WAARNEMENDE PRESIDENT

Julie 1976

I N H O U D

HOOFSTUK		BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING		iv
1	PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN METODE VAN ONDERSOEK	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Doel met die navorsing	1
1.3	Metodologiese verantwoording	2
1.4	Inhoud van die verslag	3
2	'N GLOBALE OORSIG OOR DIE ONDERWYSSTRUKTUUR IN BELGIË	4
2.1	Die bepalings en implikasies van die grondwet van 1831 vir onderwys in België	4
2.2	Algemene kenmerke van die onderwysstelsel	4
2.3	Die skoolverbond	8
2.4	Begripsverheldering ten aansien van die Belgiese onderwysstelsel	9
3	KLEUTERONDERWYS IN BELGIË	13
3.1	Inleiding	13
3.2	Die noodsaaklikheid van kleuterskole in België	14
3.3	Die doelstellings van die vernieude kleuterskool	14
3.4	Die implikasies van onderwysvernuwing vir die opleiding van kleuteronderwyseresse	16
4	PRIMÊRE ONDERWYS IN BELGIË	18
4.1	Inleiding	18
4.2	Vernuwing ten aansien van primêre onderwys in België	19

HOOFSTUK		BLADSY
5	SEKONDÊRE ONDERWYS IN BELGIË	26
5.1	Die struktuur van die sekondêre onderwys	26
5.2	Sekondêre onderwys in die lig van vernuwing	28
6	ONDERWYSERSOPLEIDING IN BELGIË	45
6.1	Oriënterende oorsig	45
6.2	Onderwysersopleiding	45
6.3	Die opleiding van kleuterleidsters	47
6.4	Die opleiding van "regenten"/"leraars lager secundair onderwijs"	47
6.5	Die opleiding van "geaggregeerde leraars"	48
6.6	Samevatting	49
7	DIE PSIGO-MEDIES-SOSIALE WERK IN BELGIË	50
7.1	Die ontstaan, reglementering en werking van die PMS-sentra	50
7.2	Samewerking tussen verskillende dissiplines	56
7.3	Die werk van die psigoloog	56
7.4	Die werk van die medikus	60
7.5	Die werk van die verpleegsters	62
7.6	Die werk van die sosiale-assistent	65
7.7	Beroepsinligting	67
7.8	PMS-sentra en die "vernieuwd secundair onderwijs"	68
8	SAMEVATTING	77
8.1	Inleiding	77

HOOFSTUK	BLADSY
8.2 Doelstellings met skoolvoorligting in België	78
8.3 Beheer en organisasie van skoolvoorligting	81
8.4 Opleiding van personeel verbonde aan die voorligtingsdiens in België	85
8.5 Die aard en inhoud van die skoolvoorligtings= programme	87
8.6 Slotopmerking	90
LITERATUURLYS	92
DIAGRAMME	
2.1 VERSPREIDING VAN PRIMERE SKOOL-LEERLINGE TUSSEN DIE ONDERSKEIE ONDERWYSSEKTORE IN BELGIË	6
2.2 VERSPREIDING VAN PRIMERE SKOOL-LEERLINGE VOLGENS VOERTAAL IN BELGIË	7
4.1 'N UITEENSETTING VAN DIE BEGELEIDINGSTELSEL VIR DIE PROJEK VLO IN BELGIË	21
5.1 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VERNIEUDE ONDERWYSSTRUK= TUUR IN DIE NEDERLANDSE STAATSONDERWYS	32

S U M M A R Y

The aim of this report was to investigate the extent to which the Belgian guidance systems make provision for person structure guidance, educational guidance and vocational guidance. It was not the intention to scrutinise the effectiveness or validity of the particular practice as such, but only to study the various methods according to which the aims of the three above-mentioned guidance elements are realized, and to discuss them in the final chapter by way of a synopsis. In order to accomplish this it was necessary, in the first place, to describe the system of education in Belgium, in which reference was made to policy as well as structure. The guidance system(s) in Belgium which serve school-going young people should, after all, in one way or another, take the educational policy and structure into consideration. As far as the system of education itself is concerned, only the basic structure was described without going into the matter in detail. The aim of this chapter was merely to indicate the extent to which the need for guidance is apparent within the educational context and furthermore, the degree in which existing educational practice, is able to satisfy its requirements.

However, the central theme of the study dealt with the existing guidance services in Belgium. In this regard, the guidance services within the educational context as well as those outside education were subjected to close scrutiny. In the description thereof, attention was devoted, as far as possible, to the aims of school guidance, its control and organization, the personnel attached to the various guidance services and the nature and content of their programmes.

In the chapter which serves as a synopsis, it is the intention to arrive at an eventual discussion of the aims, control and organization, the staff position and the nature and content of the various programmes and to determine the extent to which each of the above-mentioned services does in fact make provision for person structure, educational and vocational guidance in respect of the matters mentioned above. This final chapter will eventually serve as a link after all the particulars of the systems which have been described in the above-mentioned manner, have been condensed in order to provide a basis upon which new insights will be sought for a school guidance practice in the RSA.

OP S O M M I N G

Die doelstelling met hierdie verslag was om ondersoek in te stel na die mate waarin die Belgiese voorligtingstelsels voorsiening maak vir persoonstruktuurvoorligting, onderwysvoorligting en beroepsvoorligting. Die bedoeling was nie om die doeltreffendheid of geldigheid van die besondere praktyk as sodanig onder die soeklig te plaas nie, maar slegs om na die verskillende realiseringswyses van genoemde drie voorligtings-elemente te soek en dit by wyse van 'n samevatting in die laaste hoofstuk aan die orde te stel. Om daarby te kon uitkom, was dit allereers nodig om die Belgiese onderwysstelsel te beskryf waarin sowel na beleid as struktuur verwys is. Die voorligtingstelsel(s) in België wat die skoolgaande jeugdige bedien, moet immers op een of ander wyse met die onderwysbeleid en -struktuur rekening hou. Vir sover dit die onderwysstelsel as sodanig betref, is slegs die basiese struktuur beskryf sonder om op fyner besonderhede in te gaan. Die doel met hierdie hoofstuk was slegs om aan te dui in hoeverre daar binne die onderwys 'n behoefte aan voorligting is en voorts in hoeverre die bestaande onderwyspraktyk self in sy behoeftes voorsien.

Die sentrale tema van die studie was egter die bestaande voorligtingsdienste in België. In dié verband het die soeklig geval op sowel die voorligtingsdienste binne die onderwys as dié buite die onderwys. In die beskrywing daarvan is vir sover moontlik aandag gegee aan die doelstellings met skoolvoorligting, die beheer en organisasie daarvan, die personeel verbonde aan die verskillende voorligtingsdienste en die aard en inhoud van hul programme.

In die samevattende hoofstuk is die bedoeling om die doelstellings, die beheer en organisasie, die personeelposisie en die aard en inhoud van voorligtingsprogramme van die verskillende dienste uiteindelik saam te trek en te bepaal in hoeverre elke genoemde diens ten opsigte van die sake hierbo genoem wel voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Hierdie laaste hoofstuk sal uiteindelik as aansluitingspunt dien wanneer al die besonderhede omtrent die stelsels wat op bogenoemde wyse beskryf is, saamgetrek word om as 'n basis te dien waaruit na nuwe insigte vir 'n skoolvoorligtingpraktyk vir die RSA gesoek sal word.

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Hierdie studie maak slegs deel uit van 'n omvattende ondersoek na die skoolvoorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en 11 oorsese lande waaronder Skotland, Wes-Duitsland, België, die provinsie Ontario van Kanada, Oostenryk, Switserland: Kanton Zürich en Genève, Nederland, Denemarke en Swede, die VSA en Frankryk. In die onderhawige verslag gaan dit slegs om die voorligtingsdienste in België wat in samehang met die Belgiese onderwysstelsel beskryf sal word.

1.2 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met die totale navorsingsprogram is nie in die eerste plek daarop gemik om 'n radikale wysiging in die reeds voorgestelde stelsel of 'n totaal nuwe praktyk vir die RSA voor te skryf nie. Sou dit wel die uitkoms wees, moet dit hoofsaaklik toegeskryf word aan talryke nuwe insigte wat uit hierdie navorsing gespruit het. Die doel met die omvattende navorsingsprojek het twee aspekte, wat ter wille van 'n duidelike sisteem in die navorsingsprogram in twee fases afgehandel sal word.

1. In die eerste plek word ondersoek ingestel na die huidige stand van sake vir sover dit skoolvoorligting in die RSA, SWA en elf oorsese lande betref. Vir sover dit die oorsese stelsels betref, is die bedoeling om slegs 'n feitelike beskrywing aan te bied sonder om enigermate die betrokke stelsels kwalitatief te beoordeel. Wat die RSA en SWA betref, geld dieselfde benadering, behalwe dat dit ook 'n doelgerigte soeke na bepaalde leemtes in die gangbare praktyke impliseer met die doel om dit te bepaal, te beskryf en te evalueer.
2. Die navorsingsbevindings uit die eerste fase kulmineer eventueel op tweeërlei wyse in die tweede en hoofdoelstelling. Eerstens sal dit 'n poging wees om die leemtes wat in die gangbare skoolvoorligtingspraktyke van die onderwysdepartemente in die RSA en in SWA aan te wys is, aan te vul met die nuwe insigte wat na vore getree het tydens die eerste fase van die ondersoek. Terselfdertyd word die moontlikheid geskep om 'n herwaardering en moontlik selfs 'n herformulering van sekere aspekte van die reeds voorgestelde stelsel te maak.

In hooftrekke gaan dit in die breë navorsingsprogram om 'n ondersoek na die huidige stand van skoolvoorligting in die RSA, SWA en elf oorsese lande. Vir sover dit die RSA en SWA betref, gaan dit benewens die feitelike situasie ook nog om 'n doelbewuste soeke na bepaalde leemtes in die praktyk. By die oorsese stelsels word die beskrywing slegs tot die feitelike situasie beperk. Hierdie projek insake skoolvoorligting in België is 'n sistematiese beskrywing van die stelsel of stelsels wat in België vir die huidige in werking is. Die bedoeling is nie om die verantwoordbaarheid of die doeltreffendheid van die betrokke stelsel(s) te beoordeel nie, maar om die situasie so volledig moontlik te beskryf volgens die inligting wat daarvoor beskikbaar is. Dit sal egter nie in alle gevalle moontlik wees om die volledige beeld weer te gee nie omrede die beskikbare bronne nie volledig oor alle aspekte handel nie. In die lig hiervan sou dit ook nie geregverdig kan word om die verskillende stelsels na hulle verantwoordbaarheid en doeltreffendheid te beoordeel nie.

Dit is belangrik dat vir die ondersoek van die verskillende lande se stelsels 'n vergelykende basis van beskrywing sal geld, ten spyte van die diversiteit in stelsels. Hierdie basis moet as riglyn dien aan die hand waarvan die verskillende lande se stelsels beskryf kan word. Die benadering wat deurgaans van toepassing sal wees, is om vas te stel in welke mate elke stelsel voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting en alles wat daarmee saamhang aan skoolgaande jeugdiges.

1.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Hierdie deel van die navorsingsprojek word onderneem aan die hand van vraelysgegewens wat van voorligtingsinstansies in België ingewin is, asook aan die hand van onderhoude wat die Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing tydens sy buitelandse studiereis met amptenare belas met voorligting in België gevoer het. Dit word aangevul uit inligtingstukke wat deur verskillende voorligtingsinstansies aan die AGN beskikbaar gestel is. Aanvullende literatuurstudie, vir sover literatuur beskikbaar is, sal ook onderneem word.

Wat die beplanning vir die beskrywing van die afsonderlike stelsels betref, is deeglik rekening gehou met sekere praktiese probleme waarna reeds verwys is. Vanweë die diversiteit van die verskillende stelsels wat beskryf word en op grond van die ontoereikendheid van inligtingstukke in sommige gevalle, is dit nie altyd moontlik om die beskrywings van die stelsels kategoriees met mekaar in ooreenstemming te bring nie. Wat die

beskrywing van elke afsonderlike stelsel betref, word nie 'n rigiede struktuur gehandhaaf nie, maar opsommenderwys is dit noodsaaklik dat elke ondersoek afgesluit word met 'n hoofstuk wat om bepaalde redes struktureel dieselfde vir almal sal wees. Hierin word op 'n streng sistematiese wyse aangetoon in welke mate elke betrokke land se voorligtingstelsel ten aansien van bepaalde aspekte voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Hierdie bepaalde aspekte sluit in:

- a. Die doel met skoolvoorligting.
- b. Beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsprogram.
- c. Die opleiding van personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdiens.
- d. Die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

Voorligtingsdienste wat hulle ten doel stel om skoolgaande kinders behulpsaam te wees ten aansien van sake wat in 'n mindere of meerdere mate met hul skoolloopbaan verband hou, moet noodwendig op een of ander wyse skakeling met die onderwys as sodanig hê. Om die juiste plek en waarde van hierdie dienste te bepaal, is dit dus nodig om ook 'n kort beskrywing te gee van die onderwysbeleid en -stelsel waarbinne hierdie dienste funksioneer. Dit gaan per slot van sake in hierdie ondersoek om dienste wat as skoolvoorligtingsdienste kwalifiseer, juis omdat hulle hul met skoolgaande jeugdige bemoei.

1.4 INHOUD VAN DIE VERSLAG

Aangesien die onderwysstelsel in België pas 'n totale vernuwing ondergaan het, is hoofstuk 2 gewy aan 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van onderwys in België. In Hoofstukke 3, 4 en 5 is die vernieuëde onderwysstelsel op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwysvlak beskryf en die implikasies van die vernuwing in die onderwys vir onderwysersopleiding is in hoofstuk 6 toegelig. Die voorligtingstelsel in België is in hoofstuk 7 breedvoerig bespreek, en daarna in hoofstuk 8 saamgevat met die klem op die doelstellings met skoolvoorligting, die beheer en organisasie van skoolvoorligting, die opleiding van skoolvoorligters en die aard en inhoud van skoolvoorligtingsprogramme.

HOOFSTUK 2

*N GLOBALE OORSIG OOR DIE ONDERWYSSTRUKTUUR IN BELGIË

2.1 DIE BEPALINGS EN IMPLIKASIES VAN DIE GRONDWET VAN 1831 VIR ONDERWYS IN BELGIË

België is voor 1830 van tyd tot tyd deur verskillende nasies oorheers en regeer. Elkeen van hierdie oorheersers het hul eie stempel op die Belgiese onderwys afgedruk deur die stelsel na willekeur te wysig. Die omvang van hierdie wysigings is ver groot deur die feit dat die opeenvolgende oorheersers boonop van verskillende godsdiensoortuigings was en telkens hul eie oortuigings onder andere deur die onderwys op die Belgiese bevolking wou afforseer. Met hierdie agtergrond in gedagte, kan die onderwysklousules in die Belgiese Grondwet beter begryp word. Die Belgiese Grondwet van 7 Februarie 1831 vorm die juridiese basis waarop onderwys in België gebaseer is. Artikel 17 van genoemde wet bepaal: "Het onderwijs is vrij" (8, p. 1), en het die implikasie dat dit provinsiale besture, stadsrade ("gemeenten") en private instansies vry staan om skole te stig en na goeddunke te bestuur (12, p. 9). Na soveel jaar van onderdrukking is dit te begrype dat die Belge "vryheid" hoog sou aanslaan en dit ten alle koste op elke terrein vir elke volksgroep sou waarborg. Die invloed van die onderskeie oorheersers het met België se onafhanklikheidswording nie verdwyn nie, maar in verskillende streke sterk behoue gebly. Die genoemde artikel in die Belgiese Grondwet het die effek gehad dat die belange van die onderskeie werksgroepe verskans is met die gevolg dat die Belgiese kultuur 'n pluraliteit vertoon wat noodwendig ook in die onderwysstelsel vergestaltung sou vind.

2.2 ALGEMENE KENMERKE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

2.2.1 Dualiteit: "Rijksonderwijs - vrij onderwijs"

Die regering organiseer Rijksonderwijs wat, soos deur die wet bepaal, die beginsel van neutraliteit moet handhaaf deur iedereen se opinie op godsdienstige, politieke of ander gebied te eerbiedig. Hierdie neutraliteit word ook deur provinsiale en stadsbesture in skole onder hulle beheer, gehandhaaf deur in elke primêre en sekondêre skool 'n kursus in Rooms-Katolieke of protestantse of Israëlitiese godsdien en 'n kursus in "niet-confessionele zedenleer" naas mekaar aan te bied (12, p. 11). Die ouers beskik dan oor 'n vrye keuse welke van hierdie kursusse deur hul kinders bygewoon sal word. Omdat godsdienneutraliteit in Rijkscholengehandhaaf moet word, moet ten minste $\frac{2}{3}$ van die

onderwyspersoneel van elke Rijkskool oor diplomas "van het rijksonderwijs" met die endossement "niet-confessionele zedenleer" beskik (kyk onderwysersopleiding in hoofstuk 6). In gesubsidieerde en private skole in België kom hierdie neutraliteit eerder neer op differensiasie.

Die owerhede van die onderskeie geloofsrigtings (veral dié van die Rooms-Katolieke kerk) het ruimskoots gebruik gemaak van die vryheid wat die grondwet hulle bied om hulle eie "vrije" skole te stig. Hierdie onderskeie kerklike owerhede staan soewerein vir sover dit die bepaling van die geloofsdoortuiging waaronder die onderwys in hul eie skole sal staan, betref.

Die Rooms-Katolieke kerk is, wat die aantal lidmate betref, verreweg die grootste kerk in België en oefen beheer uit oor talryke skole. Die Protestantse, Hebreeuse en Orthodoxe gemeenskappe beskik eweneens ook oor hul eie skole. In diagram 2.1 word die verspreiding van die primêre skool-leerlinge tussen die onderskeie onderwyssektore in België uitgebeeld.

Die "vryheid" wat in die grondwet verskans is, vind ook sy neerslag in 'n stroming van denkevryheid met sy sterkste eksponent in die Vrije Universiteit te Brussel wat in 1834 gestig is tydens die oplewing van die gees van vrye ondersoek - 'n filosofies-wetenskaplike denkrigting wat uitgaan van die idee van totale rasionele onafhanklikheid en die verwerping van enige dogma. Die Rijksuniversiteit staan dus neutraal in die sin dat elke professor mag aanspraak maak op akademiese vryheid sodat hy sy kursusse mag klee met die ideologiese inslag van sy oortuiging (8, p. 1).

2.2.2 Gelyke taalberegtiging

Historiese gebeure en geografiese omstandighede het meegebring dat noordelike België oorwegend Nederlandssprekend en suidelike België hoofsaaklik Franssprekend is. Die organisasie van die onderwys hou rekening met hierdie geografiese verdeling van die land in twee taalstreke. Sedert die wette van 30 Julie en 2 Augustus 1963 wat homogene taalgebiede afgebaken het, is Nederlands die enigste onderwystaal in die Nederlandstalige landsgedeelte en Frans in die Franstalige landsgedeelte. In elke taalstreek mag die ander taal nie voor die vyfde studiejaar aangeleer word nie. In die hoofstad, Brussel, word die onderwystaal egter bepaal deur die moedertaal van die kind. In gebiede langs die taalgrens, is die streektaal die taal in die kleuter- en primêre skool maar word die regte van die taalminderheid beskerm deurdat op versoek van 'n bepaalde aantal ouers, onderrig aan hul kinders in hul moedertaal kan geskied. Hierdie beskerming van die regte van die taalminderheid het tot gevolg dat 'n derde

DIAGRAM 2.1

VERSPREIDING VAN PRIMÈRE SKOOL-LÈERLINGE TUSSEN DIE ONDERSKEIE
 ONDERWYSSEKTORE IN BELGIË
 (12, TABEL III)





DIAGRAM 2.2

VERSPREIDING VAN PRIMÈRE SKOOL-LEERLINGE VOLGENS VOERTAAL IN BELGIË



taal, naamlik Duits, die skooltaal van enkele pre-primêre en primêre skole is in die oostelike provinsies van die land wat aan Duitsland grens (33, p. 8). Die diagram op bladsy 7 bied 'n illustrasie van die verdeling van die primêre skool-leerlinge volgens die tale wat in Belgiese primêre skole as voertaal gebruik word.

2.3 DIE SKOOLVERBOND (HET SCHOOLPAKT)

Artikel 17 van die Belgiese Grondwet impliseer 'n tweeledige vryheid ten aansien van onderwys in die land. Eensyds impliseer die vryheid dat dit enige Belg vry staan om skole te stig en daarin onderwys te gee. Andersyds word deur die artikel aan elke Belg die uitdruklike vryheid vergun om nie net die aard van die onderrig van sy kind te kies nie, maar ook die skool waar hy daardie onderrig sal ontvang.

Soos reeds vermeld, is hierdie keusevryheid ten aansien van die onderwys die basis waaruit die "Rijksonderwijs" en "vrije" onderwysstelsels wat in België bestaan, ontwikkel het. Hierdie toestand het eensyds gelei tot gesonde wedywing tussen die twee stelsels, maar andersyds sporadies tot hewige konflikte. Op 20 November 1958 het die drie belangrikste politieke partye (Christelike Volkspartij, de Belgische Socialistische Partij en Liberale Partij waaruit die huidige Partij voor Vrijheid en Vooruitgang later ontstaan het) die "Schoolpakt" onderteken met die doel om 'n einde te maak aan die genoemde onenigheid. Die gees waarin die "Schoolpakt" opgestel is, vorm dan ook die grondslag van die wet betreffende die onderwys van 29 Mei 1959. Die inhoud van die "Schoolpakt" en hierdie wet kan soos volg saamgevat word:

1. Die bepalinge van die ooreenkoms is van toepassing op alle vorme en niveaus van die onderwys, behalwe tersiêre onderwys en musiekonderwys.
2. Die onderwys is demokraties en staan tot iedereen se beskikking. Om hieraan uitvoering te gee, maak die ooreenkoms en wet voorsiening vir kostelose onderwys op voorbereidende, primêre en sekondêre skoolvlak asook vir ruim toelae in die vorm van subsidies en studiebeurse.
3. 'n Permanente kommissie is belas met die opgaaf om oor die implementering van die "Schoolpakt" toesig te hou, in besonder ten aansien van die eenvormigheid van kurrikula en sillabusse, diplomas, vakansies asook die verteenwoordigende samestelling van die sentrale eksamenkommissies.

4. Om uitvoering te kan gee aan die beginsel dat ouers kan kies na watter tipe onderwysinrigting hulle hul kinders wil stuur, was dit nodig om al die skooltipes binne redelike afstand van enige woongebied in België beskikbaar te stel. Daarvoor moes die staat ðf Rijkscholen oprig ðf die bestaande "vrije" skole wat aan die wetlike voorwaardes voldoen, subsidieer.
5. Betreffende Rijksonderwijs sal 'n skoolbouprogram in werking gestel word om so gou moontlik die vryheid in skoolkeuse aan alle ouers in die land te waarborg.
6. In die "vrije" onderwys word die oprigting van skole nie deur die Staat gesubsidieer nie hoewel salarisse en pensioene wel die Staat se verantwoordelikheid is.
7. 'n Vaste bedrag wat wissel tussen 750 en 3 750 frank per leerling per jaar, afhangende van die onderwysfase, word ten aansien van die bedryfskoste van alle "Rijks"- en gesubsidieerde "vrije" skole betaal.

Voorgenoemde skoolverbond van 1959 het 'n tydperk van verdraagsaamheid in die onderwys ingelei wat die regte klimaat geskep het vir die volgende taak, naamlik totale demokratisering van die onderwys in België.

2.4 BEGRIPSVERHELDING TEN AANSIEN VAN DIE BELGIESE ONDERWYSSTELSEL

a. Skooltipes

Sedert die Onderwyswet van 29 Mei 1959 bestaan daar drie kategorieë skole in België, naamlik deur die staat opgerigte en beheerde "Rijkscholen", deur die Staat gesubsidieerde "vrije" skole en nie-gesubsidieerde "vrije" skole. Die deur die staat gesubsidieerde "vrije" skole sluit in "gemeentenscholen, provinciale scholen, confessionele vrije scholen en niet-confessionele vrije scholen". Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal voortaan die terme staatskole vir "Rijkscholen", vrye skole vir gesubsidieerde "vrije scholen", private skole vir nie-gesubsidieerde "vrije scholen", gemeenskapskole vir "gemeenten scholen" en distrikskole vir "Kantonale scholen" gebruik word.

Die onderskeid tussen hierdie skole lê by die instansies wat die skole beheer. So is daar skole wat deur openbare instansies opgerig en beheer word (Staat, distriksbestuur, gemeenskap) en die sogenaamde "vrije" skole wat opgerig is en beheer word deur 'n private instansie. 'n Verdere verskil tussen die skole lê in

die aard van die subsidie wat hulle van die staat ontvang. Alle skole wat aan sekere voorwaardes met betrekking tot struktuur en kernleerplanne voldoen (12, p. 23), ontvang van die staat 'n subsidie met betrekking tot die salarisse van onderwysers en 'n bedryfstoeilaag per leerling. Slegs skole wat deur 'n gemeenskap of provinsies opgerig en beheer word, ontvang 'n bou- en moderniseringssubsidie van die staat. Behalwe hierdie verskille tussen die verskillende kategorieë skole in België, het artikel 6 van voorgenoemde wet tot gevolg dat daar 'n groot verskeidenheid leerprogramme en werkmodes in die skole bestaan. Die artikel lees naamlik soos volg: "Op voorwaarde dat een wettelijk bepaald minimum leerplan en minimum lesrooster in acht worden genomen, beskikt elke inrichtende macht over de vrijheid voor haar onderwysnet en zelf voor elke onderwijsinrichting de lesroosters vast te stellen, onder voorbehoud van goedkeuring door de Minister met het oog op het waarborgen van het studiepeil, haar leerplannen op te stellen. Elke inrichtende macht kiest vrij haar pedagogische methodes" (12, p. 19).

b. Onderwysniveaus

Die struktuur van die staatsonderwys en vrye onderwys is met die "schoolpakt" eenvormig gemaak. In breë trekke behels die struktuur die volgende onderwysniveaus:

- voorbereidende onderwys (kleuterskole)
- eerste niveau (primêre onderwys)
- tweede niveau (sekondêre onderwys met verskillende studierigtings: algemeen vormend, tegniese, kunstsonderwys en normaalsonderwys)
- derde niveau (universitêre en nie-universitêre hoër onderwys met veelvuldige studierigtings)

c. Hoër universitêre en nie-universitêre onderwys

In België word die begrip "hoger onderwijs" gebruik vir alle studierigtings wat studente kan volg na voltooiing van hulle sekondêre onderwys. Hierin word onderskei tussen universitêre en nie-universitêre hoër onderwys. Alhoewel hierdie onderwys-niveau buite die bestek van hierdie ondersoek val, dien daar tog baie kortliks na enkele besonderhede in dié verband verwys te word om die genoemde onderverdeling te verduidelik. Met hoër universiteitsonderwys word 'n drieledige doel nagestreef. Studente ontvang naamlik eerstens 'n hoër algemene opleiding, tweedens spesialiseer hulle tot op 'n bepaalde niveau op professionele vlak en derdens word hulle voorberei in die prosedure van wetenskaplike ondersoek. Universiteitsonderwys in België word behartig deur vier tradisionele universiteite, twee

f. Koëdukasie

Koëdukasie word algemeen toegepas in kleuterskole en hoër onderwysinrigtings asook in sommige sektore van die tegniese onderwys. In die vrye onderwys bestaan die neiging nog om seuns en meisies in die primêre en sekondêreskool-fases in afsonderlike seunskole en meisieskole te onderrig. In elke geval is die kurrikula en sillabusse vir seuns en meisies eenvormig en die diplomas wat hulle verwerf, gelykwaardig.

g. Die Psigies-Medies-Sosiale-Sentra

Sosiale probleme op die onderwysterrein is talryk en uiteenlopend van aard. Die openbare en private sektore van die onderwys werk hand aan hand om die mees geskikte oplossings vir genoemde probleme te vind en werk daarin ten nouste saam met die Psigies-Medies-Sosiale-(PMS-) Sentra se gespesialiseerde personeel op geneeskundige, psigologiese, pedagogiese en sosiale terreine.

Die personeel van hierdie diens probeer alle misverstande by ouers en hul kinders wat belemmerend vir die kind se wording mag wees, te voorkom. Die resultate wat bereik is met die voorligting aan ouers en oriëntering van kinders, was so bemoedigend dat die owerheid die diens na alle skole uitgebrei het (kyk hoofstuk 7).

HOOFSTUK 3

KLEUTERONDERWYS IN BELGIË (PRE-PRIMÊR)

3.1 INLEIDING

Die kleuteronderwys vorm die grondslag van die Belgiese onderwys. Hoewel die kleuters nie wetlik verplig word om kleuterskole by te woon nie, is meer as 90 persent van die land se kleuters ingeskryf by kleuterskole (8, p. 5; 17, p. 135). Die kleuterskool vorm die oorgang tussen die gesinslewe en die primêre skool. Sedert 1950 is die voorbereidende onderwys (kleuteronderwys) gegrondves op die pedagogiek van dr. Decroly met die volgende uitgangspunte:

- a. Daar moet daarna gestreef word om die skool aansluiting te laat vind by die leefwêreld van die kleuter deur die skoolaktiwiteite uit dié leefwêreld te laat ontstaan.
- b. Die verwerwing van idees verloop vanaf 'n totaalbeeld na analise en eventueel terug na sintese.
- c. Verwerwing van kennis steun op die algemene metode wat gelyktydig 'n beroep doen op die waarneming, assosiasie in tyd en ruimte en ekspressie in al sy vorme.

Aan die hand van voorgenoemde postulate is die kleuterskool omvorm tot 'n skool waar kinders in 'n moederlike atmosfeer saamkom onder leiding van 'n kleuterleidster wat deeglik vir haar taak opgelei is. Kleuters word op indirekte wyse die sin van dissipline en sosiale gedrag geleer terwyl hulle besig is met tekenwerk, kleiwerk, vertellings, sang en dans. Die kleuters leer egter nog geensins om te lees nie.

Die kleuterleidster moet dus nie vir die kinders feite aanleer nie, maar 'n milieu skep wat gunstig is vir die kind se wording en hom in daardie milieu waarneem met die oog op hulpverlening ten aansien van die verwerkliking van elke kleuter se unieke persoonsmoontlikhede.

Administratief vorm die meeste kleuterskole onderafdelings van primêre skole. In die kleuterskool word die kleuters in drie ouderdomsgroepe verdeel. Die skooldag vir kleuters bestaan uit twee sessies, naamlik drie uur in die voormiddag en twee uur in die namiddag.

3.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KLEUTERSKOLE IN BELGIË

Hoewel kinders in België eers skoolpligtig is nadat hulle hul sesde lewensjaar bereik het, bevind meer as 90 persent vier- en 95 persent vyfjarige Belgiese kinders hulle in kleuterskole (24, p. 111). Hierdie algemene en spontane verskynsel het die kleuterskool in België tot 'n onmisbare skakel in die hedendaagse skoolstelsel van dié land gemaak. Die primêre skool het geleidelik geleer om die voorbereidende funksie van die kleuterskool te waardeer en koester selfs vandag hoër verwagtinge ten aansien van die skoolgereedheid van leerlinge wat tot die primêre skool toetree. Die gedagte dat elke skoolfase moet aansluit by die vorige en daaropvolgende skoolfase, kom al duideliker op die voorgrond. "Elk bestaand onderwysniveau is een oorgangperiode naar een voortgezette opleidingsvorm of is schatplichtig aan wat voorafging" (17, p. 111).

Onder die sosio-ekonomiese druk van die moderne maatskappy neem die getal werkende moeders wie se kinders bedags iewers geplaas moet word, steeds toe. Vir hierdie plasing bestaan daar kinder- of peuterskole wat tot onlangs slegs vir die higiëniese versorging van die klein kindertjies verantwoordelik was. Die personeel van hierdie inrigtings was nie opgelei vir pedagogiese begeleiding van die peuters (voor kleuterfase) nie, met die gevolg dat kleuters by toetrede tot die kleuterskool 'n agterstand veral ten aansien van taalverowering vertoon het (17, p. 112). In die lig van die toenemende bewuswording van die belangrikheid van die peuterfase vir die affektiewe wording van elke kind, besef die Belgiese onderwysowerheid dat ook die kleuteronderwys by die onderwysvernuwing betrek moet word. Die peuterskool en kleuterskool doen tans die opvoedingswerk wat vroeër uitsluitlik tuis gedoen is, nie omdat ouers hulle pedagogiese taak op pedagogiese instellings wil afskuif nie, maar omdat hulle daartoe gedwing word deur die sosio-ekonomiese veranderinge en eise van die moderne samelewing. Onder hierdie omstandighede word gevind dat ouers in 'n groter mate bereid is om aan skoolaktiwiteite in die sin van ouerverenigings, skoolrade en ouerkomitees deel te neem (17, p. 113).

3.3 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE VERNIEUDE KLEUTERSKOOLO

Die formulering van die doelstellings van kleuteronderwys in België is tot dusver oorgelaat aan 'n kommissie wat slegs uit pedagoë bestaan. Daar word gewerk aan die gedagte van 'n Nasionale Instituut vir dié doel. In hierdie Nasionale Instituut sal psigoloë, sosioloë, medici en vakspecialiste saam met die pedagoë medeseggenskap hê.

Die hoofsaak van kleuterskole is om 'n vlot oorgang van die gesinsopvoeding na die primêre skool te verseker. Daarom moet die kleuterskool aanvanklik sterk by die gesinsfeer aanleun en geleidelik oorgaan tot skoolgereedmaking. In België word in die onderwys en opvoeding aan kleuterskole rekening gehou daarmee dat die kleuter gedurende die leeftyd fase tussen drie en vyf jaar besondere nood het aan 'n optimale klimaat vir sy emosionele en sosiale wordings (17, p. 115). Die kleuterskool=aktiwiteite sluit dus aan by die spontane belangstelling en aktiwiteite van die kleuters om elke kleuter met inagneming van sy individuele andersheid, te begelei in sy totale persoons=wording.

Die besondere doelstellings van kleuteronderwys is in 'n nuwe leerplan wat haas in werking sal tree (17, p. 115), breedvoerig uitgewerk en omvat kortliks die volgende:

- "1. Hygiëne en sanitare opvoeding.
2. Opvoeding tot veilig wegverkeer.
3. Psycho-motoriese opvoeding.
4. Ontwikkeling van taal en denke.
5. Praktiese aktiwiteite en nabootsingspele.
6. Opvoeding deur waarneming.
7. Taalaktiwiteite.
8. Opvoedende spele.
9. Muzikale en ligamelijke ekspresie.
10. Morele en sosiale opvoeding.
11. Samenwerking tussen skool en gezin" (17, p. 115).

Deur bogenoemde doelstellinge nageset na te streef, sal kleuters aan die einde van hul kleuterskoolfase beslis in baie opsigte skoolgereed wees. Genoemde nuwe leerplan is 'n verbetering op vorige leerplanne veral daarin dat die inhoud, middele en metode so volledig uitgewerk is dat dit vir elke kleuterleidster tot groot hulp sal wees. Dit val egter buite die bestek van hierdie ondersoek om op verdere besonderhede in te gaan.

Daar kan ten slotte verwys word na enkele implikasies van die vernuwing in die kleuteronderwys op die struktuur van kleuter=onderwys. Wetgewing is reeds ingedien om die skooltoelatings=ouderdom te vervoeg van ses jaar tot vyf jaar. Hiermee saam hang die voorstelle dat die kleuterskool ingedeel sal word in 'n peuterskool, kleuterskool en spelleerklas. Die peuterskool het ten doel om kinders van twee tot drie jaar in te neem wie se ouers beide werk, of wat uit 'n sosio-kulturele arm milieu afkomstig is ten einde sodanige agterstand in te haal, of wie se

huislike milieu ongunstig is vir toereikende opvoeding. Hoewel besoek aan 'n peuterskool vrywillig is, word gereelde skoolbesoek nagestreef. Die kleuterskool het die "onthaal en begeleiding van kinders van 3 tot 5 jaar" ten doel. In hierdie afdeling sal besondere aandag bestee word aan die uitkenning van enige gestremdhede en pedagogiese tekortkominge en sal in samewerking met 'n span spesialiste gepoog word om die gestremdhede en tekortkominge waar moontlik, op te hef. Die spelleerklas sal, sodra die skoolplig wetlik vanaf 5 jaar ingestel is, 'n verpligte skoolfase wees vir alle Belgiese kinders. Hierdie fase beoog die skoolgereedmaking van kinders tussen 5 en 7 jaar en sal dus in sy aktiwiteite 'n geleidelike oorgang moet bewerkstellig tussen die kleuterskool en die primêre skool.

Hoewel hierdie drie kleuterfasies ten aansien van metodiek en fisiese ruimte so 'n noue verbondenheid vertoon dat dit 'n eenheid vorm wat verskil van die primêre skool, is tog aanbeveel dat hulle saam met die primêre skool in een gebouekompleks en onder dieselfde bestuur gevestig sal word, aangesien die opvoeding en onderwys van kinders tussen twee en twaalf jaar 'n kontinue gebeure behoort te wees. "De onderscheiden niveau's komen dan niet als scheiding maar als differentiatie in het geheel van de basisopleiding" (17, p. 145).

3.4 DIE IMPLIKASIES VAN ONDERWYSVERNUWING VIR DIE OPLEIDING VAN KLEUTERONDERWYSERESSE

Die pedagogiese bekwaamheid van die kleuteronderwyseresse sal in 'n groot mate die sukses van die vernuwing van die kleuteronderwys bepaal. Die ou praktyk dat studente wat hulle vasloop in die normaalskole vir primêre of sekondêre onderwysers, uiteindelik "in de kleuternormaalscholen terecht komen" is 'n miskennis van die belangrikheid van die wording van 'n kind tot sy sesde lewensjaar. Die besef van die kardinale belang van hierdie vroeë kinderjare vir die totale wording van 'n kind, wen al meer en meer veld. "Van 0 tot 6 leert het kind meer dan in het hele verdere leven" (17, p. 147). Hier word onder leer nie bloot die bybring van kennis bedoel nie, maar "leren ligt hier zowel op het sociale, het individuele, het morele, het lichamelijke, het esthetische als op het intellectuele vlak" (17, p. 147). Voorgenoemde besef het 'n wysiging in die struktuur van die opleiding van kleuteronderwysers noodsaaklik gemaak. "Via de opleiding van de leerkrachten kent men een waarde en een belang toe aan de leeftijdsgroep, waarbij deze leerkrachten terecht komen" (17, p. 147). Daarom is die struktuur van onderwysersopleiding in België in sy geheel gewysig en verhef tot die niveau van

"hoger pedagogische onderwijs". Ten aansien van kleuteronderwys behels die struktuurwysiging dat kleuteronderwysers nou na voltooiing van hul sekondêre onderwys 'n gespesialiseerde kursus oor twee jaar aan 'n hoër pedagogiese onderwysinrigting moet deurloop. "Waar velen beweren dat de kleuterschool een verlengstuk is van het gezin, vergeten wij tot hiertoe dat in een normaal gezin ook de vader een grote rol speelt bij de opvoeding van de kinderen" (17, p. 148). Daarom is kleuteronderwys in België ook vir mans oopgestel soos wat in Skandinawiese lande reeds die geval is (17, p. 148).

HOOFSTUK 4

PRIMÊRE ONDERWYS IN BELGIË (LAGERE ONDERWIJS)

4.1 INLEIDING

Die algemene doelstelling met primêre onderwys in België, is om aan alle kinders 'n basiese opleiding te gee in lees, skryf en rekene. Leerlinge aan die primêre skool wissel normaalweg in ouderdom tussen ses en twaalf jaar. Die onderwys is heeltemal gratis.

Soos in die kleuterskole, berus die onderrigmetode in die primêre skool op die pedagogiek van Decroly en kan die sisteem soos volg saamgevat word:

- a. Voortdurende uitbreiding van die waarnemingsfeer: Die eie omgewing (leefwêreld) van die kind vorm die uitgangspunt van die primêre onderwys.
- b. Assosiasie van skoolse aktiwiteite wat met mekaar verband hou. Spraak, skryf en rekene vorm dus een geheel aangesien differensiering in afsonderlike vakke vir die jong kind nog vreemd is.
- c. Onderrigmetodes en leerstof word aangepas om by die kind se psigiese wordingstand te pas.
- d. Kinders word gemotiveer om self kennis op te doen deur hul persoonlike ervarings in die klaskamer te bespreek en met die hulp van die onderwyser te verklaar.

Die primêre onderwys is ingedeel in drie grade wat elk oor twee studiejare strek. Die onderwysprogramme van die eerste twee grade is gebaseer op 'n studie van die omgewing deur middel van aktiewe waarneming. Die onderwyser leer die kinders om dinge raak te sien, waar te neem en om te eksperimenteer en poog om die kinders die verband tussen mense en dinge in hul omgewing te laat insien. Enkele eenvoudige begrippe en idees uit die lewenswerklikheid word toegelig in gesprekke, tekeninge, rekenkunde, handwerk, opstelle en in relevante kinderlektuur. Gedurende hierdie eerste vier jaar van die primêre onderwys, behels die skoolprogram dus hoofsaaklik moedertaal- en rekenkunde-onderwys. Eers vanaf die vyfde studiejaar kom begrippe soos geskiedenis, aardrykskunde en natuurwetenskap ter sprake.

Sedert 1914 was daar ook 'n vierde graad (2 jaar) aan primêre skole verbonde vir die leerlinge wat nie van voorneme is om ná bereiking van die skoolplig-ouderdomsgrens, verdere onderwys te volg nie. Hierdie voortgesette primêre onderwys voldoen egter nie meer aan die eise van die moderne maatskappy nie en is geleidelik vervang met voortgesette onderwys in die middelbare skole (junior sekondêr), tegniese skole en veral beroepsskole (33, p. 9).

Benewens genoemde onderwysvoorsiening, word daar ook op primêre vlak spesiale onderwys voorsien aan ongeveer 20 000 leerlinge wat liggaamlik of verstandelik gestremd is of sosialiseringprobleme ondervind. Uitkenning van sodanige leerlinge berus by die skoolmediese diens wat 'n wetlike verpligting ten opsigte van alle leerlinge het.

Ten aansien van primêre onderwys belas artikel 45 van die onderwyswet van 1959 elke "gemeente" met die organisasie van 'n gratis mediese ondersoek vir elke leerling in pre-primêre en primêre skole van die Rijk- of gesubsidieerde onderwyssektore. In die praktyk word een of twee medici deur die stads- of dorpsrade ("gemeenteraden") benoem om die dienste aan die gemeenskapskole te behartig en kan 'n verpleegster benoem word om die medikus behulp saam te wees. Die plaaslike owerhede betaal die medikus en verpleegster en voorsien die nodige lokale en materiaal vir die mediese ondersoeke. Elke leerling word by skooltoetreding deur die medikus ondersoek en alle bevindinge word in die leerling se "gezondheidsboekje" aangeteken. Hierdie skoolmedici mag geen behandeling voorskryf nie. Hy besoek elke skool een maal per maand om veral te waak oor die higiëne van die skoolgebou en -terrein. Na elke besoek word 'n verslag aan die burgermeester en kantonnale inspekteur vir primêre onderwys gestuur. In groter sentra word die medikus bygestaan deur spesialiste vir oog-, oor-, neus-, keel-, senu- en tandoendoeninge. Die skoolverpleegster is gewoonlik permanent verbonde aan een of meer gemeenskapskole en versorg daar alle minder ernstige aandoeninge, waak oor netheid van die leerlinge en besoek huisgesinne in gevalle waar leerlinge weens siekte afwesig is (12, p. 79).

4.2 VERNUWING TEN AANSIEN VAN PRIMÊRE ONDERWYS IN BELGIË

4.2.1 Inleiding

Indien die vernuwingsgedagtes ten aansien van kleuteronderwys in België optimaal gerealiseer word, sal daar by kleuters 'n geleidelike opheffing plaasvind van die "kleuterniveau naars die basisniveau, van de speelhouding naars de leerhouding" (22, p. 168). Die taak van die primêre onderwys sal dan wees om die leerlinge


tydens hul primêre onderwys-loopbaan geleidelik gereed te maak vir toetrede tot die sekondêre onderwys.

Vernuwing in die sekondêre onderwys (kyk verderaan) het reeds meegebring dat leerlinge se skoolloopbaan in werklikheid tot hul agtiende jaar en selfs langer, verleng is. Baie leerlinge het vroeër skool verlaat na voltooiing van hul primêre onderwys-loopbaan op twaalfjarige leeftyd, en later op veertienjarige leeftyd na tweejaar verlengde primêre onderwys toe skoolplig na veertien jaar verhoog is. Wetgewing is reeds ingedien om skoolplig na sestien jaar te verhoog en sodoende sekondêre onderwys vir almal verpligtend te maak. Die twee jaar verlengde primêre onderwys is daarom reeds besig om uit die primêre onderwys te verdwyn. "De lagere school verliest daardoor haar karakter van eindonderwijs voor VELEN om te worden basisonderwijs voor ALLEN" (22, p. 168). Waar die primêre onderwys vroeër dus leerlinge moes voorberei vir toetrede tot die volwasse samelewing en beroepswerklikheid, het hierdie taak nou radikaal verander. In die lig van hierdie verandering is daar in België begin met 'n projek: Vernieuwd Lager Onderwijs (VLO). Hierdie projek het die vernuwing van die totale primêre onderwys ten doel.

Uit beskikbare literatuur is dit duidelik dat die Belgiese onderwysowerheid hierdie vernuwing ten aansien van primêre onderwys nie oorhaastig en op 'n lukraak basis van stapel gestuur het nie. 'n "Commissie Strategie" is benoem wat 'n omvattende stelsel van begeleiding moes uitwerk (15, p. 1). Hiervolgens sou die projek aanvanklik in nege skole wat verteenwoordigend sou wees vir die Nederlandstalige onderwyssektor in België, van stapel gestuur word. Elk van hierdie skole met 'n maksimum leerlingtal van 450, moes beskik oor 'n plaaslike ouervereniging, 'n plaaslike inspekteur, die dienste van 'n FMS-sentrum en by voorkeur ook 'n kleuterafdeling (15, p. 7). In diagram 4.1 word 'n uiteensetting gegee van die begeleidingstelsel wat deur voorgenoemde "Commissie Strategie" uitgewerk is ten aansien van die projek: "Vernieuwd Lager Onderwys". Drie projekskole vorm 'n vernuwingkern onder toesig van 'n begeleidingskern bestaande uit "een akademisch-gevormde pedagoog, een praktische pedagoog en een veranderingsdeskundige" (15, p. 8) wat hulle voltyds aan hul begeleidingsopdrag moet wy. Al die lede van die begeleidingskerne vorm saam die begeleidingspan. Die lede van die begeleidingspan kan hulle wend tot 'n steungroep wat bestaan uit hoogstens agt deskundiges met die opdrag om spesifieke studies en informatiewe opdragte uit te voer. Hierdie steungroep kan ook die hulp van buitestanders inroep vir sekere opdragte. Aan die hoof van die totale begeleidingstruktuur staan 'n verantwoordingsgroep bestaande uit verteenwoordigers van die onderskeie skoolstelsels van België, van die nasionale ouervereniging, van die primêre, sekondêre, hoër pedagogiese onderwys en van universiteite en

DIAGRAM 4.1

'N UITEENSETTING VAN DIE BEGELEIDINGSTELSEL VIR DIE PROJIEK VLO
IN BELGIE



PMS-sentra. Hierdie verantwoordingsgroep moet gedurig op die hoogte gehou word met die vordering van die projek VLO en kan te enige tyd 'n evaluering van die projek aanvra.

4.2.2 Doelstellings van die vernude primêre onderwys (VLO) in België

Hoewel beskikbare literatuur geen aanduiding gee van die werklike stand van die onderwysvernuwing op primêre vlak in België nie, kan die doelstellings wat in die projek VLO onder begeleiding van voorgenoemde begeleidingstruktuur nagestreef word, kortliks aangetoon word.

Eerstens word daarna gestreef om die tradisionele en eensydige beklemtoning van intellektuele vorming te vervang met vorming van die totale persoon in wording (22, p. 168). Slegs deur sodanige vorming sal 'n kind in staat wees tot krities-kreatiewe inskakeling by 'n gegewe maar steeds veranderende samelewing. Onderwysers se taak lê dus nie meer in die onderrig van kultuurinhoud ter wille van die kennis daarvan nie, maar ter wille van die vormende, opvoedende waarde van die kultuurinhoud. Die primêre onderwys is dus nie meer gerig op die blote bybring van 'n minimum kennis van leerstof nie, maar geheel en al op die vorming van die totale persoonsmoontlikhede van elke kind. Leerstof moet dus lewensgevee en antwoorde bied aan die spontane vrae van elke kind op sy besondere wordingsniveau. Die kind moet gesteun word tot eksplorاسie, maar ook gesteun word tot integrاسie en verwerking van die massa gegewens waarmee hulle in hul ervaringswêreld gekonfronteer word. Die onderwys moet aansluiting vind by die talle vrae wat mense, dinge, gebeurtenisse en natuurverskynsels by kinders opwek. Die spontane vrae van kinders moet in die lesvoorbereiding geantisipeer en in die lesaanbieding afgewag word. "Ze moet haar gehoor skerp en voor de vragen die van beneden komen want dat zijn de echte. Ze moet het interessant te tot onderwijs maken en niet meer haar onderwijs met allerlei kunstgrepen interessant willen maken" (22, p. 169). Die geskikte lestipe hiervoor is die klasgesprek wat gevolg word deur 'n opdrag om verder te ondersoek en SELF te soek. Deur die leerinhoud aansluiting te laat vind by vrae oor sy eie leefwêreld, word die kind vanuit homself gemotiveer en verkry sy onderwys vir hom sin en 'n doelgerigte karakter.

Tweedens is die vernuwingstendense gemik op die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind eerder as op intellektuele prestasies. 'n Kind is in der waarheid meer as 'n blote leerling. Wanneer 'n kind iets leer, beïnvloed die leerstof sy totale persoonwees op 'n wyse wat nie deur kontroletoeetse gemeet kan word nie. Die wyse waarop hy leer en sy intermenslike

verhoudinge met medeleerlinge en onderwyser is van groter belang vir sy persoonswording as dit wat hy aan feitekennis geleer het. "Wanneer de onderwyser eindelijk eers IN de klas zijn als één van de groep en als de vriendelijke kameraad die MEEDOET, mee=zoekt, meediscussieert, verwonderd is, tegengesproken mag worden en die begrijpt dat tucht niet zamenvalt met stilte en onbeweeg=lijkheid maar dat er een betere tucht is, deze van de boeiende arbeid, van de samenwerken en de echte dialoog, dan vormt hij gunstig de persoonlijkheid van zijn leerlingen en dat is hoofd=zaak op de basisschool" (22, p. 169). Vorming word gesien as dit wat blywend is nadat alles vergeet is – lewenshouding, intellektuele gesindhede, leergierigheid, gerigtheid op die essensiële, kritiese ingesteldheid, konsekwenheid, bereidheid tot samewerking, sin vir ordelikheid, volledigheid en netheid.

'n Derde doelstelling in die projek VLO is dié van sosiale opvoe=ding en interkommunikasie. In die lewenswerklikheid buite die klaskamer bespreek kinders hul probleme met mekaar. Hierdie ontmoeting op intermenslike vlak is binne die klaskamer net so 'n belangrike moment as die didaktiese moment. "Een schoolsysteem waar de leerlingen moeten spreken of schrijven wanneer ze niets te zeggen hebben en zwijgen wanneer ze geïnteresseerd zijn en met vragen zitten, werkt awerechts; met de onzalig gevolgd dat de kinderen zich niet kunnen uitdrukken en niet eens één minuut conversatie kunnen houden ondanks vele lessen in de spraakkunst. De school van morgen zal gesprekssituasies moeten scheppen: er voor zorgen dat de leerlingen iets te zeggen hebben en hun toelaten het te zeggen in echte communicatie" (22, p. 170).

Ten einde voorgenoemde doelstellings te kan verwerklik, is dit nodig dat die inhoud van die primêre opvoeding en onderwys hersien word ten einde onnodige en bowenal leerinhoud wat nie geskik is vir leerlinge op 'n bepaalde wordingsvlak nie, uit te skakel. In België berus die taak om navorsing te doen ten aansien van die geskiktheid, wenslikheid en relevansie van leer=inhoud vir kinders op alle wordingsniveaus by pedagoë aan universiteite. Die sillabusse word aan die hand van die bevindinge van hierdie ondersoeke deur 'n span bestaande uit pedagoë, psigoloë, sosioloë, didaktici en "praktici" hersien. In hierdie gewysigde sillabusse sal die hoofklem val op die vorming van selfstandige denke, die verwerwing van goeie denk=wyses, die verwerwing van 'n positiewe kritiese ingesteldheid en die wendbaarheid van verworwe kennis en insigte.

In die bespreking van vernuwing van opvoeding en onderwys op pre=primêre vlak in België is reeds aangetoon dat die skool in die huidige samelewing in 'n groot mate ook die opvoeding van kinders moet behartig. Hierdie tendens word ook in die primêre onderwys

aangetref. Waar daar vroeër in primêre onderwys aandag aan die opvoedingsaspek bestee is, was dit meestal ten aansien van sedelike en geestelike vorming, maar kennisverwerwing het steeds op die voorgrond gestaan. "Meer en meer moeten we er ons thans van bewus zijn, dat we moeten meehelpen om het kind tot volwassenheid te voeren, dat we het moeten opleiden voor zijn voornaamste opdracht, dit is MENS te zijn, met alles wat dat omvat!" (22, p. 172).

4.2.3 Die implikasies van onderwysvernuwing vir die onderwysers aan primêre skole

Voorgaande vernuwingsgedagtes ten aansien van die opvoeding en onderwys van leerlinge in die primêreskool-fase stel noodwendig hoër eise aan die onderwyser waarmee in sy opleiding deeglik rekening gehou moet word. Die skool moet 'n natuurlike leefmilieu word waar die kind sy totale moontlikhede van menswees optimaal kan verwerklik onder die huidige en taktvolle begeleiding van die onderwyser - 'n leefmilieu waarin vryheid tot verantwoordelike daaglikse aan hom voorgeleef word (22, p. 173) en waarin hy met waardes en norme gekonfronteer word wat later die grondslag van sy eie lewenshouding kan word. Waar hierdie opvoedingsdoelstellings vroeër onbewustelik deur die onderwysers nagestreef is, het die huidige tydsgewrig waarin die primêre skool-leerling hom bevind, dit nodig gemaak dat hierdie opvoedingsdoelstellings bewustelik aangepak word deur elke onderwyser.

Vernuwing en verbetering van opvoeding en onderwys hang in 'n groot mate saam met die bevoegdheid en toegewydheid van die onderwyspersoneel. In België word die feit nie ontken dat onderwys "een negatiewe recruteringskategorie is ingevolge een sociale depreciatie van het onderwijfsambt" (22, p. 186). Die besef dat die oorsake van die huidige onderwaardering van die onderwysersamp in belang van die opvoeding en onderwys ophef behoort te word, dring sterk op die voorgrond in onderwyskringe in België. Een van die wyses waarop die status van die onderwysberoep verhoog kan word, is deur 'n deeglike evaluering van die onderwysersopleiding. In die opleidingsprogramme van toekomstige onderwysers sal deeglik rekening gehou moet word met die vernuwingsgedagtes ten aansien van doelstellings, sillabusse, onderrigmetodes en onderwysstrukture. Waar ten aansien van kleuteronderwys die opleiding van kleuterleidsters verhoog is na die niveau van "Hoër Pedagogiese onderwys", dien noulettend aandag daaraan gegee te word dat die onderwyser vir elke wordingsniveau van die kind in sy opleiding 'n besondere kennis sal opdoen met betrekking tot die aard en wese van die kind op daardie wordingsniveau. Om die doelstelling van kontinue ("doorstroming") vorming van leerlinge van hul derde tot vyftiende jare te verseker, word

daar in België veel aandag geskenk aan die gedagte dat onderwysers se opleidingskursusse verleng moet word. Sodoende sal genoeg tyd beskikbaar wees om die kind in sy totale wordingsgang van 3-15 jaar te leer ken. Daardeur sal 'n kleuter= onderwyser weet waar om heen te stuur met die kleuters wat aan haar sorg toevertrou is en nie net weet hoe om 'n kleuter deur sy kleuterfase te begelei nie.

Die eis word in België al sterker gestel dat ook die primêre onderwys bevrug sal word deur wetenskaplike navorsing wat ten aansien van "pedagogie en leerpsichologie aan hoër instituten van de universiteiten" gedoen word en dat hierdie navorsing ten aansien van die nuwe onderwysvorme, leerstofbeplanning en didaktiese vernuwing in oorleg en in samewerking met onderwysers wat in die praktyk staan, gedoen word. Benewens hierdie navorsing word in Belgiese onderwyskringe sterk gemeen dat die hele kwessie van onderwysersopleiding en opknappingskursusse aan intensiewe wetenskaplike navorsing onderwerp behoort te word.

HOOFSTUK 5

SEKONDÊRE ONDERWYS IN BELGIË

5.1 DIE STRUKTUUR VAN DIE SEKONDÊRE ONDERWYS

Met sekondêre onderwys word in België verskeie doelstellings nagestreef en daarvoor bestaan verskillende onderwysprogramme. Die oogmerk is om elke leerling sodanig te vorm dat hy òf hoër onderwys kan deurloop òf homself suksesvol kan inskakel in die aktiewe beroepslewe. Normaalweg wissel die ouderdom van leerlinge aan sekondêre skole tussen twaalf en agtien jaar.

Sekondêre onderwys in België bestaan uit vier sektore.

5.1.1 Algemeen vormende onderwys

Tradisiegebonde staan die twee afdelings van hierdie sektor van die sekondêre onderwys in België onder benaminge wat nie meer ten volle verband hou met die kurrikula van die afdelings nie. Die afdeling "oude humaniora" wat aanvanklik slegs 'n studie van die klassieke tale omsluit het, moes onder die dwang van die veranderde moderne maatskappy uitgebrei word om naas 'n afdeling vir Grieks-Latyn, ook 'n afdeling Latyn-Wiskunde en 'n afdeling Latyn-Wetenskap in te sluit.

Die afdeling "moderne humaniora" bestaan uit twee onderafdelings. "Wetenskaplike Afdeling A" is op wiskunde toegespits en "Wetenskaplike Afdeling B" is op wetenskap (natuurkunde, skeikunde, biologie) afgestem. Bykomend by genoemde twee onderafdelings, sluit afdeling B ook 'n spesialisering in ekonomiese wetenskappe in. Benewens voorgenoemde horisontale onderverdelings waarin die sekondêre onderwys verdeel is, was dit voor die huidige vernuwing vertikaal onderverdeel in twee fases van drie jaar elk, naamlik die laer en hoër sekondêre fase. Kwalifikasievereistes vir personeel verskil ten aansien van die twee siklusse: In die laer sekondêre fase word "regenten" aangetref wat hul studies aan hoër normaal-onderwysinrigtings deurloop het. In die hoër sekondêre siklus is onderwysers met universiteitsdiplomas, wat ook die akademiese bevoegdheid ("aggregatie") vir sekondêre onderwys verwerf het (kyk hoofstuk 6).

Tot enkele jare gelede is die laer siklus van die sekondêre onderwys beskou as 'n tydperk van verkennings- en oriëntering aan die einde waarvan leerlinge 'n definitiewe studierigtingkeuse moes maak. Sedert die wet van 8 Junie 1964 betreffende die gelykwaardigheid van alle sekondêre studie vir universiteitstoeelating, is die definitiewe studierigtingkeuse 'n jaar uitgestel

tot na voltooiing van die eerste studiejaar in die hoër sekondêre afdeling. Leerlinge kan dus, onderhewig aan enkele vereistes, gedurende hul eerste vier jaar in die sekondêre skool van studierigting verander. Gedurende die laaste twee jaar mag hulle egter nie van studierigting verander nie, omdat die diploma wat toegang tot hoër onderwys verleen n studietyd van twee jaar in dieselfde studierigting vereis.

5.1.2 Tegniese onderwys

Die tegniese studierigting bestaan uit drie siklusse, naamlik die laer sekondêre siklus (leerlinge van twaalf tot vyftien-~~ses~~-tien jaar), die hoër sekondêre siklus (leerlinge van 15-18 jaar). Die derde of hoër siklus wat behoort tot hoër onderwys val buite die bestek van hierdie ondersoek. Die organisasie van die ver- naamste vorme van tegniese onderwys (hetsy suiwer tegnies en teoreties, hetsy meer afgestem op 'n beroep of op die praktyk) val onder die bevoegdheid van die Minister van Nasionale Opvoeding. Seevaartonderwys ressorteer onder die Minister van Vervoer; Aandklasse in landboukunde onder die Minister van Landbou en verpleegstersopleiding onder die Minister van Volks- gesondheid (8, p. 7).

In België word vir sowat seshonderd spesialiseringrigtings in die tegniese onderwys voorsiening gemaak. Die onderwyspersoneel vir die algemeen vormende vakke (kyk hoofstuk 6) bestaan uit "regenten" (laer sekondêr) en "universitair geaggregeerden" (hoër sekondêr). Die tegniese vakke word behartig deur gespesia- liseerde "leeraren" wat 'n bekwaamheidstoets geslaag het.

5.1.3 Kunsonderwys

'n Organiserende wet van 1955 verdeel die kunsonderwys in twee hoofrigtings, naamlik skeppende kurs en musiek. Eersgenoemde rigting berei leerlinge voor vir verdere studie in argitektuur of diverse kunsvorme soos skilder, beeldhou, graveerwerk en ander toegepaste kunsvorme. Hierdie tegniese onderrig word behartig aan "academiën" waarvan die meerderheid deur stadsrade opgerig is.

Musiekonderwys word gegee in "koninklike konservatoria" en musiekskole. Aan laasgenoemde is meestal ook aandklasse verbonde. Op sekondêre niveau behels musiekonderrig kursusse ter voorbereiding vir komposisie en orkestrasie wat in die "musiekakademie" gedoseer word.

Onderwyspersoneel bestaan uit "leraars" vir die algemeen vormende vakke en bekende kunstenaars wat hul talente en ervaring ter beskikking van die musiekstudente stel.

5.1.4 Laer Normaalonderwys

Laer normaalonderwys dien ter opleiding van onderwysers en onderwyseresse vir kleuterskole en laer (primêre) onderwys. Sedert die Tweede Wêreldoorlog is hierdie kursus gelykstaande aan volledige sekondêre studie met spesialisering in onderwysrigting. Van 1 September 1967 af kan 'n onderwysdiploma langs twee weë verwerf word. Die eerste is dat 'n kandidaat na voltooiing van sy laer sekondêre onderwys, die laer siklus (3 jaar) van die normaalonderwys volg waar die leerstof dieselfde is as in die sekondêre skool met reeds enkele spesialiseringskursusse in onderwysrigting. Na afloop van hierdie studie verwerf die kandidaat dan ook die diploma vir hoër sekondêre onderwys en kan hy tot die tweede siklus (2 jaar) van die normaalonderwys toetree vir spesifieke onderwysersopleiding ter verwerwing van die onderwysdiploma.

Die tweede weg is dat 'n kandidaat wat na voltooiing van sy hoër sekondêre onderwys (algemeen vormend) en 'n toelatingseksamen in die onderwysvakke wat in die laer normaalonderwys onderrig word, slaag, tot die hoër siklus van die normaalonderwys toegeelaat word.

5.2 SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE LIG VAN VERNUWING

5.2.1 Inleiding

Aan die begin van die skooljaar 1969-70 is daar in die Rijksonderwys 'n begin gemaak met die sogenaamde "Vernieuwd Secundair Onderwijs" (VSO) in België. In die daaropvolgende skooljaar is die VSO ook ingevoer in 'n klein aantal skole van die Katolieke onderwys. Hoewel die vernuwing aanvanklik deur ouers, leerkragte, skoordireksies en leerlinge met gemengde gevoelens bejeën is, is die stelsel rustig uitgebrei na meer en meer skole en het die houding daarteenoor steeds positiewer geword.

5.2.2 VSO as beslissende keerpunt in die Belgiese onderwys

a. Inleiding

Dit is nodig om die ontwikkeling van die sekondêre onderwys in België van nader te beskou ten einde die ingrypende veranderinge deur die VSO beter te begryp. Hierdie ontwikkeling vertoon globaal gesien, twee fases waarna vervolgens afsonderlik verwys sal word.

b. Ontwikkeling na meervoudige studierigtings

Die veranderinge in die Belgiese sekondêre onderwys in die eerste twee dekades na die Tweede Wêreldoorlog stem baie ooreen met die idees van Marion Coulon (pedagogiese adviseur vir die Minister van Nasionale Onderwys en Kultuur) soos uiteengesit in sy werk *Jeunesse à la dérive* (26, p. 4). In die lig van hierdie werk is dit moontlik om 'n struktuur in die oënskynlik onsamehangende veranderinge in die onderwysstelsel deur die opeenvolgende ministers raak te sien. Coulon beywer hom vir die "eenheids=schoolgedagte" in teenstelling met die bestaande hiërargiese skoolstelsel. So 'n "eenheidskool" moet volgens Coulon in die junior sekondêre fase voorsiening maak vir drie gelykwaardige studierigtings, naamlik "klassieke humaniora", "moderne humaniora" en tegniese studierigting. Coulon stel voor dat die junior sekondêre skool=fase in België 'n oriënteringsfase moet wees. In die senior sekondêre skool=fase word twee literêre studierigtings (klassiek en modern), twee wetenskaplike studierigtings (matematies=fisies en eksperimenteel=wetenskaplik) en 'n tegniese studierigting bepleit (26, p. 6).

Hoewel hierdie voorstelle van Coulon ingrypend was, is dit stuksgewys aanvaar en in die VSO geïnkorporeer. So het sy matematies=wetenskaplike studierigting in die VSO die "Wetenskap A" geword en die eksperimenteel=wetenskaplike studierigting "Wetenskap B" en is sekere kompromieë getref in die daarstelling van tussenrigtings soos Latyn=wetenskaplike en Latyn=wiskundige studierigtings. Ten aansien van die tegniese studierigting is daar egter nog nie konsekwentheid nie en bestaan daar nog geen topklas ter voorbereiding vir universiteitstoetred nie. Dit is egter te verwagte dat uit hierdie studierigting mettertyd 'n volwaardige industrieel=wetenskaplike studierigting sal voortspruit wat aansluiting sal vind by die tegnologiese tydvak waarin ons leef.

Met die implementering van hierdie gedagtes van Coulon is afgewyk van die ou hiërargiese onderwysstruktuur in België en is die weg voorberei vir die gelykwaardigstelling van alle studierigtings in 1964. Die sogenaamde "omnivalentiewet" van 1964 bied aan leerlinge uit alle studierigtings na aflegging van 'n toelatings=eksamen toegangsmoontlikhede tot universiteite.

Hiermee was die aanbevelings van Coulon verwerklik en die eerste fase in die ontwikkeling van die onderwysstruktuur in België afgehandel. Benewens struktuurverandering is ook veel aandag gewy aan leerplanontwikkeling in die Rijks= sowel as vrye=Katolieke onderwys. Ten einde tred te hou met die genoemde ontwikkeling was dit ook nodig om die werkprogram van die

PMS-sentra in die algemeen te wysig om die nodige oriënterende begeleidingsfunksie te kan vervul.

c. Op weg na komprehensiewe strukture

Reeds in 1956/7 is aan ses staatskole 'n eksperiment met 'n duidelik komprehensiewe struktuur begin met die doel om aan leerlinge geleenthede tot selforiëntering te bied deur omskepping van die eerste twee jare sekondêre onderwys tot 'n observasiesiklus waar, naas die gemeenskaplike verpligte vakke, van meet af aan drie keuserigtings aangebied is, naamlik 'n klassieke, 'n moderne en 'n tegniese rigting. Die getal skole wat by die eksperiment betrokke was, is mettertyd uitgebrei en sedert 1962 word alle nuwe skole daarby ingeskakel. In 1963 is die eksperiment afgesluit deur die wettiging van die observasiesiklus. Sedertdien kon enige skool wat oor die nodige fasiliteite beskik het, aansoek doen om die observasiesiklus in te stel. Die tegniese studierigting het hier 'n deurbraak gemaak deur ook erken te word as vormende vakrigting wat ingesluit word onder die groep verpligte gemeenskaplike vakke. Voortaan sou aan die tegniese studierigting soos die geval is met elk van die ander verpligte gemeenskaplike vakke, in die eerste twee jaar vier uur per week en in die derde jaar twee uur per week afgestaan word.

Die Onderwyswet van 18 Julie 1968 is die eerste wet in die geskiedenis van die Belgiese onderwys waarin al die verskillende sektore van die sekondêre onderwys tegelyk gestruktureer word. Hierdie wet is daarop gemik om die tradisionele skeiding van leerlinge uit te skakel. Hierdie skeiding was gegrond op die sosiaal-ekonomiese situasie van die familie eerder as op die intellektuele potensiaal en werklike moontlikhede van leerlinge. Die bedoeling was nie om alle leerlinge intellektueel gelyk te stel nie, maar wel om aan alle leerlinge gelyke keuse te bied. "Die multilaterale school voorziet in de gelijke keusen. Die multilaterale school voorziet dus in de graduele differentiatie van de afdelingen, die echter in éénselfde schoolcomplex voorkomen, zodat de overgang van de ene naar de andere afdeling gemakkelijker kan plaatshebben" (26, p. 14). Met hierdie wet word die komprehensiewe skoolstelsel ook uitgebrei na die gemeenskaps- en Katolieke skoolwese wat nie by die eksperimentele fase betrek was nie.

Die voorgenoemde wysigings impliseer dat bestaande studierigtings wat tot dusver in afsonderlike skole aangebied is, voortaan in komprehensiewe eenhede as gelykwaardige studierigtings aangebied word. Hierbenewens is die vertikale struktuur van die sekondêre onderwys gewysig om voortaan drie siklusse van twee jaar elk te omvat, naamlik 'n observasiesiklus, 'n oriëntasiesiklus en 'n


determinasiesiklus (kyk diagram 5.1). Omdat ongeveer 25 persent van die leerlinge wat die laerskool verlaat, 'n meerdere of mindere mate van leeragterstand vertoon, is oorgegaan tot die instelling van 'n aanpassingsjaar waarin diesulkes hul agterstand eers moet uitwis voordat hulle tot die observasiesiklus kan toetree. So ook is "oorgangsjare" ingestel tussen die onderskeie siklusse van die sekondêre skool met die doel "om de overgang te vergemakkelijken voor de leerlingen die nog geen voldoende kennis verworven hebben of voor wie een bepaalde oriëntatie nog nie duidelik is" (26, p. 15). Sowel in die aanpassingsjaar as in die oorgangsjare is meer geïndividualiseerde onderwys vir hierdie leerlinge nodig. 'n Verdere vernuwing is te vinde in die instelling van 'n vervolmakings- of spesialisasiejaar na die tweede en derde sekondêre siklusse. Hierdie vervolmakingsjaar was reeds vroeër praktyk by tegniese en beroepsonderrig, en sal in die algemene studierigtings kan dien as voorbereidingsjaar vir sommige universitêre studierigtings.

Voorgenoemde wysigings is almal georden in die onderwyswet van 19 Julie 1971 betreffende die algemene struktuur en organisasie van die sekondêre onderwys. Hierdie wet is gebaseer op die verslag van die 1968-vergadering van die Raad van Europese ministers van Onderwys waarin sekondêre onderwys gedefinieer is as "alle vorme van algemeen, tegnisch en kunstonderwijs, dat van aard is om het cultureel niveau van leerlingen tussen 11/12 en 18/19 jaar oud maksimaal te verheffen" (26, p. 17). Volgens hierdie wet word algemene sekondêre onderwys, tegniese sekondêre onderwys, sekondêre beroepsonderrig en sekondêre kunstonderwys gelykwaardig gelyk om drie grade van twee jaar elk te omvat (nl. 2 jaar observasiegraad, 2 jaar oriëntasiegraad en 2 jaar determinasiegraad) terwyl aan die einde van die tweede en derde graad ook 'n spesialisasiejaar ingerig kan word en aan die einde van die derde graad ook 'n voorbereidingsjaar vir hoër onderwys vir diegene wat nog nie die nodige peil bereik het vir toetreding tot tersiêre onderwys nie.

'n Studie van die toepassing van hierdie wet deur die Rijks-, Katolieke en gemeenskap-skoolorganisasies, bring aan die lig dat elke instansie na eie oortuiging inhoud aan die wet gee ten aansien van vakkeuses en vakinhoud. Boonop is daar ook verskille aan te toon tussen die implementering van die wet deur die Franstalige en Nederlandstalige bevolkingsgroepe in België.

Die implementering van die vernieude onderwysstruktuur in die Nederlandstalige staatsonderwys kan aan die hand van die volgende skematisering uiteengesit word (9, Bylaag). In die skematiese voorstelling van die implementering van die VSO in die Nederlandstalige staatskole is op te merk dat die eerste oriënteringsjaar

DIAGRAM 5.1 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VERNIEUDE ONDERWYSSTRUKTUUR IN DIE NEDERLANDSE STAATSONDERWYS



gewy word aan gemeenskaplike vorming. "Alle vakke moesten observatiese bied" (26, p. 27). Vir vergelyking met die ander implementeringswyses dien hier daarop gelet te word dat Latyn nie in hierdie observasiejaar aangebied word nie en Geskiedenis ingesluit is in die sogenaamde "maatskaplike vorming" (26, p. 27). Gedurende die tweede observasiejaar is daar twee soorte opsies ter sprake, naamlik die meer teoretiese georiënteerde fundamentele opsies (klassieke tale of moderne taal plus wetenskap of moderne taal plus tegnologie of kuns), en die sogenaamde meer praktykgerigte besondere opsies (tegniese opleiding en kunsopleiding). 'n Volledige program vir die tweede observasiejaar behels vir elke leerling die gemeenskaplike vakke plus 'n kombinasie van twee opsies van hul eie keuse.

Die Franstalige staatskole wyk af van die voorgaande skema vir die implementering van VSO deur gedurende die eerste observasiejaar benewens die gemeenskaplike vakke voorsiening te maak vir proefaktiwiteite wat 'n studie van Latyn, Tegniek en Kuns gedurende die jaar behels ter wille van observasie van die moontlikhede van leerlinge om een van hierdie studierigtings as opsie te kies in hul verdere skoolloopbaan. Die vrye onderwyssektor sluit hierin by die Franstalige staatsonderwys aan. Die rede hiervoor lê daarin dat die Franstalige staatskole 'n jaar voorsprong (26, p. 20) bo die Nederlandstalige staatskole geniet het met die implementering van VSO en die Franstalige stelsel as voorbeeld vir die Katolieke onderwysbeplanners gedien het (26, p. 24). Tweedens is in die implementering van die VSO deur die Franstalige staatskole Latyn ingesluit in die eerste observasiejaar. Dit het aansluiting gevind by die Romaanse verbintenis van die Katolieke onderwys waardeur "Latyn voor iedereen, in een minimale dosis, zinvol is" (26, p. 24).

Behalwe bogenoemde word 'n program van vrye kulturele aktiwiteite op Woensdagmiddae en Saterdagoggende ter beskikking van leerlinge gestel vir vrywillige deelname en word op Saterdagoggende "inhaalonderwys" aangebied vir dié leerlinge vir wie dit nodig is (26, p. 22).

Ten aansien van die tweede siklus in die Belgiese Sekondêre onderwys, naamlik die oriëntasiegraad dien gekonstateer te word dat daar by die Nederlandstalige staats- en vrye onderwyssektore fundamentele ooreenkomste bestaan betreffende die algemene struktuur. Beide stelsels behels 'n eerste en tweede oriënteringsjaar "doorstroming" (d.w.s. op verdere studie gerigte onderwys) en 'n eerste en tweede oriënteringsjaar (finaliteit) (26, p. 28). Gedurende beide hierdie oriënteringsjare (doorstroming) word $\frac{2}{3}$ van die onderrigtyd aan gemeenskaplike vakke bestee. Die orige tyd word bestee aan keusevakke met

die oog op verdere studie. Die staatsonderwys maak in die keusevakke wat aangebied word, voorsiening vir sewe studie- rigtings teenoor dertien in die vrye onderwys (26, p. 29). Gedurende beide oriënteringsjare (finaliteit) word slegs een derde van die onderrigtyd bestee aan gemeenskaplike vakke en die orige twee derdes aan keusevakke wat voorsiening maak vir 'n sestiental finaliteitsvoorbereidende studierigtings.

In die Determinasiesiklus van die sekondêre skool in België geld dieselfde strukturele beginsels as in die Oriëntasiesiklus. Die tyd aan gemeenskaplike vakke word verminder om meer tyd beskikbaar te stel vir onderrig in besondere keusevakke. Die keusevakke bestaan uit keusekombinasies uit nege fundamentele opsies en twee-en-dertig besondere opsies. Hierbenewens word komplementêre opsies voorsien "bedoeld hetzij als verdieping, hetzij als harmoniserende aanvulling" (26, p. 30). Die vakkombinasies word in die determinasiesiklus gekies met die oog op "doerstroming" (voorbereiding met die oog op hoër onderwys) of met die oog op "finaliteit". Finaliteit beteken hier egter nie beroepsonderwys nie, aangesien in die vakkeuse steeds die moontlikheid van omskakeling na voortgesette hoër onderwys in gedagte gehou word.

d. Enkele implikasies van die VSO vir skoolvoorligting in België

Onderwysvernuwing op sekondêre vlak in België hou tred met die aanbevelings wat die Raad van Europese Ministers van Onderwys op hul vergadering te Düsseldorf gedoen het (26, p. 31). Die VSO maak voorsiening vir langdurige algemene vorming van alle leerlinge terwyl in die onmiddellike verlede die mening gehuldig is dat die arbeidsopset steeds meer en vroeër spesialisering verg. Die verskuiwing van die keusemoment hang ten nouste saam met die bevindinge van psigopedagogiese ondersoeke dat 'n leerling op die ouderdom van twaalf jaar nog nie op pedagogies verantwoorde wyse in 'n bepaalde studierigting gekanaliseer kan word nie. Vandaar die instelling van die observasiesiklus waarna leerlinge op veertien jaar eers voor 'n vakkeuse te staan kom. Selfs in die oriëntasiesiklus is deur die gelykstelling van studierigtings, omskakeling van een rigting na 'n ander tot op die ouderdom van sestien jaar moontlik gemaak. Die pedagogiese beginsel dat leerlinge deur selfkeuse tot 'n studie- of beroepsrigting moet toetree, behels egter dat die leerling tot verantwoordbare selfkeuse gelei moet word. Daartoe kan 'n leerling slegs kom deur die nodige selfkennis en beroepskennis te verwerf. Leerlinge moet gelei word tot selforiëntasie waartoe hy moeilik kan kom voordat sy belangstelling op die ouderdom van 15-16 jaar duidelik gedifferensieer is (26, p. 33).

In die voorgaande paragraaf, is die terrein van vernuwing ten aansien van die werksaamhede van die onderskeie voorligtingsdienste in België, duidelik sigbaar (kyk hoofstuk 7).

'n Faset van die VSO waaroor uit sekere kringe aansienlik beswaar geopper is, is die gelykwaardigstelling van alle sekondêre studierigtings en daardeur die verheffing van die tegniese onderwys. Voor die instelling van VSO was daar in België 'n duidelike verband aan te toon tussen die laer sosio-ekonomiese bevolkingsgroep en die keuse van tegniese onderwys as studie-
rigting ongeag intelligensiemoontlikhede "wat op de ouderdom van twaalf jaar sterk milieubepaald zijn" (26, p. 34). VSO bring dus "grotere sociale rechtvaardigheid" en "sociale gelykheid van kansen" (26, p. 34). Hierdie gelykheid in kansen strek verder as net die sosio-ekonomiese; dit dui ook op gelykheid in kansen vir beide geslagte aangesien met VSO koördinasie in die staatsonderwys ingevoer is en in die vrye onderwys ook al meer toegepas word. Die soepeler oriëntering en reoriëntasie-
moontlikhede in die nuwe komprehensiewe skole sal sekerlik met die nodige oriënteringsbegeleiding deur die voorligtingsdiens die bestaande tendens van keuse alleen vanuit familie-sosiale-
ekonomiese motiewe laat plek maak vir pedagogies verantwoorde keuse van studierigtings op grond van "intelligensie en belang-
stellingsmoontlikhede" (26, p. 34). Verskeie ander bedenkinge teen die VSO wat vanuit die spesifieke Belgiese omstandighede na vore tree, sal deur die onderwysbeplanners eksperimenteel onder die soeklig geplaas word. Eksperimenteer beteken hier "doelstellingen steeds duideliker formuleren, hypothetische
middelen daarvoor uitdenken en tewerkstellen, en de effecten daarvan vergelyken met de verwachtingen, die in de doelstellin-
gen werden uitgesproken, om op deze wijze telkens de procedure te verbeteren" (26, p. 36-37).

5.2.3 Begeleiding van VSO deur koördinatore

a. Die taak van VSO-koördinatore

Die wet van 19 Julie 1971 voorsien dat "één of meer leden van het bestuurs- en onderwysend personeel ter beskikking gesteld worden, ten einde de inwerkingtreding en de toepassing van (genoemde) wet op te volgen en te stimuleren in de instellingen " (44, p. 49). Van 1 September 1971 af beskik die Nederlandstalige Katolieke onderwys oor een voltydse en drie deelytdse koördinatore om hierdie

begeleidingsfunksie te vervul in opdrag van die Pedagogiese Buro van die NSKO (Nasionaal Sekretariaat van het Katoliek Onderwijs) en in samewerking met die tradisionele begeleidingsinstansies, naamlik inspeksie, direksie, opleidingsinstitute en "bijscholingentra" (44, p. 49).

Hierdie koördinatore sien dit as hul taak om kontak tussen die verskillende inrigtings te bewerkstellig en inligting en ervaring uit te ruil met die oog op 'n didakties-verantwoorde vorm van kontinue samewerking tussen die leerkragte. In hul begeleiding spits hulle hul toe op veral die begintoestand en beoogde eindtoestand van die VSO, maar betree nooit die klaskamer van 'n onderwyser nie.

b. Werkprogram van VSO-koördinatore

Die koördinatore vergader periodiek gedurende die jaar saam met verteenwoordigers van die Pedagogiese Buro. Die VSO-skole is in vier geografiese groepe verdeel en streeksvergaderings word maandeliks onder leiding van die koördinatore gehou. Skole word verteenwoordig deur hul streekskoördinator en 'n leerkrag van die skool asook verteenwoordigers van die PMS-sentrum wat die skool bedien. Tydens hierdie streeksvergaderings word gemeenskaplike probleme behandel. Die streeks-koördinator se taak lê daarin dat hy besluite en voorstelle van die koördinatorsvergaderinge aan die streeksverteenwoordigers moet oordra en ook probleme en voorstelle van die streeksvergadering na die koördinatorevergadering moet oordra. Gedurende die skooljaar 1971/2 is onder andere doelstellings, observasie en evaluering op die streeksvergaderings bespreek en is werkdokumente van VSO-skole onderling uitgeruil.

Op die streeksvergaderings is vakwerkgroepe in die lewe geroep wat gereeld vergader om praktykervaring uit te wissel, metodiek en leerstofonderdele te bespreek, ten aansien van 'n besondere vak. Vakinspekteurs woon sover moontlik die vergaderings van vakwerkgroepe by. Die werksaamhede en vordering van VSO-skole word periodiek in tydskrifte bespreek vir algemene kennisname (44, p. 51).

Benewens begeleiding van die VSO op genoemde samekomste, het die koördinatore verder as taak om die gesindheid van leerkragte wat betrokke is by die VSO, te peil. Daarvoor is in 1972 'n vraelys gebruik met veral betrekking op die wyse van instelling

van VSO in die anderskeie skole, die wyse van voorbereiding van die leerkragte, die gesindheid van die leerkragte ten opsigte van die vernuwingsgedagtes, die gesindheid van leerlinge en hul ouers teenoor VSO. Uit die antwoorde blyk dat ruim 80 persent van die betrokke leerkragte ten gunste is van die instelling van VSO aan hul skool omdat dit die vormingskanse van die leerlinge verhoog en die arbeidsingesteldheid by leerkragte verbeter. Dit blyk egter ook dat leerkragte nie voldoende voorbereiding ontvang het voor die instelling van VSO nie. Oor die algemeen word die ganse skoolbeeld "als opener, meer gedemocratiseerd, levendiger en echter" geteken (16, p. 52) en getuig die leerkragte dat hulle die leerlinge beter leer ken en waardeer veral deur die instelling van die "klasseraad".

"Alleen al wat in de VSO-scholen gerealiseerd werd en wordt inzake samenwerking en integratie van de inzet van de leerlingen en leerkrachten, ouders, PMS-en directie, is enorme winst. Wat aan leeraarschap door de meerderheid der leerkrachten in stilte is bijgewonnen, en dat dit gebeurt, is een ander winst-punt. Maar dat zodoende het niveau van een secundair onderwijs, in flexibelere kadens, en gericht op persoonlijkeidsverrijkinge en maatskappijbetrokken vorming, stilaan maar zeker gerealiseerd wordt, is het meest genoegdoeningschenkende aspect van het begeleidingswerk in het VSO" (44, p. 52-53).

5.2.4 VSO in die vrye Katolieke Onderwys

a. Plekbeplanning

Uit 'n totale sekondêre skool-bevolking in België van 704 025 (1970/71) leerlinge besoek byna 60 persent vrye Katolieke skole. Ten aansien van die Nederlandstalige landsgedeelte is die persentasie nog groter, naamlik 70,1 persent teenoor die 20,7 persent wat rijksonderwys-, 2,7 persent wat provinsiale- en 6,4 persent wat gemeentelike skole besoek (kyk diagram 2.1). Tydens die vroeë eksperimentele stadium van die VSO is hierdie oorwig buite rekening gelaat en is slegs staatskole by die eksperiment betrek. Vrye Katolieke skole moes hulle hou by die bepalings van die "Skoolpact"-wet van 1959 dat skole wat in aanmerking wil kom vir subsidie "een structuur dient aan te nemen die in het rijksonderwijs bestaat" (3, p. 40). Hoewel daar in die wet voorsiening gemaak word vir pedagogiese vryheid,

strek dit net sover as metodiek en lesroosters en val die inisiatief om self te eksperimenteer, buite die vergunde vryheid. "Dit leidde tot de onbegrijpelijke toestand dat het zoeken naar nieuwe wegen door een vrije school in feite 'gestraft' werd met verlies van toelagen en verlies aan waarborgen voor leraren en leerlingen" (3, p. 40). In die lig van voorgaande was die vernuwingsvoorstelle van katolieke kant beperk tot inhoudelike vernuwing ten aansien van die integrasie van nuwe didaktiese insigte en die hersiening van sillabusse, die veranderde siening oor die taak van die skool en die effektiewe aanwending van moderne onderwys hulpmiddele. Tog het die Katolieke onderwysbeplanners die ontwikkeling van die vernuwingsgedagte noukeurig gevolg en as voorwaarde gestel dat vernuwing alleen kan volg op grondige toetsing op klein skaal van die moontlikhede en pedagogiese implikasies daarvan, 'n grondige voorstudie en opleiding van die betrokke personeel en dat sodanige vernuwing gepaard moet gaan met intense wetenskaplike begeleiding en evaluering. Die Katolieke onderwyssektor het geen aandeel gehad aan hierdie voorarbeid vir die VSO nie. Dit is dus begryplik dat nadat die eerste agtien Katolieke skole in 1970 tot die VSO toegelaat is, van die "pedagogiese vryheid" gebruik gemaak is om binne perke self te eksperimenteer en dat VSO in die Katolieke onderwyssektor 'n eie karakter sou ontwikkel.

b. Die groei van vernuwingsgedagtes in die vrye Katolieke onderwys

Een faset wat gemeenskaplik is aan al die vernuwingsprojekte in die Europese lande, is ongetwyfeld die strewe na een of ander vorm van komprehensiewe onderwys. Sekondêre onderwys word meer en meer gesien as 'n vormingsgeleentheid wat aan iedereen gegun moet word, om te beantwoord aan elkeen se eie belangstelling en moontlikhede met betrekking tot onder andere begaafdheid, tempo en liggaamlike geskiktheid.

Van die kant van die vrye Katolieke onderwys in België was daar al geruime tyd reeds pogings gewees om die skeiding tussen middelbare onderwys en tegniese onderwys te oorbrug. Die voorgenoemde beperkinge ten aansien van eksperimentering deur vrye gesubsidieerde skole, het egter verhinder dat met so 'n oorbrugging geëksperimenteer word. Tog het die onderhandelinge in dié verband aanleiding gegee tot toenemende oorlegpleging tussen die middelbare en tegniese onderwysinstansies. In 1968 het die Pedagogisch Bureau van die NSKO (National Secretariaat van het Katholiek Onderwijs) 'n werkgroep, "Doelstellingen van het secundair onderwijs", gestig met verteenwoordigers van die middelbare, tegniese en normaalonderwys. Hierdie werkgroep se eerste taak was om na te gaan in watter mate die doelstellings

van middelbare en tegniese onderwys gemeenskaplik is. Die vierdelige verslag van die werkgroep handel oor algemene opvoedingsdoelstellings wat die algemene doelstellings van sekondêre onderwys bepaal, die rol van die skool in die verwerkliking van hierdie doelstellings, die doelstellings wat gemeenskaplik is aan alle fasette van sekondêre onderwys en ook ten laaste oor die beginsels van differensiering te midde van die gemeenskaplike doelstellings. Die werkgroep het aan die hand van hierdie verslag 'n program uitgewerk vir die gemeenskaplike eerste jaar van die observasiesiklus, maar sou graag die res van die onderwysstruktuur onveranderd laat. Die vordering met die agtien proefskole in die VSO-opset het egter ander insigte laat deurbreek sodat die werkgroep in hul verdere beplanning die totale sekondêre skool by die struktuurverandering betrek het.

Die huiwering om die totale struktuur van die sekondêre skool te verander, het egter glad nie bestaan ten aansien van inhoudelike en didaktiese vernuwing nie. In die vrye Katolieke onderwys kon ten aansien van laasgenoemde vernuwing voortgebou word op aspekte waarin vernuwing reeds van tyd tot tyd aan die orde was as gevolg van die strewe na kontinue verbetering van onderwysmetodes en -midade. Ten aansien van sillabussamestelling het die werkgroep alle vakonderwysers uit die proefskole betrek en is die nuwe sillabusse voorsien van:

1. 'n Beskrywing van die beginsituasie.
2. Doelstellinge van elke vak ten aansien van elke afsonderlike siklus.
3. Duidelike uiteensettinge van die leerstof.
4. Metodiese aanwysings en didaktiese werkvorme.
5. Aanwysinge met betrekking tot evaluering.
6. 'n Beknopte literatuurlys vir leerkragte en leerlinge.

c. VSO-eksperiment in Katolieke skole

Soos reeds vermeld, was die Katolieke onderwyssektor nie betrek by die eksperimentele fase wat die instelling van VSO in 1972 voorafgegaan het nie. Die weg van 1972 het ruimte gelaat vir skole van die vrye onderwyssektor om na eie keuse mee te doen aan VSO. Gevolglik het die vrye Katolieke onderwyssektor 'n eksperiment begin wat oor sewe jaar sou strek ten einde self hul program vir VSO te kan uitwerk. Onder die oortuiging dat die hele skoolgemeenskap bereidwillig moet wees om deel te neem aan die eksperiment, moes skole in oorleg met hul direksie, ouervereniging en onderwysers aansoek doen om toelating tot die eksperiment. Om in aanmerking te kom vir die eksperiment moes

skole in staat wees om 'n observasiegraad te stig wat nóg die stempel van "middelbaar onderwijs" nóg die stempel van "technisch onderwijs" sou dra, want VSO veronderstel 'n innige samewerking en absolute gelykwaardigheid tussen dié twee onderwysinrigtings. Verder moes dit moontlik wees vanweë die bestaande organisasie aan 'n skool, om al die gelykwaardige studierigtings van VSO in die oriëntasie- en determinasiegrade te voorsien en om 'n aanpassingsjaar in te stel vir die leerlinge wat nog nie die nodige skolastiese standaard bereik het wat vir die observasiegraad geverg word nie. Alle klasse op die niveau van die eerste observasiejaar moes gelyktydig oorskakel na VSO en elke leerkrag moes sy bereidwilligheid te kenne gee om daadwerklik deel te neem aan die uitbouing van die VSO in sy vak deur besinning oor sy opdrag en sy vak in die lig van fundamentele vernuwingsgedagtes. Die leerkragte moes bereid wees om werkgroepe te vorm in noue samewerking met wetenskaplike en pedagogiese begeleiding wat deur inspekteurs en koördinatore verleen sal word. Hulle moes gereeld vraelyste beantwoord, leergangprojekte onderling uitruil en hulle onderwerp aan leerstofkontrole.

Doelmatige begeleiding van die VSO-eksperiment is onmisbaar geag, maar die Rijksowerheid het nie hierin aan die verwagtinge van die Katolieke onderwyssektor voldoen nie. Van owerheidsweë is slegs voorsiering gemaak vir een voltydse en drie deelydse koördinatore om die begeleidingsfunksie by die eksperiment met VSO te vervul (kyk 5.2.3). Vanuit die staanspoor is alle moontlike begeleidingsinstansies in die Katolieke onderwyssektor ingeskakel om die VSO uit te bou. Die Pedagogisch Bureau van die NSKO het dokumente aan die proefskole beskikbaar gestel ter voorbereiding van die instelling van VSO. Sillabuskomitees het leerkragte uit die proefskole betrek om te help om nuwe sillabusse te ontwerp en uit te toets en pedagoë en vakdidaktici van die normaalskole is betrek vir effektiewe hulp en advies. Ook die PMS-sentra (kyk hoofstuk 7) is betrek in die begeleidingswerk ten aansien van die eksperiment met VSO.

5.2.5 VSO in vrye gemeentelike onderwys (Antwerpse Middel- school)

a. Toetrede tot VSO-eksperiment

Soos reeds in hoofstuk een vermeld, het die vryheidsgedagte wat in die Belgiese grondwet opgeneem is, die implikasie dat daar benewens staatsonderwys, ook nog vrye Katolieke onderwys en vrye gemeenskaps- en distriksonderwys in België bestaan. Volgens die "Schoolpakt" van 29 Mei 1959 beskik elkeen van hierdie instansies oor die mag om vir hul eie onderwysstelsels lesroosters en sillabusse op te stel en oor hul eie pedagogiese

metodiek te besluit. Om vir subsidie in aanmerking te kom, moet egter voldoen word aan sekere voorwaardes soos die aanname van 'n bepaalde onderwysstruktuur soos in die staatsonderwys van toepassing is.

In die stad Antwerpen is op 'n relatief klein oppervlakte 'n veelomvattende gemeenskapsonderwysorganisasie vir pre-primêre tot tersiêre onderwys, uitgebou. Dit bring mee dat die kontinue begeleiding van leerlinge makliker gerealiseer kan word, aangesien die verslae oor volledige toetsing deur personeel van die gemeentelike PMS-sentrum in die primêre skool-fase saam met die leerlinge deurgestuur kan word na die sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings wat hulle gaan bywoon. Genoemde verslae word opgestel na grondige ontleding waartydens die stand van verwagte en gelewerde prestasie deeglik in oënskou geneem word. Die omvattende gemeenskapsonderwysnetwerk hou verder die voordeel in dat die onderwyspersoneel makliker kan saamwerk vanweë hul ruimtelike nabyheid aan mekaar en aan die advies- en begeleidingsdienste.

By toetrede tot die VSO-eksperiment het die gemeenskapsonderwysowerheid van Antwerpen die staatsonderwysowerheid versoek dat die enkele staatskole in Antwerpen ook sal toetree tot die eksperiment ten einde onnodige konkurensie tussen die twee onderwysnetwerke te voorkom (32, p. 55). Die "Stedelijk Pedagogisch Centrum" van Antwerp sou die begeleidingsfunksie vervul deur die werksaamhede by die verskillende skole te koördineer en vernuwingsidees ten aansien van didaktiese aanpak in werkprogramme te realiseer. Ter voorbereiding vir toetrede tot die VSO-eksperiment is in die voorafgaande jaar 'n voorligtingsveldtog geloods deur die verspreiding van publikasies en die hou van vergaderings, kursusse, studiedae, debatsaande en oueraande. Onderwysers het weekliks vergader om vrywillig op vakkommissieste dien en werkprogramme op te stel, te bestudeer en die nodige didaktiese hulpmiddele te bestel of te maak waar nodig.

Die personeel van die gemeenskapsonderwys van die stad Antwerpen het dus voorbereid en entoesiasies in September 1971 tot die VSO-eksperiment toegetree (32, p. 56).

b. Vormlike verskille

Die vorm waarin VSO in die gemeenskapskole van Antwerpen gestalte aangeneem het, verskil aansienlik van die vorm daarvan in die staatsonderwys of vrye Katolieke Onderwys. Tot 1971 het daar na gemeenskaplike primêre onderwys afsonderlike skole bestaan vir elke studierigting - algemeen sekondêre skole,

tegniese skole, handelskole en beroepskole. Onder die VSO-bedeling is twaalf van hierdie skole omvorm tot "Middenschole" wat net die observasiegraad van die VSO sou aanbied. Hierdie bedeling hou die voordeel in dat leerlinge na die observasiegraad vir verdere sekondêre onderwys na nuwe skole toe moet gaan en die moontlikheid dat sommige leerlinge hul studierigting verkeerd kies omdat hulle in dieselfde skool wil aanbly, uitgeskakel word. Bowendien is die klein leerlingtal van 250 leerlinge per skool (32, p. 56) bevorderlik vir maksimale observasie van elke leerling. 'n Derde motivering vir die instelling van die "Middenschole" was dat so 'n bedeling status sou verleen aan die observasiegraad (31, p. 56).

c. Verskille in opset

Die toetrede van Antwerpen se gemeenskapsskole tot die VSO-eksperiment verskil van dié van die staatskole daarin dat die voorbereiding, realisering en begeleiding daarvan op 'n baie meer gekoördineerde wyse geskied het vanweë die feit dat Antwerpen oor 'n stedelike pedagogiese sentrum beskik. Hierdie sentrum het die leerkragte op ekstensiewe wyse beïnvloed deur onder andere publikasies, kursusse, studiedae en die stigting van werkgroepe waarin leerkragte reeds in die voorafgaande jaar ywerig gewerk het ter voorbereiding vir die inskakeling by die VSO-eksperiment. Hierdeur is die invloed van die genoemde pedagogiese sentrum uitgebrei tot ook die sekondêre onderwys, en kon die begeleidingswerk van die sentrum 'n meer kontinue karakter ontwikkel.

In die werkgroep is die leerkragte gemotiveer tot besinning oor die doelstellings wat nagevolg moet word en die werkprogramme wat gevolg moet word. Sodanige gemeenskaplike besinning was in toenemende mate rigtinggewend vir verdere werksaamhede en het as duidelike uitkoms gehad dat daar by die betrokke leerkragte 'n meer didakties-verantwoorde lesaanbieding te bespeur was. Voortbouend op algemeen-wetenskaplike insigte en met 'n pragmatiese instelling as basis, het die leerkragte in die praktyk veel bereik op die terrein van 'n verantwoorde didaktiek. Nie net nuwe programme is uitgewerk nie, maar die leerkragte het, verryk deur die samewerking, die VSO tegemoet getree. "Metterdaad betrokke warden by onderwysvernuwing is een vorm van voortgezette vorming van de leerkracht" (32, p. 58).

Gedagtig aan die uiteenlopendheid van die skoolbevolking waarmee hulle te doen gaan kry, het die werkgroepe aandag bestee aan allerlei vorme van meer differensiërende didaktiek of vorme van individuele onderwys. Die werksaamhede van die werkgroepe is op skrif gestel en versprei vir kennisname deur alle betrokke kollegas. Hierbenewens het die vergaderinge van

die werkgroepe 'n begeleidingsfunksie vervul deurdat daar op die vergaderinge daaglikse probleme bespreek kan word, vrae beantwoord kan word, informasie en materiaal uitgeruil kan word en demonstrasies met nuwe werkvorme gelewer kan word.

d. Verskille in inhoud

Gedagtig aan die voorgenoemde verskille ten aansien van vorm en opset is dit te verwagte dat die gemeenskapsonderwys van die stad Antwerpen ook na inhoud sal verskil van die VSO in die staatsonderwys. Betreffende klasindeling is in die gemeenskaps=onderwys van Antwerpen heeltemal weggebreek van die tradisioneel kategoriale/hierargiese indeling wat hoofsaaklik neergekom het op 'n indeling volgens sosio-ekonomiese afkoms. In hul beslissing om slegs heterogene klasse te vorm, het die gemeentelike onderwysowerheid sterk gesteun op die bevindinge van Klafki (1969) dat "zwakke leerlinge in homogene groepe meestal negatiewer reageren en minder presteren dan in heterogene. En dat voor die middelmatig en meer begaafde leerlinge tussen presteren in homogene en heterogene groepe meestal geen significante verskille is vas te stel" (32, p. 59).

'n Faset wat wesenlik verskil van die voorstelle van die sentrale owerheid is die evaluasiesisteen wat in die gemeenskapsonderwys van Antwerpen toegepas word. Die regeringsvoorstelle ten aansien van evaluering impliseer dat veral in die observasiesiklus van die sekondêre onderwys evaluering hoofsaaklik sal geskied aan die hand van observasie. Die gemeenskapsonderwysowerheid van Antwerpen behou egter objektiewe meting naas observasie van fundamentele houdinge en gesindhede (32, p. 59). In die Antwerpse gemeenskapsskole dien evaluering eerstens om 'n leerling se vordering aan die hand van objektiewe toetsresultate te vergelyk met die totale groep leerlinge in die Antwerpse skole en tweedens om deur observasie te bepaal in hoeverre die leerling "presies gevorderd is met het bereiking van bepaalde doele" (32, p. 59). Vir die verkryging van objektiewe toetsresultate word gestandaardiseerde toetse op vasgestelde tye in al die skole afgeneem. Ten aansien van evaluering deur observasie is enkele "typiese, concrete gedraginge binne de school- en klassituasies" geskets ten aansien van "vijf gedragspatrone" as leidraad vir die evaluering deur die onderwysers (32, p. 60). Tog word erken dat "ook hier hebben we echter geen rimpelloze zekerheid omtrent die uiterlijke vorm en inhoud", maar "het hele systeem (word) permanent verder gemodelleerd, geraffineerd en hêrdacht door de praktijkmensen" in intensiewe samenwerking met medewerkers van die gemeenskaps-pedagogiese sentrum (32, p. 60).

Hoewel daar nog organisatoriese en didaktiese probleme is wat opgelos moet word, het die Antwerpse eksperiment met die "Middenschool" baie positiewe implikasies soos "een hernieuwde belangstelling van de leerkrachten voor hun taak, een aparte wil tot verandering en vernieuwing, een openheid voor didactische vernieuwingsideeën en onafwijsbare bereidheid tot overgave en inzet voor een meer verantwoord en voor een meer bij-de-tijds onderwijs" (32, p. 60).

HOOFSTUK 6

ONDERWYSERSOPLEIDING IN BELGIË

6.1 ORIËNTERENDE OORSIG

Belgiese onderwysers word aan 'n verskeidenheid opleidingsinrigtings vir hul taak opgelei. Om die struktuur van die opleidingsprogramme te begryp, is dit nodig om eers 'n kort uiteensetting te gee van die verskillende opleidingsinrigtings en hul onderskeie take.

Kleuterskoolonderwyseresse word in België "kleuterleidsters" genoem en word opgelei aan "normaalscholen voor kleuterleidsters". Die benaming onderwysers(esse) geld vir die personeel van primêre skole. Hierdie onderwysers(esse) ontvang hul opleiding aan "lagere normaalscholen". Onderwysers van die junior sekondêre skool word "leraars(essen)" genoem en ontvang hul opleiding aan "middelbare normaalscholen". Onderwysers van die senior sekondêre skool word "geaggregeerde leraren" genoem na voltooiing van hul tersiêre opleiding waarby 'n opleiding ter toelating tot die senior sekondêre onderwysprofessie (aggregaats=opleiding) ingesluit is. "Praktykleraars" is onderwysers wat na voltooiing van hul senior sekondêre tegniese onderwys en enkele jare onderwyserervaring 'n kursus aan 'n normaalskool deurloop het of onderwysopleiding aan 'n middelbare tegniese normaalskool ontvang het. Hierbenewens kan onderwysers in besondere vakke addisionele kwalifikasies verwerf deur deurloping van voltydse of na-uurse kursusse of by aflegging van spesiale eksamens.

6.2 ONDERWYSERSOPLEIDING (PRIMÊRE SKOOL)

Aanvanklik het onderwysers in België hul opleiding aan kweekskole of priesterskole ("kleine seminaries") ontvang en is die onderwysberoep as 'n geestelike roeping van 'n laer orde as priesterskap, beskou (25, p. 240). Sedert 1843 bestaan daar egter staatsnormaalskole en Katolieke normaalskole vir die opleiding van onderwysers, maar die onderwysersdiploma wat daar verwerf is, het nie toegang tot hoër onderwys verleen nie behalwe ten aansien van die vakke Opvoedkunde en Psigologie (25, p. 241). Eers sedert 1957 is die kursusse aan die laer normaalskole sodanig gewysig dat gediplomeerdes ook 'n getuigskrif verwerf wat gelykwaardig is aan die getuigskrif wat uitgereik word na voltooiing van 'n senior sekondêre onderwyskursus.

Uit voorgaande het vier opleidingsprogramme vir primêre skool-
onderwysers ontwikkel. As toelatingsvereiste vir al vier
opleidingsprogramme het gegeld dat kandidate drie jaar sekondêre
onderwys moes voltooi het. Daarna kon hulle n vierjarige kursus
aan 'n normaalskool deurloop aan die einde waarvan hulle 'n onder=
wysdiploma en senior sekondêre onderwysgetuigskrif verwerf.
'n Tweede moontlikheid was dat hulle na drie jaar op normaalskool
hul senior sekondêre onderwysgetuigskrif verwerf en na nog 'n jaar
voltydse onderwysopleiding ook die onderwysdiploma. Hierdie
kursus stel kandidate wat hul studie aan tersiêre onderwysin=
rigtings wil voortsit, in staat om dit te doen na voltooiing
van hul derde jaar normaalskoolopleiding. In die staatsonderwys
bestaan 'n derde moontlikheid, naamlik om kandidate na voltooiing
van hul senior sekondêre skool-loopbaan die geleentheid te bied
om na aflegging van 'n toelatingseksamen toegelaat te word tot
'n eenjarige opleidingskursus ter verwerwing van 'n onderwys=
diploma. Vir kandidate wat nie in voorgenoemde toelatingseksamen
slaag nie, bestaan daar 'n vierde moontlikheid in sowel die
Staats- as Katolieke onderwys, naamlik om na hul senior sekondêre
skool-loopbaan 'n tweejarige kursus te deurloop ter verwerwing
van 'n onderwysdiploma.

Die "Wet betreffende de algemene structuur van het hoger
onderwijs" van 1970 stel 'n nuwe bedeling in wat betref die
opleiding van onderwysers vir die primêre skool. Hierin word
onderskei tussen 'n sekondêre en 'n na-sekondêre siklus. Die
sekondêre siklus aan 'n laer normaalskool begin in die vierde
jaar sekondêre algemeen vormende of tegniese onderwys, omvat
dieselfde keuserigtings as aan 'n gewone sekondêre skool en lei
tot die verwerwing van 'n senior sekondêre onderwysgetuigskrif.
Hierdie sekondêre siklus aan 'n normaalskool verleen toegang tot
die na-sekondêre siklus wat bestaan uit 'n tweejarige hoër
pedagogiese onderwyskursus ter verwerwing van die "Akte van
lager onderwyser(es)". Kandidate van die gewone sekondêre
onderwys is nie uitgesluit van hierdie hoër pedagogiese onderwys
nie, maar kan toelating verkry as hulle na verwerwing van hul
senior sekondêre onderwysgetuigskrif in 'n keuringstoets vir
toelating tot hoër pedagogiese onderwys slaag.

Die tweejarige kursus in hoër pedagogiese onderwys is in 1970
ingestel. In die lig van die vernuwning van die sekondêre
onderwys is in 1971 in die "Wet betreffende de algemene structuur
en de organisatie van het secundair onderwijs" geen vermelding
meer van die sekondêre siklus in die opleidingsprogram van
primêreskool-onderwysers nie (25, p. 249). Die nuwe keuse=
rigtings waaruit sekondêre leerlinge hul keuse kan doen, maak
voldoende voorsiening vir voorbereiding vir voortgesette onder=
wys in 'n pedagogiese studierigting.

Daar bestaan verskeie geleenthede vir onderwysers van primêre skole om hul beroepskenis te verryk. Bywoning van "De Pedagogiese Vergaderingen" wat twee keer per jaar gehou word, is verpligtend vir gemeenskapsonderwysers. Daarbenewens bestaan daar sedert die veertigerjare "studieclubs voor onderwysers" wat een of tweekeer per maand vergader vir die ontleding en bespreking van 'n besondere vak of onderwysmetode. Sedert 1947 word jaarliks tydens die Paasvakansie "de week van de Pedagogische informatie en perfectionering" (kortweg bekend as "Pedagogiese week") deur die onderwysowerheid georganiseer waartydens elke jaar 'n ander kontensieuse tema deur deskundiges bespreek word. Hierdie "vervolmakingswerk" word bekroon met "Pedagogiese skolen" wat in twee of drie les-ure per week deur die jaar, onderwysers verder bekwaam vir die beoefening van hul taak. Die kursusse word aangebied deur professore, lektore van normaalskole en inspekteurs vir primêre onderwys en dien ook ter voorbereiding van die inspekteurseksamen.

6.3 DIE OPLEIDING VAN KLEUTERLEIDSTERS

Opleidingsfasaliteite vir kleuterleidsters aan normaalskole bestaan sedert 1921 in België. Die struktuur van die opleidingsprogram vir kleuterleidsters het dieselfde wysigings ondergaan as dié van onderwysers vir die primêre skool. Die "Wet betreffende de algemene structuur van het hoger onderwijs" (1970) en die "Wet betreffende de algemene structuur en de organisatie van het secundair onderwijs" (1971) het 'n nuwe bedeling aangekondig waardeur die sekondêre siklus in die opleidingsprogram (kyk 6.2) mettertyd gaan verdwyn en kleuterleidsters voortaan eers na voltooiing van hul sekondêre skoolopleiding toegelaat sal word tot hoër pedagogiese onderwys om na 'n tweejarige studiekursus die diploma vir kleuterleidsters te verwerf (25, p. 250).

6.4 DIE OPLEIDING VAN "REGENTEN"/"LERAARS LAGER SECUNDAIR ONDERWIJS"

In België word daar 'n onderskeid gemaak in die opleiding van onderwysers vir die junior sekondêre en senior sekondêre skool. Dié onderskeid is gebaseer op die gedagte dat daar 'n tussenfase bestaan tussen die onderwys van alle vakke deur dieselfde onderwysers in die primêre skool en die vakspecialis van die senior sekondêre en hoër onderwys. Die "regent" gee nie onderrig in alle vakke nie, maar ook nie net in een vak nie. Hy word as vakonderwyser in 'n aantal relevante vakke opgelei. "Hij moet goed vakwetenschappelijk in een paar disciplines gevormd zijn en tevens voldoende psycho-pedagoog zijn om met de (pre-) pubers om te gaan" (25, p. 251).

'n Senior sekondêre onderwysgetuigskrif of Primêre onderwysersdiploma dien as toelatingsvereiste vir "regentenopleiding". Die opleiding van "regente" is tans onderworpe aan hewige kritiek omdat vernuwing daarin agterweë gebly het ten einde die vernuwing van die sekondêre onderwys in België eers op dreef te laat kom. Die opleidingsprogram vir "regente" sal hersien moet word in die lig daarvan dat die duur van die kursus vir primêre onderwysersopleiding verleng is tot twee jaar "hoër pedagogiese onderwys" en in die lig daarvan dat die tradisionele verdeling van die sekondêre onderwys in 'n junior en senior fase elk van drie jaar in die vernude sekondêre onderwys vervang is deur 'n indeling van drie siklusse elk van twee jaar (kyk hoofstuk 5).

6.5 DIE OPLEIDING VAN "GEAGGREGEERDE LERAARS" (SENIOR SEKONDÊRE ONDERWYS)

Ten die einde van die negentiende eeu het 'n diploma van die "hogere normaalschool" en 'n diploma van 'n universiteit albei toelating tot die onderwysprofessie in die senior sekondêre onderwys verleen. "De universitaire zakelijkheid en wetenskaplike kennis bevatten dus - volgens de denkbeelden van de tijd - ipso facto ook onderwyskennis" (25, p. 252). Eers sedert 1890 het universiteite Algemene Opvoedkunde en 'n proefles tot hul universitêre vakke toegevoeg vir hul onderwyskandidate. In 1891 is "hogere normaalskolen" afgeskaf met die bedoeling dat die normaalkursusse in die universitêre onderwysersopleidingsprogram opgeneem sou word. Dit het egter nie gebeur nie. In 1934 wou die Minister van Onderwys die duur van onderwysersopleiding verleng tot een jaar teoretiese en ses maande praktykopleiding na voltooiing van die universitêre opleiding. Daarvan het ook niks gekom nie. Die gevolg is dat elke universiteit sy eie stelsel van onderwysersopleiding gehandhaaf het. In 1970/71 is egter duidelik omskryf dat 'n onderwyskandidaat gedurende die laaste twee jaar van sy universitêre opleiding (licentiaatjare) benewens sy graadvakke ook 'n "aggregaatkursus" moet deurloop bestaande uit 60 uur van algemene metodiek, eksperimentele opvoedkunde met klem op die "psigologie van die leergebeure" en historiese pedagogiek, dertig uur van vakmetodiek en dertig uur van proëfonderwys (25, p. 253). Selfs vandag nog is daar nie eensgesindheid onder die universiteite se personeel met betrekking tot die opleidingsprogram vir "geaggregeerde leraars" vir die senior sekondêre skool nie en is enkele professore besig om 'n nuwe struktuur uit te werk.

6.6 SAMEVATTING

In die voorgaande kort uiteensetting van die struktuur van die onderwysersopleiding in België is dit duidelik dat vernuwing ook in hierdie faset van die onderwys aan die orde van die dag is. Deur die bepalings van die onderwyswette betreffende sekondêre en hoër pedagogiese onderwys van 1970 en 1971 is alle onderwysersopleiding verhef tot hoër onderwys. Die nuwe struktuur behels egter dat Kleuterleidsters, primêre en junior sekondêre onderwysers almal twee jaar hoër pedagogiese onderwys moet deurloop. Daar bestaan egter verskille in die salaris van die drie kategorieë onderwysers met die gevolg dat die oorgrote meerderheid kandidate hulle aanmeld vir die junior sekondêre onderwyskursus waar hulle die beste besoldiging sal kry (25, p. 253). Daar bestaan dan reeds 'n tekort aan onderwysers in die primêre onderwyssektor sodat die owerheid verplig is om "regenten" in liggaamlike opvoeding en in Germaanse tale in primêre skole aan te stel en selfs kleuteronderwyseresse te gebruik vir die onderrig van die eerste twee jaargroepe in die primêre skool (12, p. 48). Ter oplossing van die onderwystekort in die primêre skool-sektor word daaraan gedink om weer 'n onderskeid te maak in die lengte van die opleidingskursusse vir die verskillende kategorieë onderwysers of om die besoldiging van onderwysers te baseer op die lengte van hul opleiding in plaas van die skooltipe waarin hulle aangestel is. Benewens die spesifieke tekort aan primêre skool-onderwysers ondervind België ook 'n algemene tekort op alle onderwysniveaus omdat die aantal en kwaliteit van kandidate wat hulle vir onderwysersopleiding aanmeld, aan die afneem is.

HOOFSTUK 7

DIE PSIGO-MEDIES-SOSIALE WERK IN BELGIË

7.1 DIE ONTSTAAN, REGLEMENTERING EN WERKING VAN DIE PMS-SENTRA

7.1.1 Inleiding

PMS-Sentra is instellings wat vandag aan die Belgiese skoolgaande jeug welbekend is aangesien daar in elke skooldistrik (skool=kanton) een of meer van die sentra bestaan. In die meeste distrikte bestaan daar een sentrum vir die staatskole en een vir die vrye (Katolieke) skole en in sommige streke boonop nog addisionele sentra wat deur groot skole of ondergeskikte besture opgerig is - die provinsiale en gemeenskaps-PMS-sentra. Die PMS-sentra het as opdrag om kennis van die psilogiese, mediese en sosiale wetenskappe gesamentlik toe te pas ter bevordering van die leer- en wordingsgebeure en daarmee saam die beroepskeusegebeure van leerlinge.

7.1.2 Die ontstaan en ontwikkeling van PMS-sentra

In 1909 het dr. Decroly die eerste ondersoek ten behoeve van gestremde leerlinge in Brussel gedoen. In 1912 word die eerste Diens vir Beroepsoriëntering in België ingestel. Dit was egter eers na die Eerste Wêreldoorlog dat die inisiatief deur skole, private persone en organisasies aan die dag gelê is vir die oprigting van "Dienste voor Voorlichting bij Beroepskeuze". Hierdie diens was veral ten behoeve van veertienjarige skoolverlaters om hulle te help om gepaste beroepe te vind. Die diens is gelewer deur jeugleiers, onderwysers en ander persone tydens hul vrye tyd en was aanvanklik beperk tot die verstrekking van inligting oor beroepe en die arbeidsmark. Weldra is psigometriese hulpmiddele aangewend om die bekwaamheid van konsultante te bepaal. Hierdie bekwaamheid is geëvalueer aan die hand van sensoriese en liggaamlike kwaliteite sodat dit nie vreemd is dat medici spoedig 'n belangrike rol vervul het nie. Sedert 1936 het voorligtingswerk onder die "Nasionaal Centrum voor Beroepsoriëntering" geressorteer en is opleidingskursusse vir adviseurs ingestel, maar die werksaamhede geskied nog steeds op 'n deelydse basis.

Na die Tweede Wêreldoorlog egter het die stygende aantal leerlinge wat sekondêre (voortgezet) onderwys aangepak het, die werksaamhede na die skole laat verskuif om twaalfjarige leerlinge by voltooiing van hul primêre skool-loopbaan by te

staan in die keuse van hul studierigting aan sekondêre onderwys= inrigtings. Onder die nuwe naam van "Dienste vir Studie- en Beroepsoriëntering" kom die diens nou vinnig onder die invloed van die verskillende vertakkinge van die psigologie (dinamiese psigologie, sosiale psigologie, psigosomatiek en kliniese psigologie). Aan universiteite word diplomakursusse ("licenti= aat"-opleiding) in psigologie en beroepsoriëntering ingestel en van 1949 af word sosiale werkers in die diens opgeneem.

Die toename in die getal leerlinge wat op sekondêre skool=vlak misluk het, het spoedig die besef laat deurbreek dat suiwer psigometriese gegewens nie voldoende is vir verantwoorde studie- en beroepsvoorligting nie. Ander persoonlikheidseienskappe, die betekenis van sosiale en kulturele milieu en die fisieke toestand moet ook in aanmerking geneem word. Uit hierdie besef het die praktyk van spanwerk tussen die psigoloog, medikus en sosiale werker ontstaan en is gaandeweg besef dat 'n eenmalige ondersoek ontoereikend is en is voortgesette, kontinue oriënteringshulp dwarsdeur die skoolloopbaan as wenslik beskou.

Voor 1947 het die Belgiese regering wel subsidies toegestaan aan provinsies, gemeenskappe ("gemeentes") en private persone wat die diens georganiseer het, maar daar was nie sprake van dat so 'n diens deur die staat ingestel sal word nie. In 1947 word egter twee eksperimentele staatsentra opgerig en in 1954 word die multi-dissiplinêre werkwysse van die PMS=sentra wetlik bekragtig en nuwe opleidingsvereistes vir adviseurs gestel ten einde die sukses van die diens te waarborg. Die werkerterrein word uitgebrei en omskryf as opsporingsondersoeke by toetredende tot die primêre skool, psigologiese toesig in samewerking met die onderwyspersoneel, hulp ten aansien van studie- en beroepsoriëntering by voltooiing van die primêre skool=fase en ook telkens daarna wanneer 'n nuwe keusemoment sig voordoende, beroepskeusehulp by die bereiking van die boonste skoolpligouderdom en studiekeusehulp by toetredende tot die sekondêre onderwys.

In 1956 word wetlik 'n onderskeid getref tussen die voorligtingsdiens wat deur PMS=sentra aan skole gelewer word, en die beroepskeusevoorligting wat deur studie en Beroepsoriënteringsdiens (SBO=diens) gelewer word. Hieruit spruit die praktyk dat die dienste van PMS=sentra tot leerlinge in hul finale jaar aan die primêre skool en daaropvolgende jare in die sekondêre skool beperk is, terwyl die SBO (Dienste vir Studie- en Beroepsoriëntering) ook die leerling in die primêre skool kan betrek.

7.1.3 Reglementering van PMS-sentra en SBO-dienste

Volgens wet bestaan PMS-sentra op basis van kontrakte met onderwysinstellinge in 'n bepaalde streek waarin ten minste 3 000 leerlinge bedien word, terwyl een SBO-diens in elke inspeksiekring van die primêre onderwys ingestel kan word. Die PMS-sentra en SBO-dienste het as gemeenskaplike opdrag om skoolowerhede en ouers van advies te dien met betrekking tot die studie- en beroepsoriëntering van leerlinge in hul sesde primêre skool-jaar, leerlinge in die sekondêre skool-werkterrein van PMS-sentra en, op aanvraag van ouers en die skool, of op aanvraag van die sentra vir mediese skooltoesig (werkterrein van SBO-diens) aan leerlinge in die primêre skool. Hierbenewens is die PMS-sentra medebelas met die psigologiese en gesondheidstoesig oor die leerlinge in sy werkgebied en met navorsing betreffende sy werkterrein. PMS-sentra mag wel die spesifieke opdrag van SBO-diens vervul in gebiede waar sodanige diens nie bestaan nie. Die spesifieke opdrag van die SBO-diens behels ondersoeke wat aangevra word deur die leersekretariaat of dienste vir beroepstoesig oor die jeug en die verstrekking van raad aan volwassenes wat 'n beroepsherskoling moet deurmaak.

Hoewel die outonomie van die PMS-sentra en SBO-dienste wetlik gewaarborg is, beskik geeneen van beide oor die mag om 'n ondersoek af te dwing nie. Verpligte ondersoeke kan slegs onder die Wet op Mediese Skooltoesig aangevra word op aanbeveling van en sterk motivering deur die medikus van die mediese skooltoesigdiens.

Die personeeltoekenning aan die PMS-sentra geskied op grond van die aantal leerlinge in die streek wat deur elke sentrum bedien word. Vir die eerste 1 500 leerlinge bestaan die personeel uit twee psigoloë en twee assistente waarvan een 'n gegra- dueerde verpleegster en die ander 'n maatskaplike werker is. Vir elke addisionele 750 leerlinge word nog 'n personeellid bygevoeg. Die personeel van SBO-diens word toegesê op grond van die aantal ondersoeke (prestasies) per jaar. Die eerste vier personeellede (dieselfde as vir PMS-sentra) word toegesê vir die eerste 600 prestasies. Vir elke addisionele 250 prestasies word nog 'n personeellid bygevoeg.

Aangesien die werksaamhede van die PMS-sentra en SBO-diens in die praktyk parallel verloop en die onderskeid tussen die twee instansies hoofsaaklik op administratiewe vlak lê, (46, p. 108 en 109) word in hierdie ondersoek verder slegs verwys na die werking van die PMS-sentra. Daar dien slegs aangetoon te word dat die opleiding van die onderskeie dienste se personeel daarin verskil dat personeel van die SBO-diens moet beskik oor 'n

bekwaamheidssertifikaat vir die amp van assistent insake beroeps-oriëntering terwyl die PMS-personeel akademies geskoolde "licensiaten insake beroepsoriëntering" (4 jaar universitêre opleiding) is (28, p. 33). 'n Verdere verskil lê daarin dat die SBO-diens toeganklik is vir enige konsultant terwyl 'n PMS-sentrum slegs leerlinge uit sy afgebakende werkgebied tot diens mag wees (28, p. 33). 'n Derde verskil tussen die PMS-sentra en SBO-diens lê daarin dat laasgenoemde se bemoeienis beperk is tot 'n psigotegniese ondersoek wat uitloop op 'n eenmalige skriftelike verslag aangesien die SBO-diens geen voogdy oor die leerlinge voer nie (28, p. 33). Die PMS-sentra oefen wel gesondheidsvoogdy en psigies-sosiale voogdy in samewerking met die skool en gesin oor die leerlinge uit - dus 'n kontinue begeleidingsfunksie vandat die leerling die primêre skool verlaat totdat hy die sekondêre skool verlaat - hetsy om tot die arbeidsmark of tersiêre onderwys toe te tree.

7.1.4 Die werking van PMS-diens in die skool

Aangesien die voorligtingsdienste in België 'n outonome bestaan los van die skool voer en ook meer as een skool bedien, beskik die diens buite die skool oor lokale wat sentraal geleë is vir al die skole in 'n besondere sentrum se werkgebied. Hoewel daar van kontinue begeleiding ten aansien van die psigologiese, mediese en sosiale voogdy sprake is, behels dit bloot dat daar nie meer met 'n eenmalige ondersoek volstaan word nie, maar dat leerlinge se persoonlike lêers van tyd tot tyd aangevul word met opvolgondersoeke. Hierdie ondersoeke geskied in die lokale van die PMS-sentra. Daar word dus geen voorsiening op die lesrooster vir voorligting gemaak nie.

In die primêre skool-fase word geen sistematiese opsporingsondersoeke uitgevoer nie. Op versoek van ouers of dienste vir mediese skooltoesig word primêre skool-leerlinge met leermoeilikhede wel ondersoek en na gelang van die aard en omvang van die leerling se probleem na die besondere primêre skool gestuur waar hy tot sy reg sal kan kom. Die PMS-sentra beskik nie oor remedieële onderwysers nie en moet dus in gevalle waar die leerling sodanige onderwys nodig het, die betrokke klasonderwyser van die nodige advies ten aansien van ortodidaktiese bemoeienis met die leerling dien. Afhangende van beskikbare tyd en die deskundigheid van die personeel van 'n PMS-sentrum word daar wel terapeutiese bemoeienis met leerlinge met geringe leerprobleme en onderpresteerders gemaak in die vorm van speltherapie, gedragsterapie, gesins-terapie, onderhoude en mediese sorg. (Die PMS-medikus doen nie self terapie nie. Hy kontroleer wel die vordering en sukses van die terapie deur die huisarts of spesialis.)

Die Belgiese kind moet normaalweg op twaalfjarige leeftyd 'n keuse doen ten aansien van die studierigting wat hy aan die sekondêre skool gaan volg. Hierdie keuse is uiters belangrik aangesien die onderskeie sekondêre studierigtings verskillende eise stel ten aansien van die begaafdheid, bereikte skoolkennis en motivering van leerlinge. Ten einde leerlinge behulpsaam te wees in hierdie keuse, word hulle in hul finale primêre skooljaar onderwerp aan opsporingsondersoeke waartydens die psigoloog, medikus en sosiale werker elk op sy eie terrein relevante gegewens versamel ten aansien van die leerling se gesondheid en liggaams-gesteldheid, die sosiale niveau van die gesin (gesinsaspirasies, menseverhoudinge buite die gesin, opvoedingstyl en die primêre skool-loopbaan van die leerling), die intellektuele moontlikhede, skolastiese vordering, belangstelling en persoonlikheid van die leerling. Al hierdie gegewens word op spanbesprekings geëvalueer en georden tot 'n persoonsbeeld. Die observasieverslae van onderwysers en vroeëre skoolprestasies word deeglik in aanmerking geneem in hierdie persoonsbeeldsaamstelling. In gevalle waar dit nodig blyk te wees, word 'n individuele ondersoek gedoen om met meer sekerheid die leerlinge se kanse om in die onderskeie studierigtings te kan slaag, te kan formuleer. Die uitkoms van die ondersoek word dikwels skriftelik aan die ouers meegedeel, maar meer en meer sentra verkies om dit mondeling te doen ten einde geleentheid te kry om met die ouers persoonlike kontak te maak (46, p. 101).

Gedurende sy sekondêreskool-loopbaan beleef die leerling in België nog twee keusemomente, naamlik aan die einde van die junior sekondêreskool-fase as hy op omtrent 15-jarige ouderdom 'n keuse moet doen ten aansien van die besondere studierigting wat hy in die senior sekondêre skool-fase gaan volg, en aan die einde van die sekondêre skool-fase wanneer hy op omtrent 18-jarige leeftyd 'n keuse moet doen ten aansien van die studierigting wat hy gaan volg aan een of ander inrigting vir hoër onderwys. Leerlinge wat die tegniese beroepsgerigte studierigting in die junior sekondêre skool-fase volg, kan ook aan die einde van dié fase kies of hulle hulle wil aanmeld vir verdere beroepsopleiding.

Hierdie keusemomente noodsaak voortgesette ondersoeke op die onderskeie tydstippe. Hierdie ondersoeke verskil van dié in die finale primêre skool-jaar daarin dat die leerling meer daarby betrek word en meer seggenskap verkry afhange van die mate waarin die leerling keuseverantwoordelikheid vertoon. Die besef dring vinnig deur dat 'n groot opgaaf van die PMS-sentra moet wees om die leerlinge tot keuseverantwoordelikheid te steun sodat leerlinge na 'n sistematiese selfondersoek en selfstudie ten aansien van die beroepswerklikheid tot 'n verantwoorde sintese van die verkreë kennis kan kom in sy studie- en beroepskeuse.

In hierdie begeleiding van die leerling deur die PMS-personeel word ook die gesin en skool betrek ten einde hul onderskeie invloede op die keusegebeure optimaal te benut. Begeleiding van dié aard is tydrowend en word tans nog bemoeilik deur 'n tekort aan personeel.

Benewens hulp en begeleiding ten aansien van voorgenoemde keuse-momente tydens die leerling se skoolloopbaan verleen die PMS-sentra ook hulp en begeleiding aan leerlinge met probleme om suksesvol by die skoolopset in te skakel. Sodanige leerlinge word opgespoor tydens opsporingsondersoeke in hul eerste jaar aan die sekondêre skool. Hulle word gewoonlik uitgeken as onderpresteerders op grond van 'n gereelde vergelyking tussen die prognose soos opgestel na die eerste ondersoek en die werklike vordering en prestasie van die leerling. In die geval van 'n onderpresteerder verloop die ondersoek en begeleiding min of meer soos volg: Eerstens word al die gegewens wat reeds op die persoonlike lêer van die leerling aangeteken is, bestudeer op soek na endogene en/of eksogene faktore wat moontlik die leergebeure kan rem. By teenwoordigheid van sodanige faktore word verdere ondersoek in dié verband gedoen aan die hand van 'n diagnostiese ondersoek, 'n verkenningsgesprek met die leerling, onderhoude met die gesin, skool en waar nodig verwysing na 'n spesialis. Soms is daar egter geen afdoende bewys vir die bestaan van faktore wat tot onderprestasie aanleiding gee nie, en sal sodanige faktore ontdek moet word deur kontinue observasie. Die verskillende deeldisiplines word, na gelang van die leerling se probleem in die begeleidingsprogram betrek in 'n poging om die leerling tot insig in sy eie situasie en problematiek te steun. Die uiteindelijke doelstelling met hierdie begeleiding van die leerling is om hom te help tot verwerkliking van sy persoonsmoontlikhede. Soms is dit inderdaad nodig om die milieu van die leerling positief te probeer wysig. So byvoorbeeld sal gesprekke met die ouers en onderwysers moontlik lei tot beter begrip vir die problematiek van die leerling en doelgerigte samewerking om hom te steun om dit te bowe te kom. Personeeltekortbelemmer ook die doeltreffendheid van hierdie faset van die PMS-sentra se doelstellings. Beraminge dui daarop dat 10-15 persent van die skoolbevolking in België sodanig onderpresteer dat hulle gespesialiseerde begeleiding nodig het (46, p. 112). Dit bring mee dat die sewe personeellede van 'n PMS-sentrum wat 3 000 leerlinge bedien, tussen 300 en 400 onderpresteerders in begeleiding moet neem. Daarvoor sal die personeel ten minste moet verdubbel (46, p. 112).

Na hierdie algemene oorsig oor die werking van die PMS-sentra in België, is dit nodig om in meer besonderhede te let op die werksaamhede van die onderskeie personeellede en die samewerking tussen hulle.

7.2 SAMEWERKING TUSSEN VERSKILLENDE DISSCIPLINES

PMS-sentra word beman deur 'n psigoloog, medikus, verpleegster en sosiale werker. Die onderlinge segwaarde van die drie dissiplines vir mekaar en die eenheid van die persoonstruktuur van die mens, maak spanwerk noodsaaklik. Hierdie lede van 'n PMS-sentrum is "geen medehuurders maar medespelers - teamgenoten" (14, p. 9). Suksesvolle taakverrigting deur 'n PMS-sentrum berus op onderlinge eerbied vir die ampsbevoegdheid van die ander spanlede en 'n gesamentlike opneem van hulle gemeenskaplike funksionele verantwoordelikheid (28, p. 34).

Alhoewel die verskillende fasette van die persoonstruktuur van 'n mens 'n onskeibare totaliteit vertoon, bevind die mens hom nogtans telkens in verskillende situasies waarin sy unieke moontlikhede aanleiding gee tot spesifieke gedraginge en probleme op verskillende onderskeibare fasette van sy persoonstruktuur. Daar is dus geen universele of algemene reëls waarvolgens die mens sy moontlikhede realiseer nie. Interpersoonlike en intrapersoonlike probleme is so inmekaar gestrengel deur oorvleueling op die onderskeibare psigiese, fisiese en sosiale vlakke van sy persoonstruktuur, dat een enkele faset selde as die problematiese uitgesonder kan word. In die funksionering van die PMS-sentrum met sy spesialiste op elk van genoemde fasette van die mens se persoonstruktuur, word sterk rekening gehou met genoemde onskeibare totaliteit van die persoonstruktuur. Waar elke spesialis 'n leerling ondersoek, observeer en evalueer, geskied dit met die wete dat hul bevindinge weer op 'n gesamentlike vergadering van al die personeel van die PMS-sentrum gekoördineer sal moet word om 'n persoonsbeeld saam te stel. Onderhoude en verdere bemoedienis met 'n leerling geskied wel deur slegs een van die spesialiste, maar gedurig in die lig van die totale persoonsbeeld soos saamgestel uit die gegewens wat deur al drie die spesialiste versamel is.

7.3 DIE WERK VAN DIE PSIGOLOOG

7.3.1 Organisasie van die ondersoekprogram

Die psigoloog van 'n PMS-sentrum staan as direkteur aan die hoof van die sentrum. Hy het as direkteur die taak om die werksaamhede van die PMS-personeellede te koördineer en voorligtingsgesprekke met kinders, hul ouers en hul onderwysers te voer. In laasgenoemde hoedanigheid word daar ook na hom verwys as adviseur-direkteur. Nieteenstaande hierdie posisie van die psigoloog, moet hy hom ook weerhou van terreinoortreding en die ander personeellede raadpleeg in gesprekke met leerlinge, ouers of onderwysers.

Die psigoloog van 'n PMS-sentrum het as hoofsaak die begeleiding van leerlinge ten aansien van die verwerkliking van hul persoonsoomsommoontlikhede. Die welslae hiervan hang ten nouste saam met die diagnostiese ondersoek wat ten doel het om die leerling as persoon te leer ken. Die enigste wyse om tot sodanige kennis van die kind as persoon te kom, is deur middel van 'n volledige gespesialiseerde ondersoek. Weens die verpligte opsporingsondersoeke van alle leerlinge op sekere onderwysniveaus is daar egter nie genoeg tyd beskikbaar om elke leerling aan 'n intensiewe ondersoek te onderwerp nie.

Die opsporingsondersoek het ten doel om probleme op te spoor en aan te teken vir verdere bemoeienis deur die PMS-personeel met die betrokke leerling. Daardeur word gepoog om verdere probleme wat in die lig van die versamelde gegewens in die opsporingsondersoek voorsien word, te voorkom of te bekamp deur voorligting aan die betrokke leerlinge en hul ouers waar dit nodig blyk te wees. Leerlinge wat tydens die opsporingsondersoek sekere probleme vertoon, word aan meer intensiewe ondersoeke onderwerp afhangende van die aard en omvang van hul probleem. So word daar dan in die werkprogram van die PMS-sentra onderskei tussen verskillende ondersoeke:

- (1) Met die opsporingsondersoek wat reeds genoem is, word 'n minimum groepsmedia ingeskakel ter evaluering van die leerling se moontlikhede ten aansien van verbale, syfer- en vormgegewens, beroepsbelangstelling en sosio-afektiewe verhoudinge. Die verkreeë gegewens word gekontroleer met gegewens verkry uit die mediese ondersoek en die sosiale vraelys.
- (2) Die indiwiduele opsporingsondersoek het ten doel om meer gegewens te bekom aangaande die leerling en sy probleem deur die inskakeling van enkele media. Daar word gepoog om die probleem wat opgespoor is, te bevestig en die leerling se persoonstruktuur verder te verken.
- (3) Die indiwiduele ondersoek omvat benewens voorgenoemde, ook nog onderhoude met die leerling en sy ouers en waar nodig, 'n kliniese ondersoek ten aansien van sy spesifieke probleme.
- (4) Die gespesialiseerde ondersoek omvat verdere verkenning ten aansien van die besondere probleme van die leerling met die oog op die opheffing daarvan deur die nodige terapie.

7.3.2 Vorbereiding vir die ondersoek en toetsinskakeling

Net soos 'n individuele ondersoek voorafgegaan moet word deur 'n ontmoeting tussen die ondersoeker en die leerling, moet ook die ondersoek in groepsverband voorafgegaan word deur 'n ontmoeting in die vorm van 'n inleidende praatjie deur die ondersoeker en geleentheid vir vrae deur die leerlinge. Die toetssituasie mag nie gelykgestel word aan 'n eksamensituasie nie. Die ontmoetingsgebeure moet stimulerend wees en vertroue skep by die leerlinge sodat die gegewens wat die toetsafnemer deur die inskakeling van die media bekom, betroubaar sal wees en net aangewend sal word tot die leerling se beswil. Onder sulke omstandighede sal die toetsafnemer die samewerking van die leerlinge verkry en hul belangstelling wek om betroubare gegewens aan hom beskikbaar te stel.

7.3.3 Verwerking en individuele evaluering van resultate

Na inskakeling van die onderskeie verkenningmedia word die antwoordblaaie waar moontlik meganies nagesien en die resultate in die persoonlike lêer van elke leerling aangeteken. Die betroubaarheid van die toetsresultate moet eers bevestig word deur kruisvergelyking met ander toetsuitslae. Wanneer hierdie evaluering van die resultate onbetroubaarheid aantoon, moet 'n kontrole-ondersoek uitgevoer word. Daarvoor word 'n afsonderlike lêer vir individuele ondersoek op die terrein waarin die onbetroubaarheid lê, aangê. Die beskikbare gegewens word in hierdie stadium in oorleg met die sosiale assistent vergelyk met gegewens uit die sosiale/familiale vraelyste en vroeëre skoolprestasies. Enige probleme en/of teenstrydighede wat uit hierdie twee stelle gegewens aan die lig tree, word in die persoonlike lêer aangeteken vir verdere aandag. In oorleg met die verpleegster word alle gegewens wat moontlik pedagogiese implikasies mag hê, van die mediese verslag af na die persoonlike lêer oorgedra.

7.3.4 Vorbereiding van verslag aan die skool

Die doel met die persoonlike lêer is om uit die gegewens wat daarin versamel is, 'n verslag op te stel aangaande probleme wat die kind in die skool mag hê. In hierdie verslag word aandag gegee aan:

- (1) Verstandsmoontlikhede met die oog op differensiering ten aansien van letterkundige, wetenskaplike of tegniese studierigtings.

- (2) Affektiewe wordingsniveau van die kind ten aansien van afhanklikheid, selfstandigheid en volwassenheid.
- (3) Belangstelling, sosiale integrasie en fisiologiese groei.

In hierdie verslag wat aan die skole beskikbaar gestel word, word die leerling se gekose studierigting geëvalueer in die lig van sy moontlikhede en word daar verslag gedoen van tendense soos onder andere uiteenlopende belangstelling, gebrek aan belangstelling en te hoë of te lae aspirasiepeil.

7.3.5 Voorligtingsgesprek met die ouers

Na eventuele bespreking van die verslag met die onderwysers, berei die psigoloog homself voor vir die gesprek met die leerling se ouers. Die ervaring van die PMS-sentra toon dat sodanige opvolging van die opsporingsondersoeke by 15 tot 20 persent van hul opsporingsondersoeke nodig is. Die doel van die onderhoud met die ouers is tweeledig, naamlik om die ouers en leerling te konfronteer met die bevindinge van die ondersoek en om hul reaksies daarop te observeer ter evaluering van hul intensionaliteit en gesindheid. In die lig van hierdie gesprek met die ouers, word daarna voorligtingsgesprekke met die leerling en waar nodig ook met die ouers gevoer om eerstens deur motiveering die nodige oriëntering by leerlinge te bewerkstellig, tweedens aan begaafde leerlinge en onderpresteerders hul moontlikhede voor te hou ter onderskraging van hul selfbeoordeling en selfbegrip en derdens hulp te verleen ten einde werk- en studiemetodes te verbeter.

7.3.6 Die psigoloog se aandeel in die "klasseraden"

Die voorgediskap van die psigoloog in die vergadering van die onderwysers van die betrokke leerlinge het ten doel om:

- (1) onderwysers bewus te maak watter van die aangeleenthede wat hulle daagliks observeer, segwaarde het vir die persoonstruktuurontwikkeling van 'n kind;
- (2) aan onderwysers hulp te verleen by die ontwerp van ortopedagogiese programme ter heroriëntering van leerlinge wat probleme ondervind met hul sosiale inskakeling en/of optimale verwerking van hul persoonmoontlikhede;
- (3) die pedagogiese implikasies van die probleme wat tydens PMS-ondersoeke opgespoor is, duidelik in opvoedkundige terme te verwoord;

- (4) aan die onderwyspersoneel die dinamiese implikasies van die problematiese gedragingswyses wat tydens PMS-onder=soeke waargeneem is, te verduidelik;
- (5) tydens die gesprekke in die "klasseraad" die belangrikheid van die verskille tussen toetsgegevens en observasiege=gewens te beklemtoon;
- (6) eksamenresultate te evalueer en oorsake te soek vir afwykings tussen die geskatte moontlikhede en gelewerde prestasies;
- (7) deur tydige bemoeienis (ortopedagogiese) met gedrags=afwykende kinders dade te voorkom wat onder die wetlik vasgelegde etiese reëls strafbaar is.

7.3.7 Die psigoloog en familiale voogdy

- (1) Die familiale voogdy met die doel om by ouers 'n gunstige gesindheid vir die sosiale integrasie van hul kinders te wek, ressorteer onder die opdrag van die sosiale assisten=te.
- (2) Die familiale voogdy met die doel om die motiveringspeil van 'n gesin te bevorder, ressorteer onder die opdrag van die psigoloog=adviseur.
- (3) Die gesinsvoogdy met as doel die oriëntering van die gesin ten aansien van liggaamlike probleme wat reggestel moet word met die oog op suksesvolle studie en beroepsbeoefening, ressorteer onder die opdrag van die verpleegster van die PMS=personeel.

Die bemoeienis van die psigoloog van die PMS=sentrum met die ouers vind plaas op oueraande waarin hy die klem laat val op die aandeel van die gesin in die wyse waarop 'n kind sy moontlik=hede verwerklik, asook inligting oor die onderwys= en ekonomiese struktuur en die eise wat dit aan leerlinge stel. Andersyds vind sy bemoeienis met ouers plaas tydens onderhoude met spesifieke ouers waartydens die persoonsbeeld van hul kind soos verkry deur die ondersoek, bespreek word.

7.4 DIE WERK VAN DIE MEDIKUS

7.4.1 Die medikus se opdrag in die PMS=raamwerk

In 1962 het die PMS=sentra die opdrag gekry om die mediese voogdy oor skole te behartig ten aansien van alle sekondêre skool=leerlinge, alle leerlinge in hul sesde primêre skool=jaar en

alle primêre skool-leerlinge wat 'n pedagogiese agterstand vertoon. Hierdie opdrag sluit uitdruklik alle mediese behandeling deur 'n medikus verbonde aan 'n PMS-sentrum uit (14, p. 62). Die gesondheidstoetsing van die PMS-sentra het juis ten doen om leerlinge na huisartse, tandartse, oogartse en spesialiste te verwys (28, p. 33). Volgens hierdie opdrag moet mediese ondersoeke voldoen aan die eise van sowel die mediese skoolinspeksie (skoolmediese diens) as die mediese voogdy en moet die geneesheer aan die adviseur-direkteur verslag doen met die oog op beroepsoriëntering en psigologiese voogdy. Hierdie verslag geskied onder vaste voorskrifte wat verhinder dat die medikus in sy werksaamhede op die terrein van die psigoloog, sosiale-assistent of skoolowerheid sal oortree. Die verantwoordelikheid om die bevindinge wat die medikus in die persoonlike leeropteken, oor te dra aan die onderwyspersoneel, ouers en leerlinge, berus by die adviseur-direkteur. Die besluit om by ouers aan te beveel dat hulle hul huisdokter insake hul kind moet gaan raadpleeg, berus egter by die medikus. Hierbenewens is medici van die PMS-sentra verantwoordelik (volgens vaste voorskrifte) vir die opsporing, bestryding en voorkoming van aansteeklike siektes in skole.

7.4.2 Nadere omskrywing van die taak van die medikus

a. Die rol van medici verbonde aan PMS-sentra

Die opdrag aan geneeshere verbonde aan die PMS-sentra omvat 'n tweeledige doelstelling, naamlik eerstens die opsporing van fisiese tekorte by leerlinge soos omskryf deur die skoolmediese diens en tweedens in samewerking met die huisdokter, skoolverpleegster en sosiale werkster, 'n so noukeurig moontlike diagnose van elke leerling se gesondheidstoestand. Ten aansien van genoemde diagnose moet die medikus kennis neem van beskikbare mediese gegewens soos verkry uit vroeëre opsporingsondersoeke deur die mediese skoolinspeksie en klinieke vir voorkomende geneeskunde. Die diagnose geskied aan die hand van biometriese en sensoriese gegewens en sluit ook 'n elementêre urine-onderzoek in. Enige afwykings wat waargeneem word, word aan die betrokkenes meegeedeel en verwys na die huisdokter of spesialis na die keuse van die ouers.

In sy verslag moet die geneesheer sy bevindinge evalueer, eensyds in verband met die algemene gesondheidstoestand van die leerling en andersyds in verband met die implikasies wat dit mag hê vir die leerling se verwerkliking van sy moontlikhede in studie- en latere beroepsaktiwiteite. 'n Algemene verslag insake gesondheidstoestand en moontlike mediese behandeling word aan die betrokkenes of sy ouers gestuur. 'n Meer besondere verslag

insake die leerling se studie- en beroepsmoontlikhede word aan die adviseur-direkteur voorgelê vir bekendmaking aan die betrokke leerling en/of sy ouers. Laasgenoemde verslag moet gegewens bevat oor onder andere die leerling se aandags- en konsentrasievermoë, temperament en senu-toestand en faktore in sy fisiologiese ontwikkeling wat sy psigiese lewe mag beïnvloed. In die lig van hierdie verslag van die medikus moet later weer aan hom verslag gedoen word van die bemoeienis wat deur die onderskeie ander lede van die PMS-span met die leerling gemaak is.

b. Verslaggewing van die medikus ten aansien van gesondheidsvoogdy en psigologiese voogdy

Ten aansien van die gesondheidsvoogdy het die PMS-sentra 'n stelsel waarvolgens aan die hand van gestandaardiseerde tabelle en grafieke betreffende liggaamsgewig en -lengte, spierontwikkeling, puberteitsontwikkeling en motariese ontwikkeling, elke leerling se stand ten aansien van hierdie ontwikkelingsfasette bepaal kan word in vergelyking met die gestandaardiseerde norme vir sy groep.

Ten aansien van die psigologiese voogdy poog die medici van die PMS-sentra om tydens hul diagnose observasies te doen ten aansien van temperamentsveranderlikes soos sensustelsel, funksionele, endokriene en metaboliese tipologieë. Hierdie mediese observasie is belangrik, maar uiters moeilik omdat genoemde veranderlikes sigself dikwels op verskillende wyses by verskillende leerlinge manifesteer.

7.5 DIE WERK VAN DIE VERPLEEGSTERS

7.5.1 Afgrensing en omskrywing van opdrag

a. Toevallige uitkenning van siektes

Die skoolverpleegster is vir die uitvoering van haar opdrag beperk tot die milieu van die skool. Die skoolhoof moet enige siektetoestand na haar verwys vir verdere aandag en voorbereiding vir die ondersoek deur die PMS-medikus. Na sodanige ondersoek is dit die taak van die verpleegster om waar nodig, die siekte-toestand aan die Gesondheidsinspekteur, Inspekteur van die Skoolmediese diens, Minister van Volksgesondheid en die skoolhoof te rapporteer.

b. Die Tuberkulose-ondersoek

Die opsporing van Tuberkulose maak deel uit van die sistematiese opsporingsondersoek van die PMS-voogdy. Die verpleegster moet sodanige ondersoeke reël en die uitslae aanteken en teringlyers aan instansies genoem onder paragraaf A rapporteer asook aan die "Nasionaal Werk voor Tuberkulose" wat verdere toelig en behandeling sal oorneem. Hierbenewens moet die verpleegster meehelp met die jaarlikse mediese ondersoek ten aansien van die opsporing van fisiese tekortkominge en aansteeklike siektes en moet sy verdere mediese ondersoeke inisieer ten aansien van dié tekortkominge wat nadelige implikasies vir die leerling se skolastiese vordering mag hê. Die verpleegster is ook verantwoordelik om namens die medikus sekere toepaslike besonderhede uit die bevindinge van die ondersoek aan die ouers en huisdokter oor te dra met die oog op terapie of verwysing na 'n spesialis. In dieselfde hoedanigheid moet sy ook aan die skool besonderhede bekendstel ter wille van die toereikende deelname van die leerling aan die skoolaktiwiteite en in besonder deelname aan lesse in liggaamlike opvoeding.

Die verpleegster moet dus die belangrikheid van 'n leerling se fisiese gezondheidstoestand vir enige pedagogiese probleme evalueer, sodat die adviseur-direkteur aan die hand van sodanige evaluering bemoediging met die leerling kan maak.

In die lig van hul spesifieke opleiding is die medikus en verpleegster verplig om hulp en bystand te verleen ten aansien van enige ongeval wat tydens hul aanwesigheid by 'n skool mag plaasvind. Weens die verbod op alle mediese behandeling, mag die medikus en verpleegster van die PMS-sentra egter selfs tydens 'n ongeval nie die plek inneem van die huisdokter en huisverpleegster nie (28, p. 33).

7.5.2 Die verpleegster se aandeel in die medikus se ondersoek

Die verpleegster is verantwoordelik vir die voorlopige evaluering van alle beskikbare gegewens wat vir die medikus tydens sy ondersoek belangrik mag wees. Hierdie evaluering sluit in eerstens 'n ordening van anamnitiese gegewens en die aanvulling daarvan uit onderhoude met die leerling en sy ouers, asook, in samewerking met die sosiale assistent, uit familiële vraelyste in 'n poging om inligting te bekom oor die leerling se gedraging. Tweedens behels genoemde voorlopige evaluering die inwin van sensoriese en biometriese gegewens ten aansien van die leerling se sintuie, urine en liggaamsmate in vergelyking met die gestandaardiseerde ontwikkelingsprofiel vir sy groep. Derdens moet die leerling klinies noukeurig waargeneem word tydens die sensories-bietriese ondersoek.

7.5.3 Analise van bevindinge van die mediese ondersoek

Terwyl die medikus verantwoordelik is om die totale bevindinge van sy ondersoek en moontlike behandeling/terapie in die leerling se persoonlike lêer aan te teken, is dit die taak van die verpleegster om in oorleg met die medikus, hierdie bevindinge te evalueer na die implikasies daarvan vir die leerling se skoolastiese vordering en sosiale inskakeling. Aan die hand van die aantekeninge van die medikus moet die verpleegster die verslae aan die ouers opstel betreffende verwysing na die huisdokter of spesialis en die ouers in dié verband te woord staan.

Benewens voorgenoemde is dit die taak van die verpleegster om al die bevindinge van 'n ondersoek te vergelyk met die bevindinge van vorige ondersoeke ten einde ooreenkomste en verskille te ontdek en om die implikasies daarvan in verband te probeer bring met inligting betreffende die leerling se gedraging en die mate van sukses van bemoeienis deur die adviseur-direkteur, sosiale-assistent of huisdokter. Ter voorbereiding van hierdie bemoeienis moet die verpleegster die belangrikheid van die leerling se liggaamstoestand vir sy totale liggaamsbeewing naspreek. Sy moet die moontlike implikasies daarvan op onder andere sy geestestoestand, aandag- en konsentrasievermoë aandui vir kennisname en bespreking tydens voorligtingsbesprekings met die oog op die ontwerp van wyses om die liggaamstoestand te verbeter of die leerling te steun tot positiewe aanvaarding daarvan.

7.5.4 Die verpleegster se taak ten aansien van die voorkoming van aansteeklike siektes

a. Inentings

Die wetlik verpligte inenting teen sekere aansteeklike siektes ressorteer onder die "Inspektie voor Hygiëne", maar in gevalle waar aansteeklike siektes in 'n skool voorkom, is dit die taak van die medikus en verpleegster van die PMS-sentra om dié leerlinge wat regstreeks gevaar staan om die siekte op te doen, in te ent.

b. Funksionele verantwoordelikheid

Gesondheidsvoogdy is die verantwoordelikheid van die medikus en verpleegster van die PMS-sentrum. Hoewel die adviseur-direkteur tydens onderhoude met die ouers die bevindinge en aanbevelings van die medikus aan die ouers meedeel, is hierdie mededeling beperk tot dié gegewens wat die verpleegster in haar verslae oor die medikus se bevindinge aan hom voorlê.

c. Operasionele verantwoordelikheid

Die medikus en verpleegster is verantwoordelik vir die toesig oor aansteeklike siektes in sowel die primêre as sekondêre skole in hul werkgebied. Ten aansien van die ondersoek vir tuberkulose is dit hul taak om die nodige ondersoeke te organiseer in sowel primêre as sekondêre skole. Die leerlinge en onderwysers van die primêre skool staan onder wetlike verpligting om hulle aan hierdie ondersoeke te onderwerp. Ten aansien van hierdie besondere ondersoek moet die adviseur-direkteur die nodige korrespondensie met die ondersoekinstansie voer om 'n datum te reël en die getal leerlinge wat ondersoek moet word, mee te deel. Die verpleegster vervul in hierdie ondersoek die rol om die nodige kennisgewing aan die ouers te besorg en hul toestemmings-/weieringsbriewe te versamel en op lêer te plaas. Sy lewer bystand tydens die ondersoek en is daarna behulpzaam in die onderhoude met ouers van leerlinge wat duidings van tuberkulose vertoon.

7.6 DIE WERK VAN DIE SOSIALE-ASSISTENT

7.6.1 Afgrensing en omskrywing van opdrag

Die sosiale-assistent van die PMS-sentrum se werksaamhede is beperk tot sy/haar eie werkterrein, naamlik die opsporing, ondersoek en hulpverlening in gevalle waar leerlinge se sosialisering misgeloop het met gevolglike implikasies vir sy gesitueerdheid op skool. Die werksaamhede van die sosiale-assistent van PMS-sentra is dus beperk tot sosiale voogdy vir sover dit die leerling se inskakeling in die skool raak. In gevalle waar bemoeienis na die huisgesin uitgebrei behoort te word, is dit die taak van die PMS-sosiale-assistent om sodanige gevalle onder die aandag van die personeel van die betrokke welsynsorganisasie te bring.

Ofskoon die PMS-personeel nie by magte is om hulle met sosiale en/of gesinsmoeilikhede in te meng nie, is dit tog nodig dat hulle op die hoogte sal wees met die sosiale milieu waarin die skool geleë is en die sosiale en maatskaplike dienste wat daar in die streek bestaan. Hulle moet kennis neem van die ekonomiese toestand, vryetydsbesteding en kulturele niveau van die streeksbewoners asook tendense ten aansien van geskooldheid, beroepstipes en gesindheid teenoor verwerwing van beroepsbekwaamhede. Uit die gegewens wat by die skool ingewin word, moet 'n beeld saamgestel word van die gesinsomstandighede waarin die onderskeie leerlinge gesitueerd is.

Die totale opdrag van die sosiale-assistent van die PMS-sentra is dus om gesinsomstandighede te ontdek wat die leerling se sosiale inskakeling op skool en sy skolastiese prestasie mag beïnvloed. Met die oog hierop neem die sosiale-assistent deel aan opsporings-, individuele en gespesialiseerde ondersoeke. Die sosiale-assistent hanteer ook, in opdrag van die adviseur-direkteur, alle onderhoude waarin interpersoonlike verhoudinge ter sprake kom.

7.6.2 Opsporing en analise van ongunstige huislike milieu

Die sosiale-assistent van die PMS-sentra is verantwoordelik vir die opsporing van alle leerlinge met probleme ten aansien van hul sosialisering. Hierdie leerlinge se probleme spruit gewoonlik daaruit dat hulle weeskinders is, of kinders van geskeide ouers, of aangenome kinders, of immigrante of kinders van wie die kulturele milieu van die gesin laer is as dié van die skool, of kinders wat weens oormatige skoolwisseling 'n agterstand beleef. Tydens die onderhoude moet die sosiale-assistent poog om die gesindheid van die leerlinge en hul ouers te peil met die oog op uitkenning van faktore wat mag meewerk om die problematiek van die leerling te vererger. Alle gegewens wat sodoende ingesamel word, word aangeteken en tydens groepsbesprekings deur die PMS-personeel aan die adviseur-direkteur gerapporteer met die oog op beplanning en voorbereiding vir individuele voorligtingsgesprekke.

7.6.3 Opsporing van mislukkinge

Die sosiale-assistent het as taak om aan die hand van 'n vaste jaarprogram primêre skool-leerlinge wat in hul vordering twee jaar en meer agter raak by hul ouderdomsgroep en sekondêre skool-leerlinge wat in die verskillende eksamens misluk, op te spoor en te poog om aan die hand van vraelyste en onderhoude met die leerlinge, ouers en onderwysers, vas te stel wat die agterstand/mislukking ten grondslag lê. Ook hierdie gegewens word aangeteken op die persoonlike lêer van die betrokke leerling en is ter insae vir die adviseur-direkteur gedurende sy voorligtingsgesprek waartydens hy moet besluit of 'n individuele gespesialiseerde ondersoek vir die betrokke leerling aangevra moet word al dan nie. Die bevindinge van hierdie ondersoek word mondeling aan die ouers meegedeel en ook aan die skoolpersoneel tydens vergaderinge van die "klasserade" waarop die PMS-personeel en skoolpersoneel van 'n besondere klas gesamentlik sitting het.

7.6.4 Die integrasie van die sosiale-assistent by die ondersoekprogram van ander PMS-personeel

Wanneer die werkterrein van die sosiale-assistent tydens opsporings-, individuele en gespesialiseerde ondersoeke betree word, word die sosiale assistent betrek om sy gespesialiseerde aandeel daaraan te hê. Tydens die groepsbesprekings van die PMS-personeel is dit die sosiale-assistent se taak om die psigo-sosiale probleme van leerlinge te formuleer en die moontlike sosialiseringimplikasies daarvan aan te toon ter aanvulling van die bevindinge van die adviseur en die verpleegster/medikus. Benewens onderhoude met leerlinge wie se probleme binne die spesialiseringsterrein van die sosiale-assistent val, moet die sosiale-assistent ook die leerling se ouers en onderwysers in hierdie saak betrek deur ook aan hulle die nodige voorligting te gee ten aansien van hulpverlening aan die leerling.

7.7 BEROEPSINLIGTING

In België bestaan daar geen gespesialiseerde samestellings- en verspreidingsdiens van beroepsinligting nie. Gevolglik berus die verantwoordelikheid by die psigoloog-adviseurs van die PMS-sentra om die nodige dokumentasie van sodanige inligting by te hou. Ten einde oneindige duplisering te voorkom, word beoog om hierdie werk te koördineer. Al die sentra kan in die vrag van mekaar se arbeid deel deur die verspreiding van "beroepsflitse" wat uit vrywillige bydraes van PMS-personeel saamgestel word. Ter wille van eenvormigheid is die volgende riglyne vir die samestelling van so 'n beroepsflits neergelê:

- Hoofstuk 1 Vereenselwiging met die beroep.
 - 1.1 Naam van die beroep.
 - 1.2 Definisie van die beroep.
 - 1.3 Beskrywing van die beroep.
 - 1.4 Arbeidsomstandighede.
- Hoofstuk 2 Beroepsvoorbereiding en opleiding.
- Hoofstuk 3 Situasia van die arbeidsmark en vooruitsigte vir die toekoms.
- Hoofstuk 4 Beraming van salaris en lone.

Die bladsye van hierdie beroepsflitse is los sodat nuwe bladsye ingevoeg kan word waar dit, in die lig van moontlike veranderinge wat in die beroepe mag intree, nodig mag word.

7.8 PMS-SENTRA EN DIE "VERNIEUWDE SECUNDAIRE ONDERWIJS" (VSO)

7.8.1 Funksieverskuiwing

Sedert sy ontstaan is die PMS-sentra gemoeid met die uitvoering van twee belangrike opdragte, naamlik begeleiding van leerlinge ten aansien van "leer- en aanpassingsmoelijkheden" (45, p. 61). In die tradisionele onderwys was voorgenoemde begeleiding hoofsaaklik individueel gerig, maar met die inwerkingtreding van VSO het daar 'n funksieverskuiwing plaasgevind en behels die werk van PMS-personeel ook groepsbegeleiding ten einde die doelstellings van die vernieuwde onderwys te help verwerklik.

a. Direkte begeleiding

Die aspek van direkte of individuele begeleiding het onder die bedeling van die VSO behoue gebly, want "ondanks die hoop dat verandering van onderwys tot verbetering leidt, zal men moeten rekenen dat ieder onderwijssysteem en iedere onderwijsvorm zijn zwakten heeft, die door de ene docent ook meer worden doorgegeven dan de andere en die bij bepaalde leerlingen wel en bij anderen niet tot gevolgen leidt" (40, p. 363).

Die veranderinge wat deur die VSO in die onderwys teweeggebring is, het wel tot gevolg dat die aard van die individuele begeleiding moes verander. Die instelling van 'n observasie- en oriëntasiesiklus impliseer dat die keusemoment ten aansien van studierigting verskuif word van die einde primêre/begin sekondêre onderwys na 'n stadium binne die sekondêre onderwys. Dit bring 'n groter verspreiding van keusemomente mee wat weer 'n besliste uitwerking op die aard van die PMS-werksaamhede het. Die outonome, losstaande karakter wat die PMS-sentra vroeër vertoon het, moet noodwendig verander omdat die PMS-sentrum direk betrokke raak by die skool en skoolorganisasie in hul taak om die leerlinge te oriënteer om op 14-jarige ouderdom (aan die begin van die oriënteringssiklus) 'n studierigting te kies en op 16-jarige ouderdom (begin van die determinasiesiklus) 'n definitiewe vakkombinasie te kies vir hul studie ter verwerwing van hul sekondêre onderwysertifikaat. Hierdie begeleidingswerk kan onmoontlik nie gedoen word sonder dat die PMS-personeel baie noue skakeling met die skool en skoolpersoneel bewerkstellig nie. Studiekeusebegeleiding as aanvanklike opdrag van die PMS-sentra kry dus in die VSO 'n nuwe ritme en groter kontinuiteit as wat die geval onder die ou bedeling was. Die totale aard en omvang van die PMS-begeleidingswerk het sowel na inhoud as metodiek verander. Ook vir die ouers en leerlinge was die opgaaf tot meermalige keuse van vakkombinasies by die aanvang van

elk van die drie sekondêre onderwyssiklusse iets heeltemal anders as die eertydse eenmalige keuse van 'n studierigting by toetrede tot die sekondêre skool. Hierdie groter verspreiding van keusemomente impliseer 'n toenemende keusevolwassenheid by elke leerling. Die taak van die skool en PMS-sentra lê juis daarin dat weë en middele gesoek moet word om leerlinge te begelei en te steun tot genoemde keusevolwassenheid waardeur hulle in staat sal word tot werklike verantwoordbare selfkeuse.

Ten aansien van die tweede opdrag van die PMS-sentra, naamlik die begeleiding van leerlinge met "leer- en aanpassingsmoeilikheden", is in die nuwe VSO-bedeling 'n aantal voorsieninge gemaak wat 'n belangrike bydrae kan lewer tot die opheffing van die probleem van onderprestasie by leerlinge. So byvoorbeeld is die "aanpassingsjaar" geskep vir leerlinge wat nieteenstaande voltooiing van hul primêre skool-loopbaan, nog nie gereed is vir sekondêre onderwys nie. Hierbenewens is in die sekondêre skool voorsiening gemaak vir geleide oefening met klein leerlinggroepe, "inhaalklasse", taakbesprekings, gevalbesprekings en verligting van die slaagvereistes deur inperkings van die aantal vakke wat 'n leerling moet slaag om bevorder te word. Ten aansien van dié vakke waarin 'n leerling druipe, word hy by inhaalklasse of geleide oefenklasse betrek om sy standaard op peil te bring. Hoewel begeleiding van kinders met leermoeilikhede vroeër in die opdrag van die PMS-sentra ingesluit was, doen die geleentheid hom nou voor om die kontinue begeleidingswerk te baseer op die bevindinge van die PMS-span en om benewens die begeleiding van die leerlinge, ook deur te dring tot die onderwysers en aan hulle die nodige leiding en hulp te verleen ten aansien van die onderwyskundige program.

b. Indirekte begeleiding

Die onmiddellik voorgaande impliseer indirekte begeleiding waarin nie die individuele leerling nie, maar die leerlinge in die algemeen bereik word deur middel van begeleiding van die onderwyser deur die PMS-personeel. In hierdie indirekte begeleiding word die onderwyspersoneel betrek by sowel die studiekeusebegeleiding as die hulpverlening aan leerlinge met studieprobleme. Die PMS-personeel voorsien die nodige agtergrondgewens ten aansien van die leerling en doen metodes en tegnieke aan die hand vir die hulpverleningsprogram. Hierin is die funksieverskuiving ten aansien van die PMS-werksaamhede duidelik. 'n Tweede aspek van die PMS-personeel se begeleiding van die onderwyspersoneel is ten aansien van die verskaffing van inligting met betrekking tot toetsmedia, skolastiese prestasietoetse en observasietegnieke. Om die gespesialiseerde personeel van die PMS-sentra by te staan in die pedagogiese

begeleiding van leerlinge en hul onderwysers, is 'n pedagoog opgeneem op die personeelstaat van die PMS-sentra. Hierdie toevoeging van 'n pedagoog "..... in het PMS-team leidt vrij vlug tot een verruiming van de indirecte begeleiding" (45, p. 62).

7.8.2 Taakoms krywing

a. Groepering van leerlinge

Leerlinge in die sekondêre skool kan òf in heterogene òf in homogene klasgroepe ingedeel word. Beide indelings het hul voor- en nadele. Daar is nog nie uitsluitel gekry oor watter indeling die effektiëfste is vir die verwerkliking van leerprestasies nie. Die PMS-sentra se bevinding is dat albei goeie en swak resultate lewer en dat heterogene groepering net sulke goeie resultate lewer as homogene groepering mits die gesindheid van die onderwysers positief is ten aansien van die betrokke wyse van indeling (45, p. 63).

In die VSO-era word beswaar geopper teen homogene klasindeling as sou dit strydig wees met een van die doelstellings van VSO, naamlik "dat de leerlingen niet vroegtijdig mogen worden gedetermineerd" (45, p. 63). Andersyds het die probleem bestaan dat by volstrekte heterogene klasindeling daar baie onderwysers sou wees wat nie die nodige ervaring gehad het in didaktiese differensiering binne klasverband nie.

Met voorgenoemde in gedagte, het die PMS-sentra aan die Mater Dei Instituut 'n stelsel ontwerp waarvolgens leerlinge hulle afwisselend in homogene en heterogene klasgroepe bevind (25, p. 63). Gedurende die eerste drie maande van die eerste jaar in die observasiesiklus volg alle leerlinge alle vakke in heterogene klasgroepe. Na verloop van hierdie periode word die leerlinge ten aansien van enkele vakke in niveaugroepe op grond van skolastiese prestasie ingedeel. Daar kan soveel niveaugroepe gevorm word as wat daar klasgroepe in die eerste observasiejaar bestaan. Vir die vakke waarin die leerlinge nie in niveaugroepe ingedeel is nie, word hulle in heterogene klasverband onderrig, maar vir die enkele vakke waarin hulle in niveaugroepe ingedeel is "zwermdede idereen uit naar de eigen niveaugroep" (45, p. 63). Organisasories impliseer dit dat alle klasgroepe ten aansien van die vakke waarin hulle in niveaugroepe ingedeel is, op dieselfde lesuur in dieselfde vak onderrig moet ontvang. Skematies kan die stelsel van indeling

na die eerste drie maande soos volg voorgestel word (45, p. 63):



Hierdie stelsel van klasindeling skep egter enkele probleme. Soos reeds genoem moet elke niveaugroep op dieselfde lesuur in 'n besondere vak onderrig word. Gevolglik moet daar net soveel onderwysers vir die vak wees as wat daar niveaugroepe vir daardie vak is. Hierbenewens hang die samestelling van die heterogene groepe af van die keuse van die leerlinge ten aansien van die vakke waarin hulle 'n vrye keuse kan uitoefen. Hoewel die eksperiment nog nie afgehandel is nie, is dit reeds duidelik dat daar in die heterogene klasgroepe 'n spontane homogene groepering plaasvind, dat leerlinge indeling in homogene groepe verkies as die effektiëste leermilieu, dat die samehoorheidsgevoel by die leer milieugroepe sterker is as by die hoër niveaugroepe waar 'n sterker kompetisiegees bestaan en dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen niveaugroepe en sosio-kulturele agtergrond van die leerlinge (45, p. 64).

b. Didaktiese aspekte

1. Formulering van vakdoelstellings

Vanaf die instelling van die VSO is vakdoelstellings ten aansien van alle leervakke dwarsdeur die skooljaar sistematies geformuleer. Die uitgangspunt by die formulering was 'n leerstofanalise om te bepaal wat van die leerlinge verwag kan word. Die geformuleerde doelstellings is geklassifiseer tydens vergaderinge van die vakwerkgroepe. Die onderwysers het hierdie arbeid as sinvol beleef aangesien dit die daaropvolgende onderrigsgebeure doelgerigter laat verloop het en meer aandag gewy is aan die hoër intellektuele vaardighede. Boonop het die vakdoelstellings aanduidinge bevat van didaktiese werkvorme wat gebruik kan word waardeur die evaluering van leerprestasies vergemaklik is. Ondersoek word nog gedoen om vas te stel op welke intellektuele vaardighede elke besondere leervak 'n besondere beroep doen. Dit is reeds duidelik dat alle leervakke nie op dieselfde intellektuele vaardighede 'n beroep doen nie (45, p. 65).

2. Beplanning van die lesverloop

Die doelstellings van VSO stel besondere hoë eise aan die didaktiese aanpakwysse van die onderrigsgebeure. Die tradisionele eensydige onderrig moet plek maak vir aktiewe, leerlinggerigte onderrigsmetodes wat reg laat geskied aan die VSO-doelstellings deur differensiering binne klasverband. Voorgenoemde impliseer nie net die aanwending van nuwe didaktiese insigte en tegnieke nie, maar 'n voorafgaande wysiging van die onderwyser se gesindheid ten aansien van sy taak. Hoewel onderwysers beperkinge beleef ten aansien van klaslokale en tyd vir volledige beplanning, is daar reeds 'n groot verandering te bespeur en is alle VSO-onderwysers besig met beplanning en voorbereiding van gedifferensieerde leersituasies vir alle vakke.

3. Evaluering en observasie

Leerprestasies word om die twee tot drie maande gekontroleer aan die hand van skolastiese toetse waarvan die items deur die personeel self geredigeer word met inagneming van die vakdoelstellings soos deur die vakwerkgroepe geformuleer. Alle klasse lê dieselfde toets af en daar word gepoog om 'n eksamenatmosfeer te vermy. Toetsresultate word statisties verwerk ten einde in staat te wees om elke leerling se prestasie te kan vergelyk met die prestasie van die hele groep of klas of niveaugroep. Sodanige vergelyking geskied ook met die minimum prestasie wat gelewer moet word voordat met 'n volgende leerstap voortgegaan kan word. Hierdie norme vir minimumprestasie is deur die vakwerkgroepe opgestel.

Hierdie toetsresultate word eerstens met inagneming van die beeld van sy totale skolastiese vordering gedurende die jaar gebruik by die bepaling of 'n leerling slaag/druip aan die einde van die skooljaar. Tweedens lewer die toetsresultate nuttige aanduidings van waar leerlinge addisionele aandag nodig het. Van elke toets word 'n fouteanalise gemaak en die resultaat per klasgroep en per leerling aangeteken vir nasorgwerk. Dit geld veral ten opsigte van probleme in die uitvoer van geheueopdragte of begripsopdragte of oordrag van verworwe kennis. Derdens dien die toetsresultate as nuttige hulpmiddel by die keuse van vakkombinasies.

Benewens evaluering van leerprestasies word leerlinge kontinu gedurende die jaar waargeneem ten aansien van enkele gesindhede soos onder andere aandagskonsentrasie, selfaktiwiteit en belangstelling. Genoemde evaluering van leerprestasies en observasie van gesindhede vorm tesame met psigies-medies-sosiale gegewens verkry tydens ondersoekte deur PMS-personeel, die basis

waarop 'n persoonsbeeld van 'n leerling tydens groeppesprekings in die "klasseraad" gevorm word. Hierdie groeppesprekings geskied in drie fases. Eerstens vind 'n analise van die probleem-situasie plaas aan die hand van beskikbare gegewens oor die leerling - persoonsbeeldsamestelling. Tweedens word 'n diagnostiese hipotese geformuleer en derdens 'n terapeutiese program uitgewerk. Hierdie program behels onder andere verdere diagnostisering aan die hand van bykomende observasie, 'n sosiaal en/of psigologiese ondersoek, 'n ortodidaktiese werkprogram en 'n gesamentlike pedagogiese houding by die personeel ten opsigte van die leerling en besluite ten aansien van ortopedagogiese bemoeienis en/of "inhaalklasse". 'n Verslag van sodanige groeppespreking word aan elke vakonderwyser voorsien. Verslag word ook aan die ouers en die leerling gedoen.

4. Ortodidaktiese hulpverlening (Remediëring)

Ortodidaktiese hulpverlening impliseer in die Belgiese onderwys korrektiewe onderrig gebaseer op 'n analise van die foute wat 'n leerling in sy toetse begaan het. Vir hierdie onderrig word leerlinge in klein groepies ingedeel. Die beplanning, opstelling, begeleiding en nasorg van korrektiewe take is intensiewe en veeleisende werk wat veel tyd in beslag neem. Gaandeweg word 'n volledige stelsel opgebou en sal die omvang van voorarbeid daaraan verbonde in volgende jare afneem.

c. Oriëntering

"Kiezen is inherent aan het VSO" (45, p. 67). Leerlinge moet aan die einde van hul eerste observasiejaar 'n keuse doen tussen enkele vakkombinasies. Tydens die daaropvolgende observasiejaar en oriënteringsjare word hierdie vakkombinasie progressief deur verdere keuses aangepas by elke leerling se eie spesifieke begaafdheid en belangstelling. Hierdie keusemomente word benut deur die onderwys- en PMS-personeel om die leerlinge en ouers te lei tot selfstandige keuse. "Het is trouens duidelik dat oriëntering self-oriëntering beteken en dat uiteraard de rechtstreeks betrokkenen (ouders en leerlingen) het meest aktief horen te zijn, wat trouwens de meeste garanties biedt voor een groeiende keuzerijpheid" (45, p. 68). In hierdie oriënteringsprogram word tydens die eerste observasiejaar aan ouers en leerlinge "eksterne informasie" verstrekk, dit wil sê, inligting oor keusemoontlikhede, aard en inhoud van die vakkombinasies en die spesifieke begaafdheid en belangstelling wat elke kind se keuse van vakkombinasies ten grondslag lê. Tweedens word leerlinge begelei tot beter selfbegrip ("interne informasie") deur selwevaluering ten aansien van aspekte van hul persoonstruktuur wat relevant is vir hul keuses. Hierin word hulle gesteun

deur die verskaffing van 'n samevatting van die evaluerings- en observasiegegevens versamel gedurende die afgelope skooljaar ten aansien van leertempo, eindprestasie, insig en belangstelling en gesindheid jeens elke leervak. Hierdie verslag word aanvul met ondersoekgegevens van die PMS-sentrum ten aansien van algemene begaafdheid, kwalitatiewe en verbale begaafdheid en belangstelling. Leerlinge en ouers word gesteun en gelei tot sinvolle integrasie van selfkennis en studiemoontlikhede ten einde dan self te kan kies. Die onderwys- en PMS-personeel gee dus geen advies nie, maar oriënteer die ouers en leerlinge tot verantwoordbare selfkeuse. In problematiese gevalle mag ouers en leerlinge egter 'n beroep doen op individuele hulp van die PMS-personeel. Dit staan die onderwys- en PMS-personeel ook vry om besware te opper teen keuses wat nie verantwoordbaar blyk te wees nie.

Die PMS-sentra se bevinding was dat 78 persent van die leerlinge en ouers met die nodige oriëntering ten aansien van "eksterne informasie" self hul vakkombinasie kan kies, 10 persent is daartoe in staat na individuele hulp by die PMS-sentra terwyl die orige 12 persent geen keuse kan doen nie en uiteindelik die aanbeveling van die onderwys- en PMS-personeel aanvaar (45, p. 68).

7.8.3 Begeleiding

a. Die begeleidingspan

In die VSO-bedeling is die PMS-personeel wat bestaan het uit 'n psigoloog, medikus en sosiale werker, aangevul deur die toevoeging van 'n pedagoog. Die psigoloog hou hom besig met direkte begeleiding van individuele leerlinge met "studie-, aanpassings- of keuzeprobleme". Die maatskaplike werker bemoei hom soms wel direk met leerlinge, maar werk meestal indirek deur begeleiding van die ouers en onderwysers. Die pedagoog beperk hom hoofsaaklik tot die begeleiding van die onderwysers ten aansien van die veranderinge wat by hulle en in die onderrigsgebeure moet plaasvind onder die VSO. Die spanwerk van die PMS-personeel bly egter behoue deurdat die lede voortdurend met mekaar oorleg pleeg en met mekaar saamwerk ter voltrekking van hul kontinue begeleidingsfunksie.

b. Die onderwysers

Die aandeel van onderwyspersoneel in die invoering van VSO by skole het in groot mate die sukses van die vernuwing gewaarborg. 'n Behoefte aan verandering en vernuwing is algemeen in onderwyskringe aanvoel. Die onderwysers wat in die eerste

jaar met VSO sou begin, was vrywilligers - 'n waarborg vir sterk gemotiveerdheid en bereidwilligheid tot aktiewe deelname in die uitbouing van die VSO. By die besluit van 'n skoordireksie om tot VSO toe te tree, is die onderwysers dadelik betrek by die beplanning en inwerkingstelling van die nuwe stelsel. Daardeur het die betrokke personeel 'n sterk verantwoordelikhedsgevoel ontwikkel ten aansien van die sukses van die VSO. Alhoewel die personeel van die VSO-skole dikwels 'n heterogene groep gevorm het wat van middelbare skole en tegniese skole afkomstig was, het dit aan hegte samewerking vir die bereiking van 'n gemeenskaplike doel nie ontbreek nie.

c. Begeleidingsprogram

Die PMS-personeel het hulle in hul begeleidingswerk laat lei deur die vrae en behoeftes van die onderwyspersoneel. Die eerste behoefte het bestaan ten aansien van meerdere insig in die doelstellings van die VSO en 'n didaktiese perspektief daarop. Hiervoor was dit nodig om inligtingstukke op te stel waardeur die betrokke onderwysers gelei kan word tot gemeenskaplike ingesteldheid, gesindheid en verwagtinge. Op hierdie basis kan dan 'n gesamentlik beplande projek opgestel word. Voorgenoemde begeleiding is gedoen op "studiedagen" voordat die skooljaar begin het. Daar is die inligtingstukke bestudeer en bespreek en 'n gemeenskaplike werkprogram beplan. Verdere begeleiding is gedoen ten aansien van groeperingswyses, didaktiese aanpak, evaluering, algemene doelstellinge en vakdoelstellinge.

In die loop van die eerste VSO-jaar is op voorgenoemde arbeid voortgebou. Die didaktiese aanpak, beplanning van leersituasies en ortodidaktiese hulpverlening het uit die aard van die saak prioriteit geniet en is aan die hand van vier fases afgehandel. Eerstens is die probleem omskryf, nuwe inligting versamel en voorstelle geformuleer. Daarna is die hele kwessie in 'n groep bespreek met die doel om tot 'n beslissing daaroor te geraak. Sodanige beslissing is dan in die derde fase in die praktyk in werking gestel en daarna deeglik geëvalueer aan die hand van praktykervaring en, indien nodig, weer bespreek met die oog op nodige wysigings in die werkprogram. Hierdie besprekings vind plaas op weeklikse vergaderings van die onderwyspersoneel.

PMS-sentra getuig daarvan dat hul begeleidingstaak vergemaklik is deur samewerking van die onderwyspersoneel, die formulering van gemeenskaplike doelstellinge, eenvormige observasietegnieke en evalueringstelsels en gemotiveerde lesvoorbereiding. Selfs ten aansien van die begeleiding van ouers het die onderwyspersoneel 'n aktiewe aandeel geneem in die organiseer van ouervergaderings en die beskikbaarstelling van inligtingstukke en verslae.

7.8.4 Samevatting

Met die instelling van VSO is talryke veranderinge gelyktydig deurgevoer met verreikende implikasies vir die werksituasie van die onderwyser. Ervaring het geleer dat as onderwysers vooraf deeglik ingelig en voorberei is, hulle hul vernuwingstaak met ywer en entoesiasme aanpak. Hierdie entoesiasme word aansienlik versterk deur hul aktiewe deelname in die beplanning en uitwerk van hul werkprogram.

Die sukses van onderwysvernuwing berus skynbaar op die volgende:

- (1) Die vernuwingsbeginsels moet in breë trekke uitgewerk word. Die besonderhede en detailbeplanning moet gelaat word vir die deelnemende onderwysers.
- (2) Die klem moet gelê word op samewerking en aktiewe deelname deur elke deelnemende onderwyser.
- (3) Begeleiding moet in die skool self onderneem word en nie van buite nie. Begeleidingspersoneel moet by die skool ingeskakel word as deel van die onderwyspersoneel.
- (4) Begeleiding moet vir sover dit moontlik is, indirek en slegs rigtinggewend wees. Die deelnemende personeel moet begelei word om self hul probleme op te los en self beslissings te vel ten aansien van hul werkprogram en werkwyse. Voorligters moet nie doen wat die onderwysers self kan doen nie. Voorligters se werk moet gerig bly op begeleiding tot selforiëntering en selfkeuse deur leerlinge en onderwysers.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

8.1 INLEIDING

Tot dusver in die onderhawige verslag is slegs 'n feitelike beskrywing aangebied van die voorligtingstelsel(s) van die be= trokke land. Dit is gedoen met verwysing na die onderwysbeleid en daarmee gepaardgaande onderwysstelsel sodat dit plek en waarde van die voorligtingsdiens(te) daarmee duideliker in pers= pektief gestel kan word. Dit was deurgaans die bedoeling om die besonderhede so volledig moontlik weer te gee sonder om na bepaalde vooropgestelde sake te soek wat daarin mag voorkom. Die norm wat vir die beskrywing tot dusver gegeld het, was om die stelsel(s) so volledig as wat die beskikbare inligting dit toegelaat het, te beskryf. In hierdie hoofstuk word bepaalde sake verbesonder wat nie alleen as basis vir vergelyking van die verskillende lande se stelsels met mekaar sal dien nie, maar ook gebruik sal word om vas te stel in welke mate elk van die stelsels voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Die verbesondering van laas= genoemde drie sake is nie sonder rede nie. Die (ontiese) band wat tussen persoonskennis (selfkennis), onderwys en die beroeps= werklikheid bestaan, stel nie alleen die moontlikheid nie, maar ook die noodwendigheid van 'n skoolvoorligtingspraktyk in die vooruitsig. 'n Verantwoordelike en verantwoordbare keuse (onderwyskeuse, beroepskeuse) is per slot van rekening niks anders as 'n sintese tussen dit wat 'n persoon (leerling) is en dit wat as (alternatiewe) keuse aan hom voorgehou word nie. Die keuse wat 'n leerling doen, doen hy altyd in die lig van dit wat hy is (persoonsmoontlikhede) en dit wat die alternatiewe (beroeps- of onderwysmoontlikhede) te bied het. In skoolvoor= ligting gaan dit in essensie dus om voorligting of hulp aan 'n leerling ten aansien van dit wat hy is en behoort te wees (persoonsvoorligting) en dit waarop hy'n antwoord moet gee (onder= wys- en beroepskeuse). Dit spreek vanself dat die kwaliteit van kennis van genoemde sake, medebepalend gaan wees vir die kwaliteit van keuse wat 'n leerling eventueel gaan doen. Anders gestel, hoe meer 'n kind besef wat sy persoonsmoontlikhede of tekortkominge is, en hoe meer hy inligting oor onderwys- en beroepsmoontlikhede tot sy beskikking het, hoe meer verantwoor= delik en verantwoordbaar kan hy ten aansien daarvan stelling inneem. Die omgekeerde hiervan is ewe waar. 'n Leerling wat in die onderwysituasie nie aan die verwagtinge voldoen nie, of wie se (beroeps-) toekomspektief verduister is, of wie se

opvoeding nie toereikend verwerklik is nie, sal nie sonder meer tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare keuse in staat wees nie.

Wanneer persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting en alles wat daarmee saamhang, as aangeleenthede van skoolvoorligting verbesonder word, is die bedoeling nie om die totale onderwys en opvoeding van die kind daarmee vir skoolvoorligting op te eis nie. Skoolvoorligting is en bly in die laaste instansie 'n saak van opvoeding, maar dan opvoeding ten aansien van veral sedelik selfstandige keuse- en besluitvorming vir sover dit die beroepswêreld betref. Die sentrale doelstelling by enige skoolvoorligtingspraktyk wat nie sy terrein wil oorskry nie, kan dus niks anders wees as begeleiding van 'n kind tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse wat op sy beurt 'n manifestasie van die moontlikheid tot sedelik-selfstandige besluitvorming is nie.

Teen hierdie agtergrond word die voorligtingstelsels van die betrokke land in hierdie slothoofstuk bekyk. In hierdie hoofstuk gaan dit nou om 'n doelgerigte soeke na bepaalde aspekte in die stelsels om vas te stel in welke mate voorsiening gemaak word vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Die bepaalde aspekte waarna verwys is, is:

- a. Die doel met skoolvoorligting.
- b. Beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsdiens.
- c. Die opleiding van personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdiens.
- d. Die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

8.2 DOELSTELLINGS MET SKOOLVOORLIGTING IN BELGIË

8.2.1 Algemene doelstellings

Die PMS-(Psycho-medisch-sosiale) sentra en SBO-(Studie en Beroepsoriëntering) dienste in België het as gemeenskaplike opdrag om skoolowerhede en ouers te adviseer met betrekking tot die "studie en beroepsoriëntering" van leerlinge in hul sesde jaar aan die primêre skool asook aan die sekondêre skool (werkterrein van die PMS-sentra) en leerlinge in die primêre skool op aanvraag van ouers en die skool of die diens vir mediese skooltoesig (werkterrein van die SBO-diens). Hierbenewens is die PMS-sentra belas met medewerking ten aansien van die psigologiese en gesondheidstoesig oor al die leerlinge in sy werkgebied en met navorsing betreffende sy werkterrein.

In die kort historiese oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die voorligtingsdiens in België (hoofstuk 6) is die ontwikkeling van die diens geskets vanaf "Dienste voor Voorlichting bij Beroepskeuze" wat in 1912 ontstaan het om skoolverlaters van inligting te voorsien, tot 'n diens met opdrag om kennis van die psigologiese, mediese en sosiale wetenskappe gesamentlik toe te pas ter bevordering van die leer- en wårdingsgebeure en daarmee saam die beroepskeuse van leerlinge. Hierdie funksie= verandering het ten nouste saamgehang met die veranderinge wat daar van tyd tot tyd in die doelstellings met die onderwys in België ingetree het. Veral na die Tweede Wêreldoorlog het steeds meer leerlinge hulle vir sekondêre onderwys aangemeld sodat voltooiing van primêre onderwys nie meer die eindpunt vir menige leerling was nie, maar vir almal die oorgang tot sekondêre onderwys. Die werksaamhede van die voorligtingsdiens moes noodwendig by hierdie toedrag van sake aangepas word. Met die huidige vernuwung in die primêre en sekondêre onderwys moes aanpassings in hul werkprogram gemaak word ten einde meer effektief hulp te kon verleen om die onderwysdoelstellings te verwesenlik.

8.2.2 Skoolvoorligtingsdoelstellings ten aansien van onderwysvoorligting

Met die wettiging van die multi-dissiplinêre werkwyse van die voorligtingsdiens in België in 1954 is die werkterrein van die diens omskryf as opspøringsondersoeke by die begin van die primêre skool, psigologiese toesig in samewerking met die onderwyspersoneel, hulp by studie en beroepsoriëntering by voltooiing van die primêre skool-faseen telkens daarna as 'n nuwe keusemoment voordoen, beroepskeusehulp by bereiking van die boonste skoolpliggrens en studiekeusehulp by toetreding tot sekondêre onderwys. Uit hierdie omskrywing spreek die doel= stellings van skoolvoorligting ten aansien van onderwysvoorlig= ting duidelik. Die doel is naamlik 'n begeleiding van elke leerling gedurende sy totale skoolloopbaan ten einde by elke keusemoment in staat te wees om 'n verantwoordbare onderwyskeuse te kan doen.

Onder die ou bedeling moes elke Belgiese kind op twaalfjarige ouderdom 'n finale keuse doen ten aansien van sy sekondêre studierigting. Onder die VSO-bedeling (Vernieuwd Secundair Onderwijs) is hierdie keusemoment uitgestel totdat die leerling veertien jaar oud is. Gedurende die twee jaar wat hy nou grasie gekry het, tree hy tot die observasiesiklus van die sekondêre skool toe. Soos die naam van hierdie fase aandui, is daar geen finaliteit in die voorlopige keuse wat hy in staatskole wel moes doen ten aansien van enkele vakkombinasies

nie. In die Rooms-Katolieke sektor van die Belgiese onderwys word die observasiesiklus gesien as 'n fase waarin die leerling met 'n verskeidenheid vakke gekonfronteer moet word met die oog op oriëntering van die leerling teenoor die vak enersyds, en evaluering van die leerling se gesindheid teenoor en belangstelling en bekwaamheid in die vak andersyds.

Aan die einde van die observasiesiklus word 'n enger vakkeuse gedoen wat reeds 'n studierigting afbaken. Gedurende die oriënteringsiklus kan hierdie studierigting vryelik verander word. Trouens die doelstelling is om gedurende hierdie fase die aanvanklike keuse van elke leerling te evalueer en waar nodig te wysig in ooreenstemming met elke leerling se eie spesifieke begaafdheid en belangstelling. Die determinasiesiklus verg vir die eerste keer 'n finale keuse van 'n studierigting. In die verwerking van hierdie begeleidingsfunksie van die voorligtingsdiens in België dring die besef vinnig deur dat die leerling gesteun moet word tot keuseverantwoordelikheid sodat hulle na sistematiese selfondersoek (persoonstruktuurvoorligting) en selfstandige loopbaanstudie (beroepskeusevoorligting) tot verantwoorde sintese kan kom in sy studie- en beroepskeuse.

8.2.3 Skoolvoorligtingsdoelstellings ten aansien van persoonstruktuurvoorligting

Hoewel die voorligtingswerksaamhede ten aansien van onderwysvoorligting, persoonstruktuur- en beroepskeusevoorligting moeilik onderskei kan word in dié drie fasette omdat dit geïntegreerd is in die fasette van psigologiese, mediese en sosiale voogdy in die Belgiese voorligtingsdiens, kan die doelstellings met persoonstruktuurvoorligting tog duidelik herken word.

In die beskrywing van die ontstaansgeskiedenis van die voorligtingstelsel in België, is aangetoon hoedat psigoloë toetse in gebruik geneem het om leerlinge se sensoriese en liggaamlike bekwaamhede te meet. Ook is aangetoon dat mettertyd besef is dat sodanige gegewens geensins voldoende is vir doeltreffende voorligting nie omdat ander fasette van die persoonstruktuur uiters belangrik is. Hierdie besef het daartoe gelei dat die voorligtingsbemoenings toegespits geraak het op die persoon in sy totale gesitueerdheid. Daarom is vanaf 1949 reeds sosiale werkers tot die voorligtingspersoneel toegevoeg om die sosialisering van leerlinge te ondersoek met die oog op moontlike implikasies wat dit vir die verwerking van hul persoonsmoontlikhede mag inhou. Die medikus van die voorligtingspersoneel soek op sy terrein na positiewe en/of negatiewe aspekte in die fisiese gesteldheid van leerlinge wat hul

wordingsgang mag beïnvloed. Die psigoloog of adviseur se taak is om ná sy psigologiese ondersoek, aan die hand van die gegewens wat deur die onderskeie PMS-personeelle versamel is, elke leerling te begelei tot toereikende verwerking van sy persoonsmoontlikhede. Die doeltreffendheid van hierdie begeleiding hang ten nouste af van die doelmatigheid van die onderskeie personeelle se diagnostisering. Waar terapie op mediese of sosiale terrein nodig geag word, verwys die adviseur die leerling na die betrokke personeellid vir verdere bemoëienis. Die begeleidingsfunksie word nie net ten aansien van die leerlinge uitgeoefen nie, maar ook ten aansien van hul ouers en onderwysers.

8.2.4 Skoolvoorligtingsdoelstellings ten aansien van Beroepskeusevoorligting

Hoewel die voorligtingsdiens in België ontstaan het as "Dienste bij Beroepskeuze", is in die beskikbare literatuur nêrens 'n formulering van doelstellings ten aansien van beroepskeusevoorligting gevind nie. Tog is die algemene voorligtingsdoelstellings steeds afgespits op uiteindelijke beroepskeuse en dien die totale begeleidingsbemoëienis daartoe om leerlinge te steun tot toereikende verwerking van hul persoonsmoontlikhede met die oog op verantwoordbare beroepskeuse. Die verdeling van die sekondêre onderwys in 'n observasie- en oriëntasiesiklus om die determinasiesiklus vooraf te gaan, dui op die doelgerigtheid waarmee die voorligtingsdiens se begeleiding moet plaasvind. Die doelstelling met hierdie begeleiding is om leerlinge vanaf skooltoetrede tot skoolverlating te oriënteer tot selfkennis, hulp te verleen met onderwyskeuses wat op verskillende keuse-momente gedoen moet word en daardeur reeds die weg voor te berei vir uiteindelijke beroepskeuse wat sal lei tot toetrede tot die beroepswêreld of verdere studie aan 'n tersiêre inrigting.

8.3 BEHEER EN ORGANISASIE VAN SKOOLVOORLIGTING

8.3.1 Inleiding

Alvorens die beheer en organisasie van skoolvoorligting in die lig van onderwys-, persoonstruktuur en beroepskeusevoorligting bekyk kan word, is dit eers nodig om die opset van die Belgiese voorligtingsdiens kortliks in perspektief te stel. In België word skoolvoorligting aan die primêre skole behartig deur die personeel van die SBO-diens (Studie en Beroepsoriënteringsdiens) en aan die sekondêre skool deur die personeel van PMS-sentra (Psigies-medies-sosiale-sentra). Beide organisasies voer 'n outonome bestaan buite die skool maar ressorteer tog ook onder die Ministers van Opvoeding en Kultuur. Volgens wet bestaan PMS-sentra op basis van kontraktuele verbintenis met sekondêre

onderwysinstellings in 'n bepaalde streek met 'n minimum van 3 000 leerlinge. Die SBO-diens bestaan in elke inspeksiekring van die primêre onderwys. Volgens sy kontrak staan elke PMS-sentrum net sekondêre skool-leerlinge van sy werkstreek tot diens, maar die terrein van die SBO-diens mag wel betree word as daar nie 'n SBO-diens in die streek beskikbaar is nie. Die SBO-diens daarenteen voer geen sistematiese opsporingsondersoeke op primêre onderwysvlak uit nie. Daarom ook moet 'n SBO-diens sy bestaan regverdig deur die aantal ondersoeke wat per jaar gedoen word. Die SBO-diens ondersoek dus net leerlinge met leer-moeilikhede wat na die diens verwys word, maar die deure van die SBO-diens staan oop vir enige leerling hetsy primêre skool-leerling, sekondêre skool-leerling of selfs volwassenes.

8.3.2 Beheer en organisasie van skoolvoorsorging ten aansien van onderwysvoorsorging

Daar word nie in België afsonderlik voorsiening gemaak vir onderwysvoorsorging in die beheer en organisasie van die skoolvoorsorgingstelsel nie. Waar onderwysvoorsorging op primêre onderwysvlak wel gedoen word, staan dit onder beheer van die SBO-dienste wat in uitvoering van hul wetlike opdrag bemoeienis maak met alle primêre skool-leerlinge wat 'n skolastiese agterstand van meer as twee jaar vertoon. Benewens met hierdie leerlinge, maak die SBO-diens ook bemoeienis met alle leerlinge wat deur die skool of ouers of personeel van die skoolmediese toesigdiens na hulle verwys word.

Hoewel daar sterk sprake is dat die werkterrein van die PMS-sentra in die nabye toekoms ook na die primêre en pre-primêre onderwys uitgebrei sal word, neem die begeleiding van leerlinge tans in die finale primêre onderwysjaar 'n aanvang met opsporingsondersoeke waarby alle leerlinge betrek word. Dit staan enige leerling egter vry om nie aan die opsporingsondersoeke deel te neem nie aangesien beide die PMS-sentra en SBO-diens niteenstaande hul outonome bestaan, nie by magte is om ondersoeke af te dwing nie. Leerlinge kan slegs onder die Wet op mediese Skooltoesig op aanbeveling en motivering van die medikus van die mediese skooltoesigdiens, verplig word om hulle aan 'n ondersoek te onderwerp. Genoemde opsporingsondersoek word dwarsdeur die leerling se sekondêre skool-loopbaan aangevul deur kontinue observasieverslae deur die onderwysers. In gevalle waar dit nodig blyk te wees, word hierdie opsporingsondersoeke wat in groepsverband gedoen word, aangevul deur individuele opsporingsondersoeke. In die diagnostisering word daar benewens opsporingsondersoeke en individuele opsporingsondersoeke ook verder onderskei tussen individuele en gespesialiseerde ondersoeke. Die onderskeiding berus op die omvang en intensiwiteit van die ondersoeke.

Opsporingsondersoeke word gedoen in die finale primêre skool-jaar deur die psigoloog, medikus (bygestaan deur die verpleegster) en die sosiale werker, elkeen ten aansien van sy eie terrein. Na afhandeling van die ondersoeke word die verslae van die onderskeie personeellede op 'n gesamentlike vergadering bespreek en aangevul met beskikbare observasieverslae van die onderwyspersoneel. Hierdie samesprekings kulmineer in 'n gesamentlike persoonsbeeld van elke leerling in die lig waarvan dan verslag gedoen word aan die ouers, leerling en skoolpersoneel.

Die PMS-personeel se aandeel in die onderwysvoorligting strek verder tot deelname aan gereelde vergaderings van die "klasse-raad" waarop alle onderwysers van 'n klas sitting het. Op die vergaderings van die "klasseraad" word elke sekondêre skoolleerling bespreek aan die hand van verslae oor die ondersoeke deur die PMS-sentra, sy skolastiese vordering en observasieverslae van elkeen van sy onderwysers. Ten aansien van onderpresteerders of gedragsmoeilike leerlinge word intensiewer ondersoeke aangevra en/of onder toetsig en op advies van die PMS-personeel die nodige ortodidaktiese/ortopedagogiese programme vir die leerling uitgewerk. Die onderwysers moet uitvoering gee aan die programme, aangesien die PMS-sentra nie oor die nodige personeel beskik om self sodanige bemoeienis met die leerlinge te maak nie. Benewens deelname en leiding in die besprekings oor leerlinge, is dit die taak van die PMS-personeel om op "klasseraad"-vergaderinge ook die onderwyspersoneel te begelei (kyk paragraaf 8.5.2).

8.3.3 Beheer en organisasie van skoolvoorligting ten aansien van persoonstruktuurvoorligting

Ook wat betref persoonstruktuurvoorligting word daar in die Belgiese voorligtingstelsel nie afsonderlik voorsiening gemaak ten aansien van beheer en organisasie nie. In die praktyk dien die ondersoeke wat die SBO-diens op aanvraag doen en die opsporingsondersoeke van die PMS-sentra in leerlinge se sesde skooljaar as verkenningsondersoeke ten aansien van die persoonstruktuur van leerlinge. Die psigoloog, medikus en sosiale werker moet elkeen in hul verslag oor 'n ondersoek aantoon welke fasette hulle op hul besondere terrein gevind het wat positiewe/negatiewe implikasies vir die leerling se persoonstruktuur inhou. Alle gegewens wat deur die multi-dissiplinêre werkwysse van die voorligtingsdiens versamel word, word gesamentlik verwerk tot 'n persoonsbeeld aan die hand waarvan bemoeienis met 'n leerling gemaak word. Waar opsporingsondersoeke op uitvalle in die persoonstruktuur van leerlinge dui, word intensiewer individuele opsporingsondersoeke of individuele of gespesialiseerde ondersoeke uitgevoer met die doel om die leerling beter te leer ken en sy probleme te deurgrond met die oog op hulpverlening.

Hierdie hulpverlening geskied direk en indirek. Nadat 'n ondersoek deur die PMS-personeel afgehandel en die persoonsoortbeeld gesamentlik deur al die PMS-personeellede bespreek is, is dit die taak van die psigoloog-adviseur om direk met die leerling bemoediging te maak in 'n onderhoud, of indirek deur in onderhoud met die onderwyspersoneel van die betrokke "klasseraad" en die ouers. Vir algemene persoonstruktuurvoorligting is daar in België dus geen voorsiening gemaak nie. Persoonstruktuurvoorligting geskied slegs nadat in die opsporingsondersoek gevind is dat 'n leerling probleme ondervind. Die opsporingsondersoek dien dus ter uitkenning van probleme met die oog op voorkoming, bekamping en opheffing. Deur middel van die onderhoud wat met die leerling gevoer word, word hy (leerling) tot toereikende selfkennis gesteun.

8.3.4 Beheer en organisasie van skoolvoorligting ten aansien van beroepskeusevoorligting

In die bestudering van die beskikbare literatuur oor die voorligtingstelsel in België word deeglik beseft dat die diens daarop ingestel is om deur die uitoefening van psigologiese, mediese en sosiale voogdy oor al die leerlinge op sekondêre onderwysvlak, die leerlinge te begelei tot verantwoordbare beroepskeuse reeds aan die begin van die determinasiesiklus van die sekondêre onderwys. In daardie stadium reeds doen die leerling 'n finale studierigtingkeuse in ooreenstemming met die eise van die beroep wat hy gekies het. Weer eens is daar geen voorsiening gemaak vir algemene beroepsvoorligting nie, maar is die totale voorligtingsdiens afgestem op begeleiding van elke leerling tot 'n eie en verantwoordbare beroepskeuse. Die beseft het tot die PMS-sentra deurgedring dat as hulle leerlinge kan steun tot keuseverantwoordelikheid, sal die leerlinge na sistematiese selfondersoek van hul persoonsoortlikhede en selfstandige loopbaanstudie tot verantwoordbare sintese kan kom in hul studie- en beroepskeuses. Beroepskeusevoorligting is dus nie 'n aspek van voorligting wat aan die einde van 'n leerling se skoolloopbaan aandag kry nie, maar 'n kontinue gebeurte wat, reeds vanaf skooltoetrede ten nouste saamhang met die begeleiding ten aansien van onderwys- en persoonstruktuurvoorligting. Daarom word ywerig vertoë gerig om die PMS-werkterrein uit te brei om ook leerlinge in die primêre en selfs pre-primêre onderwys-fase in te sluit.

8.4 OPLEIDING VAN PERSONEEL VERBONDE AAN DIE VOORLIGTINGS=DIENS IN BELGIË

8.4.1 Inleiding

Die personeel van die voorligtingsdiens in België geniet elkeen 'n gespesialiseerde opleiding op sy eie terrein. Die psigoloog tree op as die hoof van elke sentrum en het as taak om die multi-dissiplinêr geskoolde personeel van sy sentrum te koördineer tot 'n hegte span. Vanweë die multi-dissipline-opset is daar 'n duidelike taakomskrywing ten aansien van elke personeellid se werk- en ondersoekterrein, en mag hierdie werkerterrein nie oortree word nie. Die doelmatigheid van 'n sentrum se werksaamhede hang ten nouste saam met die bekwaamheid van elke personeellid afsonderlik, die onderlinge agting van elkeen vir die ampsbevoegdheid van die ander en die onderlinge samewerking en goeie verhoudinge wat daarop gebou kan word.

In die literatuur waarop hierdie ondersoek gebaseer is, was geen uiteensetting van die besondere aard en inhoud van elke personeellid se opleiding beskikbaar nie. Gevolglik sal aan die hand van die omskrywing van die taak van elke afsonderlike personeellid gepoog word om enkele fasette van die onderskeie opleidingsprogramme toe te lig.

8.4.2 Die opleiding van die voorligting-psigoloog

Hoewel geen gegewens ten aansien van die aard en inhoud van die opleidingskursusse van beide die psigoloog van die PMS-sentra en die psigoloog van die SBO-diens, beskikbaar was vir vergelyking nie, is een van die weinige verskille tussen die twee instansies wat die voorligtingsdiens in België lewer, dat verskillende kwalifikasievereistes aan hulle gestel word. So moet 'n psigoloog vir aanstelling aan 'n SBO-diens beskik oor die "Bekwaamheidsertifikaat vir die amp van assistent insake beroepsoriëntering", terwyl 'n psigoloog vir aanstelling aan 'n PMS-sentrum akademies geskool moet wees tot op "licenciaat"-vlak (4 jaar universiteitsopleiding) (39, p. 49). Beide hierdie instansies se psigoloë moet in hul opleiding geskool word om opsporings-, individuele opsporings- en individuele en gespesialiseerde ondersoeke te doen en uit die bevindinge van die besondere ondersoek (in samewerking met die ander lede van die voorligtingspan) 'n persoonsbeeld saam te stel wat kan dien as basis vir die onderhoude wat met die leerlinge, hul ouers en klasonderwysers gevoer moet word. Terwyl die SBO-diens se werkopdrag slegs 'n psigometriese ondersoek en eenmalige verslag behels ten aansien van leerlinge wat na die diens verwys is of self om hulp kom aanklop, behels die PMS-sentra se werkopdrag met betrekking tot

die psigoloog dat hy verantwoordelik is vir kontinue psigologiese voogdy oor al die leerlinge in sy werkgebied. Hierdie voogdy impliseer opleiding in die begeleiding van die leerlinge en hul ouers en hul onderwysers ten aansien van die volwassewording van en hulpverlening aan die leerlinge.

8.4.3 Die opleiding van die sosiale-assistent van die voorligtingspan

Die sosiale voogdy oor die leerlinge berus by die sosiale-assistent van die voorligtingspan. Vir aanstelling in die pos moet 'n kandidaat in besit wees van die "Diploma van Maatschappelyk Assistent" (39, p. 49). Die opleiding moet voorsiening maak vir skoling in die opsporing van leerlinge met inskakelingsprobleme in die sosiale opset van sy skool, leerlinge met probleme ten aansien van interpersoonlike verhoudinge en leerlinge wie se gesinsomstandighede sodanig is dat dit 'n remmende uitwerking het op sy sosialisering en skolastiese prestasie. Dit lê ook binne die werkerterrein van die sosiale-assistent om ouers en onderwysers te begelei in hul bemoenings met bogenoemde leerlinge. Hoewel die sosiale-assistent kennis moet neem van die sosio-ekonomiese toestand van 'n gesin en die gesindheid tuis ten aansien van vryetydsbesteding, kulturele aangeleenthede, geskooltheid en verbetering van beroepsbekwaamheid, sluit die werkopdrag enige maatskaplike arbeid buite die skoolse verband uit.

8.4.4 Die opleiding van die mediese personeel van die voorligtingspan

Sedert 1962 is die mediese voogdy oor alle sekondêre skoolleerlinge, finale jaar primêre skoolleerlinge en alle primêre en sekondêre skoolleerlinge wat 'n pedagogiese agterstand vertoon, aan die mediese personeel van die PMS-sentra toegesê. Primêre skoolleerlinge ressorteer origens onder die "dienste vir mediese skooltoesig". Voorgenoemde mediese voogdy word behartig deur 'n medikus en verpleegster verbonde aan die onderskeie PMS-sentra.

Die medikus van 'n PMS-sentrum is 'n gekwalifiseerde medikus, maar vervul in die PMS-werkgebied slegs die funksie van voogter op opsporing, verwysing en opvolging van fisiese uitvalle en siektetoestande. Hy doen geen mediese behandeling nie. Hy verwys leerlinge na hul huisartse of die betrokke spesialis vir die nodige behandeling en oefen dan kontrole uit oor die welslae wat met sodanige behandeling behaal word. Die PMS-medikus doen skriftelik verslag aan die adviseur oor sy werksaamhede ten aansien van die opsporing van fisiese tekorte en

sy diagnose van elke leerling se gesondheidstoestand. In hierdie verslag evalueer hy die algemene gesondheidstoestand van 'n leerling, en die implikasies wat die besondere gesondheids=toestand vir die wordingsgebeure, leergebeure en beroepskeuse van die leerling het. Die mediese voogdy omvat ook die opsporing, bestryding en voorkoming van besmetlike siektes by skole.

Die verpleegster van die voorligtingsdiens moet in besit wees van die "Diploma Sociale Hygiëne" of "Diploma van Verpleegster Sociale Hygiëne" (39, p. 49). Sy dien as skakel tussen die medikus en adviseur van 'n PMS-sentrum enersyds en skoolpersoneel andersyds. Verder dien sy ook as hulp vir die medikus deur voor 'n ondersoek alle mediese verslae oor 'n leerling te evalueer, sensoriese en biometriese toetse af te neem, tydens die onder=soek die medikus by te staan, en na die ondersoek alle nuwe bevindinge te vergelyk met vorige bevindinge.

8.4.5 Die opleiding van die pedagoog verbonde aan die voorligtingspan

Onder die bedeling van die "Vernieuwde Secundair Onderwijs" is 'n pedagoog tot die personeel van die PMS-sentra toegevoeg om die bestaande personeel by te staan in die pedagogiese begeleiding van leerlinge en hul onderwysers. Hoewel beskikbare literatuur weinig gegewens oor die aard en omvang van hierdie pedagoog se werksaamhede bevat, is dit wel bekend dat hy opgelei moet wees om onderwys aan senior sekondêre leerlinge te kan gee (kyk hoofstuk 5). Verder is dit af te lei uit die beskikbare gegewens dat hy in die ortopedagogiek en ortodidaktiek geskoold moet wees om sy begeleidingsfunksie te kan vervul. Die beskikbare gegewens dui daarop dat die pedagoog van die PMS-sentra nie veel bemoeienis met leerlinge self maak nie. Sy taak lê eerder daarin om aan die onderwysers raad en advies te gee en behulpsaam te wees met die beplanning van ortodidaktiese en ortopedagogiese programme vir besondere leerlinge wat wordingsremminge en/of skolastiese agterstand vertoon. Die PMS-pedagoog se opleidingsprogram moet dus voorsiening maak vir skolling op voorgenoemde terreine van indirekte begeleiding.

8.5 DIE AARD EN INHOUD VAN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAMME

8.5.1 Inleiding

Dit is weer eens nodig om daarop te wys dat daar nie in die Belgiese voorligtingstelsel afsonderlik voorsiening gemaak word vir onderwys-, persoonstruktuur- en beroepskeusevoorligting nie. Tog word die drie terreine in die werksaamhede van die voorligtingspersoneel gedek as geïntegreerde geheel. Die

opsporingsondersoeke waaraan alle leerlinge in hul finale jaar aan die primêre skool onderwerp word, dien ter opsporing van uitvalle op enige van die drie genoemde terreine en die begeleiding gedurende die daaropvolgende jare aan die sekondêre skool is daarop gemik om elke leerling te steun om verantwoordbare onderwyskeuses te doen ooreenkomstig sy persoonsmoontlikhede met die oog op uiteindelijke beroepskeuse.

8.5.2 Aard en inhoud van onderwysvoorligtingsprogramme

Aangesien die eksperimentele fase van die vernuwing in die primêre en sekondêre onderwys in België suksesvol verloop het en die vernuwing tans uitgebrei word na al die onderwyssektore van die land, word daar vervolgens net aandag gegee aan die onderwysvoorligtingsprogramme in die lig van die vernuwings-tendense.

Die PMS-sentra beywer hulle daarvoor om reeds op pre-primêre en primêre onderwysvlak met leerlinge bemoëienis te maak ter voorbereiding vir die onderwyskeuses wat in die sekondêre skool-fase gedoen moet word. Sodanige bemoëienis sal nie soos tans die geval is, gemaak word as 'n leerling reeds 'n twee jaar skolastiese agterstand vertoon nie, maar sal meer afgespits wees op tydige hulpverlening ter voorkoming van onderprestaties. Daar is reeds in 'n mate voorsiening hiervoor gemaak in die vernuwingsprogram in die vorm van inhaalklasse en toegewings ten aansien van slaag/druipvereistes. 'n Leerling kan byvoorbeeld in die vakke waarin hy geslaag het, bevorder word terwyl hy in die vakke waarin hy nie geslaag het nie, inhaalklasse bywoon om sy standaard op peil te bring. Verder is daar oorgangsklasse geskep vir leerlinge wat die primêre skool-fase deurloop het, maar nog nie gereed is vir sekondêre onderwys nie. Ook by die oorgang van die observasie- na die oriëntasiesiklus, van die oriëntasie- na die determinasiesiklus en van die determinasiesiklus na tersiêre onderwys bestaan sulke oorgangsjare waarin leerlinge in klein klasgroepies met meer individuele aandag dus, voorberei word vir toetrede tot die hoër onderwysfase.

Onder die huidige vernuwing moet leerlinge aan die begin van hul sekondêre skool-loopbaan 'n beperkte keuse doen tussen enkele vakkombinasies. Gedurende die daaropvolgende jare word die verantwoordbaarheid van hierdie keuses geëvalueer en die keuse waar nodig aangepas by elke leerling se eie spesifieke begaafdheid en belangstelling. Die voorligtingspersoneel poog om die ouers en leerlinge te begelei tot selfkeuse deur aan hulle op oueraande inligting te verskaf insake die keusemoontlikhede, aard en inhoud van die vakkombinasies en die spesifieke begaafdheid en belangstelling wat vir elke vakkeuse vereis word.

Tydens onderhoude word voorgenoemde inligting in verband gebring met 'n leerling se persoonsmoontlikhede deur die leerling (en sy ouers) te steun tot selfkennis ten aansien van sy leer-tempo, eindprestasies, insig en belangstelling en werkingesteldheid in die lig van sy verwerklikbare moontlikhede.

Die belangrikheid van kontinue begeleiding van leerlinge ten aansien van onderwyskeuse, word bevestig deur die bevinding dat ruim 78 persent van die leerlinge met hul ouers se hulp verantwoordbare vakkombinasies kan kies nadat hulle voorgenoemde oriëntering deurgemaak het. 'n Verdere 10 persent is tot sodanige keuses in staat na individuele onderhoude terwyl 'n skrale 12 persent leerlinge op gespesialiseerde ondersoeke en terapie aangewese is ten einde eers belemmeringe op te spoor en op te hef sodat ook hulle tot selfkeuse in staat sal wees.

8.5.3 Die aard en inhoud van persoonstruktuurvoorligtingsprogramme

In voorgaande bespreking van die onderwysvoorligtingsprogramme is reeds enkele aspekte van die persoonstruktuurvoorligtingsprogramme aangeraak. In België is die voorligtingspersoneel sterk onder die besef dat onderwysvoorligting sonder grondige kennis van die leerling se persoonsmoontlikhede nie realiseerbaar is nie. Daarom behels die opsporingsondersoek voor toetrede tot die sekondêre skool verkenning van elke leerling se persoonsmoontlikhede en word dit in verband gebring met die gegewens wat ingewin word deur die sosiale-assistent en medikus van die PMS-sentra. Op 'n spanbespreking word al hierdie gegewens verwerk tot 'n persoonsbeeld wat dan as basis dien vir alle voorligtingsbemoenings met die leerling dwarsdeur sy sekondêre skool-loopbaan.

Daar is reeds aangetoon dat voorgenoemde persoonsbeeld nie net op die persoonlike lêer van elke leerling aangeteken bly nie, maar dat die leerling en sy ouers tydens onderhoude gesteun word tot toereikende kennis daarvan met die doel om leerlinge in staat te stel om aan die hand van hierdie selfkennis hul onderwyskeuse en uiteindelijke beroepskeuse te kan doen.

8.5.4 Die aard en inhoud van beroepskeusevoorligtingsprogramme

In die loop van die voorgaande besprekinge oor die aard en inhoud van onderwys- en persoonstruktuurvoorligting is daarop gewys dat die twee terreine van voorligting ten nouste saamhang met beroepskeusevoorligting. In die skoolvoorligtingspraktyk in België vorm die drie terreine van skoolvoorligting 'n integreerende geheel wat moeilik van mekaar geskei kan word in die

werkprogram van die voorligtingspersoneel. Die medikus is verantwoordelik daarvoor om in sy ondersoek ter opsporing van fisiese tekorte en siektetoestande ook 'n evaluering te doen van enige fisiese toestand wat implikasies mag hê vir 'n leerling se beroepskeuse en -beoefening. Ook die sosiale-assistent en psigoloog het die uiteindelijke beroepskeuse van elke leerling gedurig in gedagte tydens sy begeleiding van die leerling ten aansien van onderwyskeuses en persoonstruktuur=ontplooiing.

Daar word egter geen formele voorsiening gemaak vir beroepskeuse=voorligting in 'n vasgestelde werkprogram nie. Die aspek word kontinu bygebring in elke bemoeding met 'n leerling en kulmineer eintlik reeds tydens 'n leerling se toetrede tot die determinasie=siklus van die sekondêre onderwys. Die veronderstelling is dat met toereikende begeleiding ten aansien van onderwyskeuses en selfkenning die meeste leerlinge in staat sal wees om voor toetrede tot die determinasiesiklus reeds 'n verantwoordbare beroepskeuse te kan doen. Slegs 'n minderheidsgroep sal in daardie stadium nog nie voldoende toekomspektief hê om self=standig 'n studierigting te kies wat afgespits is op die beroep wat hulle kies nie.

Loopbaanstudie word deur die leerlinge onderneem in oorleg met die adviseur/psigoloog van die betrokke PMS-sentrum. Hierdie oorleg geskied aan die hand van die persoonsbeeld wat die PMS-personeel van 'n leerling verkry het en sy skolastiese agtergrond. Daar bestaan geen instansie in België wat verantwoordelik is vir die dokumentering van beroepsinligting nie. Tot 1963 was die opvatting dat daar in bylaes tot tydskrifte en dag- en weekblaai voldoende inligting beskikbaar is vir loopbaanstudie (30, p. 52). Intussen het die PMS-personeel elkeen sy eie dokumentasie behartig en sekere beroepsbrosjures saamgestel. Die gedagte om hierdie individuele arbeid tot voordeel van alle voorligters aan te wend, het gelei tot die besluit in 1963 om die beroepsinligting te giet in 'n standaard vorm en beskikbaar te stel as "Beroepsflashes". Die inisiatief hieraan verbode word steeds deur die PMS-personeel op vrywillige basis geneem.

8.6 SLCTOPMERKING

In hierdie ondersoek is die onderwys- en voorligtingstelsel van België beskryf aan die hand van gegewens wat beskikbaar was oor die ou gangbare en die jongste vernuwings-tendense. Die jongste vernuwing het pas in 1972 sy eksperimentele fase betree en hoewel daar nog geensins uitspraak gegee kan word oor die mate van sukses wat daarmee bereik word nie, dui die beskikbare gegewens veral ten aansien van die beplanning van V.L.O en V.S.O

dat dit 'n stap in 'n positiewe rigting is in die lig van die totale gesitueerdheid van elke leerling as toekomstige beroepsbeoefenaar in die huidige sosio-ekonomiese struktuur van 'n tegnologiese wêreld. Ten einde die vernuwing in die onderwys in België en die voortspruitende vernuwing in die werksaamhede van die PMS-sentra na waarde te kan skat, sal dit nodig wees om hierdie ondersoek na enkele jare op te volg.

L I T E R A T U U R L Y S

1. ALBRECHTS, J. Het PMS-werk: een dienst aan mens en gemeenschap. PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19(2), 1973.
2. ANDERSON, A. Het organiseren van activiteiten in de kleuterschool. Pedagogisch Forum, 9e jaargang No. 4, Apr. 1975.
3. BEIRNAERT, R. Het VSO in het Katholiek Onderwijs. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
4. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Eerste interim-rapport van het Begeleidingsteam, Projek V.L.O., s.j.
5. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Eindrapport: Commissie Strategie, Projek V.L.O., s.j.
6. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Het Buitengewoon Onderwijs (Informatieve brochure) 1973.
7. BELGIË. Minister van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Het kleuteronderwijs (in die reeks: Het Onderwijs in België,) 1963.
8. BELGIË. Instituut voor voorlichting en Documentatie. Het Onderwijs in België, in die reeks: Voorlichting over België, No. 4a, December 1967.
9. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Het Vernieuwd Secundair Onderwijs (Informatieve Brochure), 1971.
10. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Het Vernieuwd Secundair Onderwijs, (Praktische informatie), 1973.
11. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Interimrapport van het Begeleidingsteam, Projek V.L.O., Brussels, 1.11.73.
12. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Lager Onderwijs, 1961.

13. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Leidraad van het Hoger Onderwijs, 1963.
14. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Methodologie voor de Psycho-Medisch-Sociale Rijkscentra, 1966.
15. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Psycho-Medisch-Sociale-Centra en Diensten voor Studie en Beroepsoriëntering, 1 Mei 1970.
16. BELGIË. Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur. Tweede Interimrapport van het Begeleidingsteam, Projek V.L.O., Brussels, 15 Januari 1974.
17. BERVOETS, M., DE SMEDT-LAMMERS, S. en ROBBERECHT, H. Waarheen met het kleuteronderwijs? Pedagogische Week Jubileum (1947-1971). België: Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur, 1971.
18. BIJL, B. De integratie van kleuter- en basisonderwijs en de vormingstaken van de school. Pedagogisch Forum, 9e jaargang No. 1, Januari 1975.
19. CALLEBAUT, O. Antwoord op de bijdrae van R. Creyf: "Het PMS-werk op zoek naar een eigen identiteit", PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19(2), 1973.
20. CHRISTIAENS, F. Historiek van de Pedagogisch Week (1947-1971), Pedagogische Week Jubileum, België: Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur, 1971.
21. CLAEYS, P.C. Randdiensten voor onderwijsbegeleiding, Persoon & Gemeenschap, 25(6), 1973.
22. CORTEBEEK, L. DERYCKERE, F. en HUMBLET, A. Waarheen met het lager onderwijs? Pedagogische Week Jubileum (1947 - 1971). België: Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur, 1971.
23. CREEMERS, B., RISPENS, J. en VAN VILSTEREN, K. De integratie van kleuter- en basisonderwijs: enige problemen nader belicht, Pedagogisch Forum, 9e jaargang, Junie 1975.

24. CREYF, R. Het PMS-werk op zoek naar een eigen identiteit. PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19(1), 1972.
25. DE GRAEVE, Chr. De Leerkrachtenopleiding in België. Pedagogische Studiën, Vol 49, 1972.
26. DE KEYSER, C.C. Het Belgisch secundair onderwijs op een beslissend keerpunt. Van hiërarchische over multilaterale naar comprehensieve structuren. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
27. DEMAN, C. Enkele bedenkingen in verband met de PMS-Centra. PMS-Leven, V(4), 1973.
28. DERIVIERE, R. Beschouwingen over de Synoptische tabellen van het PMS-Centrum: IV De tussenkomsten van het PMS-Centrum. Informatieblad, Maart 1968.
29. DERIVIERE, R. De samenwerking tussen de scholen en de PMS-Centra. Informatieblad, April 1966.
30. DERIVIERE, R. Fase 1963 in de ontwikkeling van de Psycho-Medische-Sociale Rijkscentra. Persoon en Gemeenschap, XVI^e jaargang, Nrs. 4, 5 en 6.
31. DESOMER, A. De PMS-Centra en de vernieuwing van het onderwijs. Informatieblad, 5(2), Des. 1970.
32. JANSEN, W. De Antwerpse Middenschool. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
33. LEVARLET, H. Leidraad bij de schoolstelsels: België, Staatsburg, 1966.
34. MESOTTEN, W. PMS-werk - Bydrage tot vernieuwing in onderwijs en opvoeding, PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19 (2), 1973.
35. MOORS, A. Een kwarteeuw vernieuwing, Pedagogische Week Jubileum (1947-1971), België: Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandse Cultuur, 1971.
36. MUSSCHOOT, F. Handleiding by het observatiedossier. (Inlichtingstuk: mnr. J.B. Haasbroek.)
37. SACRÉ P. Begeleiding vanuit de samenwerking school-PMS, PMS-Leven, VI(1), 1974.

38. SPOO, M. Het PMS-werk. Algemene taakomschrijving en concrete opdracht. PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19 (2), 1973.
39. SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die Komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na Skoolvoorligting as geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die RSA en vir SWA, Deel I. Pretoria, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
40. VAN DEN BROEK, D. Begeleiding van het Onderwijs. Tijdschrift voor Opvoedkunde, 16 (6), 1970-71.
41. VAN DEN DRIESSCHE, F. en LAGROU, L. Opinieonderzoek over terrein-afbakening van de taak van de psycholoog de maatschappelijk werker in de PMS-centra, PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 16 (2), 1970.
42. VAN DEN VOORDE, D. Het PMS-werk en de vernieuwing in het onderwijs. PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19 (2), 1973.
43. VAN HERCKE, J.J. Nieuwe organisatie van de inhaallessen in het eerste jaar van de observatie- en oriëntering-cyclus. Informatieblad, April 1966.
44. VAN HOREBEEK, G. Begeleiding van het VSO door de coördinatoren. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
45. VERBEEK, J. Begeleiding van het VSO vanuit een PMS-centrum. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
46. VERBEEK, J. Het Psycho-Medisch-Sociaal werk in België. Pedagogisch Forum, Vol 6, 1972.
47. WAES, D. Moeilijkheden bij het PMS-werk. PMS-tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal werk, 19(2), 1973.
48. WIELEMANS, W. Ruimte voor het technisch humanisme in het VSO. Pedagogisch Forum, Vol 7, 1973.
49. Het PMS-Centrum (Informatiestuk: Mnr. J.B. Haasbroek.)

RGN PUBLIKASIES SEDERT 1 JULIE 1975

HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JULY 1975

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek-dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS / HISTORY

FERREIRA, O.J.O. Geschiedenis, Werken en Streven van S.P.E. Trichardt, Luitenant Kolonel der Vroegere Staats-Artillerie ZAR Door hemzelve beschreven. 1975. R7,60.

CHURCHOUSE, G. Genealogy Publication No. 4. The Reverend Francis McClelland, Colonial Chaplain to Port Elizabeth 1825 - 1853. A family history. 1976. R6,65.

ELOFF, C. Bronnepublikasie No. 4. Oorlogsdagboek van H.S. Oosterhagen. 1976. R3,35.

INLIGTING / INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 3 No. 3. Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. R5,50.

HUMANITAS - Vol. 3 No. 3. Journal for research in the human sciences. R5,50.

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.
ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis

IN-26 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes. RGN Voorligtingsreeks VR-7. 1976. R3,50.

IN-27 GEGGUS, C. Awards available for undergraduate study at South African universities for Whites. HSRC Guidance Series GS-7. 1976. R3,50.

KOMMUNIKASIE / COMMUNICATION

KOMM-6 BARNARD, H.J. Stereotiepe as sosiaalsielkundige ver=skynsel : 'n Literatuuroorsig. 1975. R4,75.

MANNEKRAG / MANPOWER

MM-52 WESSELS, D.M. Manpower requirements and utilization of women: the views of fifty employers in nine major industry groups. 1975. R1,70.

MM-53 BOSHOFF, F. Raming van die ekonomies bedrywige en totale bevolking van die Saldanhabaaigebied en die Saldanha=baaistadskompleks vir 1980 en 1990. 1975. R2,05.

MM-55 EBERSOHN, D. Die ingenieurs in die RSA. 1975. R2,15.

MM-56 VERMAAK, J.A. Die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA : Deel II. 1975. R5,95. (Statistiese bylae ingesluit).

MM-57 BOSHOFF, F. Raming van die Newcastle-gebied se ekonomies bedrywige en totale bevolking volgens beroepsgroep vir 1980. 1976. R1,15.

MM-58 WOLMARANS, C.P. Die arbeidsituasie en werkgesindheid van die Kleurlingman in die Kaapse Skiereiland. 1976. R3,20.

Talentopname / Talent Survey

MT-29 VAN ASWEGEN, I.G. 'n Empiriese ondersoek insake koëdukasie - enkelgeslagskole teenoor koëdskole. 1975. R2,80.

MT-30 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Research Findings - 1974. 1975. R1,20.

MT-31 VAN VUUREN, D.P. 'n Psigodiagnostiese studie van 'n groep leerlinge met beroepskeuseprobleme. 1975. R2,10.

MT-32 ENGELBRECHT, S.W.B. Akademiese prestasie van intellek= tueel bogemiddelde leerlinge - Deel vyf: 'n Vergelykende onder= soek van faktore wat verband hou met die eksamenprestasie van seuns en meisies. 1975. R1,90. (Uit druk).

MT-33 COETZEE, C.J.S. Handelonderwys vir meisies: 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,80.

MT-34 BOTES, W.L. Wiskundige begaafdheid : 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,05.

NAVORSINGSONTWIKKELING / RESEARCH DEVELOPMENT

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.

RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Verskyn twee keer per jaar.

RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-index van Afgehandelde Navorsing 1969 - 1974. 1976.

Kwic Index of Completed Research 1969 - 1974. 1976.

OPVOEDKUNDE / EDUCATION

O-12 HAASBROEK, J.B. Aids in the school context. 1975. R1,40.

O-13 HUMAN, P.G. The aims of Mathematics instruction and the problems in connection with innovation in respect of the teaching of this subject in South Africa. 1975. R0,90.

O-16 ENGELBRECHT, S.W.H. The school textbook - a didactical-pedagogical study. 1975. R2,05

O-20 Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en tot Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika - Deel III :

O-20 Report of the Committee for Differentiated Education and to Guidance in connection with a national system of education for handicapped pupils at pre-primary, primary and secondary school level with reference to school guidance and other ancillary services as integrated services of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa: Part III :

O-20 Volume 1. ENGELBRECHT, S.W.H. 'n Nasionale onderwysstelsel vir serebraal gestremde leerlinge. 1975. R1,70.

O-20 Volume 1. ENGELBRECHT, S.W.H. A national system of education for cerebral palsied pupils. 1975. R1,35.

- 0-21 Volume 2. NEL, A. 'n Nasionale onderwysstelsel vir epileptiese leerlinge. 1975. R1,55.
- 0-21 Volume 2. NEL, A. A national system of education for epileptic pupils. 1976. R2,10.
- 0-22 Volume 3. VENTER, H.C.A. 'n Nasionale onderwysstelsel vir swaksierende leerlinge. 1975. R1,35.
- 0-22 Volume 3. VENTER, H.C.A. A national system of education for partially sighted pupils. 1975. R1,05.
- 0-23 Volume 4. GROENEWALD, F.P. 'n Nasionale onderwysstelsel vir blinde leerlinge. 1975. R3,25.
- 0-24 Volume 5. GOUWS, M. 'n Nasionale onderwysstelsel vir dowe leerlinge. 1975. R2,25.
- 0-24 Volume 5. GOUWS, M. A national system of education for deaf pupils. 1975. R1,60.
- 0-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. 'n Nasionale onderwysstelsel vir swakhorende leerlinge. 1975. R2,15.
- 0-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. A national system of education for hard-of-hearing pupils. 1976. R3,30.
- 0-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. 'n Nasionale onderwysstelsel vir liggaamlik gestremde leerlinge. 1975. R2,20.
- 0-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. A national system of education for physically handicapped pupils. 1976. R2,80.
- 0-27 Volume 8. MAAT, S.J. 'n Nasionale onderwysstelsel vir verstandelik gestremde leerlinge. 1975. R2,10.
- 0-27 Volume 8. MAAT, S.J. A national system of education for mentally handicapped pupils. 1975. R1,80.
- 0-28 Volume 9. NEL, A. en STRYDOM, A.E. 'n Nasionale onderwysstelsel vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge. 1975. R2,95.
- 0-28 Volume 9. NEL, A. and STRYDOM, A.E. A national system of education for pedagogically neglected (behaviourally deviant) pupils. 1975. R2,30.
- 0-33 ENGELBRECHT, S.W.H. Onderwys en skoolvoortligting vir serebraal gestremde leerlinge. 1975. R3,30.

- 0-34 NEL, A. Onderwys en skoolvoorligting vir epileptiese leerlinge. 1975. R2,35
- 0-35 VENTER, H.C.A. Onderwys en skoolvoorligting vir swaksierende leerlinge. 1975. R3,15.
- 0-36 GROENEWALD, F.P. Onderwys en skoolvoorligting vir blinde leerlinge. 1976. R6,80.
- 0-37 GOUWS, M. Onderwys en skoolvoorligting vir dowe leerlinge. 1975. R3,50
- 0-38 LOMBAARD, S.G. Onderwys en voorligting vir swakhorende leerlinge. 1975. R3,55
- 0-39 ENGELBRECHT, S.W.H. en SPIES, P.G. VAN Z. Onderwys en skoolvoorligting vir liggaamlik gestremde leerlinge. 1975. R2,45
- 0-40 MAAT, S.J. Onderwys en skoolvoorligting vir verstandelik gestremde leerlinge. 1975. R4,20
- 0-41 NEL, A. Onderwys en voorligting vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge. 1976. R2,95

0-42 HATTINGH, D.L. Geprogrammeerde onderrig. 1975. R2,35

PSIGOMETRIKA / PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse - 1976. Gratis

Catalogue of tests - 1976. Gratis

P-10 ERASMUS, P.F. A survey of the literature on Bantu personality with particular reference to TAT and Depth perception investigations. 1975. R2,20.

P-12 SWART, D.J. Design and standardization of the aptitude tests for school beginners. 1975. R3,50.

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE / SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY

S-36 GROENEWALD, D.C. Immi- en emigrasie in Suid-Afrika - Deel 1: 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte. 1975. R5,30.

S-38 VAN DER BURGH, C. Drugs and South African Youth. 1975. R2,05. (Out of print).

S-40 LÖTTER, J.M. and VAN TONDER, J.L. Aspects of fertility of Indian South Africans. 1975. R1,55.

STATISTIEK / STATISTICS

WS-15 STEENKAMP, C.J. Onderwystersdensedense - Statistiek sedert 1910. A₁ Universiteite vir Blankes. 1975. R3,50.

TAAL, LETTERE EN KUNDE. / LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

TLK/L-4 HAUPTFLEISCH, T. Research into the position of the official languages in the educational system of Whites in South Africa. 1975. R2,95.

NAAMKUNDEREKES NR. 4 RAPER, P.E. Pleknaamkundige Praktyk
ONOMASTICS SERIES NO. 4 Toponymical Practice.
1975. R2,85.

GERDA FOURIE Bronnegids vir Musiek - 1971. Source Guide for Music - 1971. 1975. R7,15.

VAN DE GRAAF, J. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde 1972. Nuwe Reeks, Deel 3. 1975. R4,70.

RAPER, P.E. Bronnegids vir Toponimie en Topologie / Source guide for Toponymy and Topology. Naamkundereeks Nr. 5 / Onomastics Series No. 5. 1975. R15,00.

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD /
PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

OOSTHUIZEN, G.C. Pentecostal penetration into the Indian community in metropolitan Durban, South Africa. HSRC Publication Series No. 52. University of Durban-Westville. 1975.

BADENHORST, H.J. Die leerwêreld van die Bantoe-kind as beleweniswêreld. RGN Publikasiereeksno. 53. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria 0001. 1975.

DE VILLIERS, D.R. Teologiese opleiding vir Wit en Swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. RGN Publikasiereeksno. 54. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria 0001. 1975.

VAN WYK, W.C. (Ed) Studies in Old Testament Prophecy. Die Oud-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pro Rege, P.O. Box 343, Potchefstroom 2520. 1975.

KEMPF, D. A bibliography of Calviniana 1959 - 1974.

Institute for the Advancement of Calvinism, PU for CHE,
Potchefstroom, 2520. R10,00.

STRASSBERGER, E. Ecumenism in South Africa, 1935 - 1960, with
special reference to the Mission of the Church. 1974. South
African Council of Churches, P.O. Box 31190, Braamfontein 2017.

ESTERHUYSEN, M. South Africa's First Gold Coin. 1976.

National Cultural History and Open-Air Museum, Pretoria.

ESTERHUIZE, W.P. Wetenskap en Maatskappy. 1975. Publikasie=
reeks van die Randse Afrikaanse Universiteit BS. Johannesburg.

doc no 36149

copy no 36155

127

127

R G N
BIBLIOTEEK

H S R C
LIBRARY

ISBN 0 86965 350 4

V&R Pta.